
# Vrye Weekblad

16 - 22 APRIL 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)

RSA oorsig 28
Poglied, 29
Shoah, 37
Holocaust



**DIE REKENAARBOM-KONNEKSIE:**
## Die Pool Walus se fanatiese makkers

**GEWELD:**
**die ANC saai wat Yengeni maai**

**Só voel die townships**

**TOKYO SEXWALE,**
**Hani se opvolger**

Die lelike gesig van Yeltsin

Bapsfontein in Hillbrow


# INHOUD N° 216

16 - 22 April 1993

Voorbladfoto: SALLY SHORKEND



**4 - 12** Die sluipmoord verlede Saterdag op **Chris Hani,** die Sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty, het skokgolwe deur die land gestuur. *Vrye Weekblad* bring hulde aan Hani, vertel van die reaksie van gewone mense en bekyk die invloed van sy dood op die onderhandelinge




**13 - 14 Bapsfontein in Hillbrow:** in die hartjie van nie-rassige, kosmopolitaanse Hillbrow is daar 'n kroeg wat 'n mens herinner aan die ou, eksklusiewe wit Suid-Afrika. ESMA ANDERSON en fotograaf SALLY SHORKEND het by Taffy's in die Belmont Hotel - "die enigste wit bar in Hillbrow" - gaan inloer

**19 - 22** Dekades lank het die VSA kommunisme in Rusland en die Sowjet-Unie probeer ondermyn. Maar noudat die kans aangebreek het om 'n splinternuwe verhouding met **Rusland** op te bou, verbrou die Amerikaanse regering alles omdat dit geen helder begrip het van wat werklik in Rusland aangaan nie - en geen werkbare beleid jeens 'n post-kommunistiese Rusland het nie, skryf STEPHEN F COHEN.

**37** Andrea Vinassa het met die Noord-Europese rolprentster **Liv Ullman** in 'n hamburger-restaurant gesels


**OMGEWING**

18 JOU VAKANSIEHUIS LANGS DIE SEE WORD BEDREIG
EKSOTIESE MARIENE-ORGANISMES WEK KOMMER

**SPORT**

23 SNOEKER: SKAAK MET BALLETJIES
REGSTELLENDE SPORTAKSIE DEUR TIM SANDHAM

**RUBRIEKE & MENINGS**


3 VRYDAGOGGEND
SAAM MET MAX DU PREEZ
15 BRIEWE VAN ONS LESERS
16 BROLLOKS
32 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM
33 KLIPOOG OOR DIE WEEK SE TV

**BOEKE**

28 'N INTERNASIONALE BLIK OP SUID-AFRIKA
29 WILLIAM PRETORIUS RESENSEER CAMILLE PAGLIA SE JONGSTE BOEK

**KUNS EN VERMAAK**

24 BALLETRESENSIES
25 'N REQUIEM VIR OPERA IN DIE KAAP
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN OOR DURAN DURAN
26 ANC SE DEPARTEMENT VAN KUNS EN KULTUUR SE KONVENSIE
DIE POLISIE-KONSERT
27 TRACY PAYNE: 'N HEN ONDER DIE HANE
30 SLOWHAND HET NOG STEEDS DIE BLUES
34 RUSTLER'S VALLEY: MAANLIG, MUSIEK, MAMPOER
35 TEATERRESENSIES
36 *AFTER LOVE* EN *SALT ON OUR SKIN* - FEMINISTIESE FILMS?
38 VRYE KEUSE EN ROLPRENTGIDSE


### VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR

Dink tog dié week so tussen al die donker nuus en paranoia aan die lot van verslaggewers en fotograwe. Dieselfde mense wat dié week op TV1-nuus as "aasvoëls" beskryf is, het dag vir dag sedert laas Saterdag hul lewens gewaag om die publiek te kan inlig oor wat rondom die moord en die protes daarna gebeur het. Hulle lewe 'n gevaarlike, onder-betaalde lewe. Maar sonder hulle sal ons nie weet wat in ons eie land en gemeenskap aangaan nie. As jy volgende keer 'n joernalis of fotograaf teëkom, wys tog 'n bietjie vriendelikheid?


Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk
(Reg. No. 88/4016806).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838- 5901

**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879



**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** Andrea Vinassa (kuns), Ina van der Linde
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** Hennie Serfontein
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**VERSLAGGEWERS:** Christelle Terreblanche, Esma Anderson, Wally Mbhele, Chari Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler
**OMGEWINGSKONSULTANT:** Tienie du Plessis
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Nicolette Viljoen
**FOTOREDAKTEUR:** Sally Shorkend

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING ):** Lille van der Walt

**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

# so sê hulle

"Ek is kwaad. Retha het die regte ding gedoen, sy het gedoen wat enige normale mens sou doen."
**DAAN HARMSE** *(wie se vrou, Retha, 'n ooggetuie was van die sluipmoord op Chris Hani en die vermeende moordenaar Janusz Walus se nommerplaat aan die polisie verstrek gegee het) oor die dreigemente wat hulle uit regse geledere ontvang het*


"Dit is menslik om te huil en om kwaad te wees. 'n Mens moet egter baie versigtig wees wanneer jy sekere aksies begin dat jy nie toelaat dat emosies buite beheer raak nie. Emosie is Suid-Afrika se vyand nommer een."
**DR TERTIUS DELPORT,** *waarnemende minister van Wet en Orde*

"Ek gee oor. Ons kan niemand meer bedwing nie."
*'n ANC-beampte Woensdag in Kaapstad waar die massa-optog handuit geruk het*

"'n Blanke man het die sneller van die moordwapen getrek. Maar ons moet ook onthou dat 'n blanke vrou Hani se moordenaar help vastrek het."
**NELSON MANDELA,** *president van die ANC, voor Chris Hani se huis Dinsdag in 'n oproep op die skare om gedissiplineerd op te tree*

"Ek sê vandag aan u dat Joe Slovo die volgende mens is wat ons gaan vermoor. Sy naam is bo-aan die Kaapse Wit Wolwe se lys."
**JOHAN STEYN,** *'n woordvoerder van die Wit Wolwe uit De Aar, waar hy gesê het dat Janusz Walus, vermeende moordenaar van Chris Hani, die Wit Wolwe ondersteun het*

"Selfs as hy betrokke was by moord, is hy te intelligent om dit op so 'n primitiewe manier te doen. As hy die moord beplan het, sou hy nie sy eie motor bestuur het en sy eie pistool gebruik het nie."
**TADEUSZ WALUS,** *pa van die vermeende moordenaar van Chris Hani, Janusz Walus.*




Dov Fedler in *The Star*

# het jy geweet?

Duisendpote het nie werklik duisend pote nie, maar op die meeste so 710 ('n Suid-Afrikaanse spesie). Hulle skei terloops 'n giftige gas af wanneer hulle bedreig word. 'n Versamelaar is al dood omdat hy in 'n kamer vol gevange duisendpote geslaap het.

Sommige goudvissies kan langer as 40 jaar leef.



# vrydagoggend
## MET **MAX DU PREEZ**

# Kyk deur die rook na die lig

**DIE** noodlot het dié week 'n spieël voor Suid-Afrika gehou sodat ons kan sien wie ons werklik is.

Dit was nie 'n mooi gesig nie, maar dit is darem nie so lelik soos Bosnië-Herzegovina of selfs die Midde-Ooste nie.

Die sluipmoord op Chris Hani was 'n verskriklike ding op 'n baie gevaarlike tydstip. Die reaksie onder jonger township-inwoners kon nie erger gewees het as dit Nelson Mandela of enige ander leier was nie. Dit was dus voor die hand liggend dat daar wilde en diep emosies sou wees. Dit was ook te wagte dat só 'n tyd van rou en woede ook ou, opgekropte woede en ontevredenheid oor apartheid, werkloosheid, swaarkry en geweldpleging na die oppervlakte sou bring.

En toe was iets wat Suid-Afrika se ergste nagmerrie moes wees, nie juis 'n nasionale katastrofe nie. Ek weet dit klink sinies, maar dit bly waar dat seker by die twee miljoen mense landwyd aan hoogs emosionele optogte en vergaderings deelgeneem het en net tien is dood. Die skade is ook baie kleiner as wat dit op soortgelyke dae in die laat 1970's en die vroeë 1980's was.

(Miskien is een rede waarom die dodetal relatief klein is, dat die polisie dié keer aansienlik meer beheers opgetree het as in vorige massa-optredes. Aan die ander kant was die helfte van die lyke die gevolg van die enkele keer wat die polisie kop verloor en net geskiet het - by Protea-polisiekantoor in Soweto.)

Wat ons gerus behoort te stem, is dat 99 persent van die mense wat aan die massa-aksie deelgeneem het, hulself waardig gedra het.

Wat ons verder gerus behoort te stel, is dat nasionale swart leiers die ekstra myl geloop het om vrede te probeer bewaar. 'n Mens dink veral aan Nelson Mandela en Desmond Tutu.

**WAT ONS BEKOMMERD** behoort te maak, is dat daar 'n paar streeksleiers van die ANC was wat die leiding van die topbestuur verwerp en in elk geval hul wraaksugtige boodskappe na hul volgelinge gestuur het. Hier dink 'n mens veral aan Tony Yengeni van Kaapstad en Harry Gwala van Pietermaritzburg, en talle van die Jeugliga-leiers.

Die ANC se uitvoerende komitee sal dié moeilike kopseer gou moet oplos. Mandela het die laaste paar dae herhaaldelik aan volgelinge gesê hulle is die "government in waiting", en as dit waar is, mag ons meer van die ANC verwag as om dwarstrekkerige, gewelddadige elemente toe te laat om streke en groepe te kaap.

Maar die grootste skrik wat ek gekry het toe ek in die spieël kyk, was die houding van baie witmense en die reaksie van die regering.

Die meeste gewone wit Suid-Afrikaners keur sekerlik die sluipmoord af, maar ek was verstom om te sien en te hoor hoeveel witmense hul vreugde daaroor uitgespreek het of hulle daarin verlustig het.

Ek het geweet die regse partye is vol haat en vrees en rassisme, maar ek was steeds verbaas toe die een na die ander regse organisasie uitgekom het en die daad goedgepraat of die moordenaar as 'n soort held beskou het. Vier dekades van apartheid het dié mense meer ontmenslik as wat ek gedink het. Selfs die Konserwatiewe Party se flou verdoeming het 'n mens - en beslis hul ondersteuners - laat voel hulle is nie té ongelukkig daaroor nie. Daarenteen was die Afrikaner Volksunie se reaksie die beskaafde en korrekte een.

**HET DIE REGSES** vergeet wat die gees onder Afrikaners was toe Hendrik Verwoerd vermoor is? 'n Swart organisasie of leier wat toe opgestaan het en gesê het Tsafendas is 'n held of 'n politieke gevangene en die moord was geregverdig, sou 'n bloedbad veroorsaak het.

Die Staatspresident en die regering se reaksie was teleurstellend. Vir 'n vryheidsvegter het Hani 'n trotse rekord gehad. Hy was 'n simbool vir miljoene, en die laaste jaar of twee was hy die één leier wat die onstuimige jeug en radikale saam in die vredesproses en 'n onderhandelde skikking kon inneem. De Klerk se aanvanklike reaksie was dalk korrek, maar dit was klinies en koud, en sy reaksie ná Woensdag se geweld was ongelooflik naïef en gevaarlik.

Ons het na Mandela op TV gekyk en 'n roerende boodskap van vrede, versoening en beheersing gekry. Ons het na De Klerk op TV gekyk en hy het gedreig met noodtoestande en nog polisiemanne.

Dit lyk of De Klerk nie mooi verstaan wat gebeur en gebeur het nie. Kan hy nog só ver verwyder wees van die gevoelens van die meerderheid in Suid-Afrika? Het hy gedink hy kan nog mense soos dié wat Woensdag gemars het, dwing om toestemming te vra om te vergader? Wat gaan hy maak as hulle nie wil nie, hulle doodskiet? Dit was 'n tipiese PW Botha-reaksie: visieloos, gevoelloos en kragdadig.

**DE KLERK EN SY** ministers se pap houding jeens die regse militantes het ook nie juis 'n bydrae tot vrede en gerusstelling gemaak nie.

Barend Strydom, die man wat swartmense op Strijdomplein voor die voet afgemaai en toe vergewe en vrygelaat is, het dié week die sluipmoordenaar geprys en sommer 'n nuwe dodelys uitgevaardig. Die Orde Boerevolk, die AWB, die Wêreld Apartheidsbond en ander splintergroepe het ewe moordlustig tekere gegaan, en daar het tot dusver g'n haan daarna gekraai nie. Swartmense kyk daarna en onthou die wit- en regeringshisterie oor Apla, en kom tot een slotsom: die regering gee meer vir wit lewens om as vir swart lewens.

Is dit nie interessant nie dat die SAP dié week aangekondig het dat hulle met 'n soektog na die wapens begin het wat destyds deur Piet Rudolph, deesdae ook 'n vry man en prominente politieke leier, gesteel is?

**MAAR AS ONS** dit alles gesê het, dan staan dit steeds vas dat een van die ergste moontlike dinge laasweek met Suid-Afrika gebeur het, en vandag is die lewe amper weer normaal. Dit kon baie, baie erger gewees het.

Dis nie noodwendig juis logies of rasioneel nie, maar dit bly steeds 'n feit soos 'n paal: die onderhandelingsproses sal nou in versnelrat gesit moet word, of daar is moeilikheid. Die luukse van weke aaneen sit en kibbel is nou verby.

Ons moet in die volgende weke ooreenstemming kry oor hoe ons veiligheidsmagte en die ander leërs beheer gaan word, en ons moet 'n teikendatum vasstel vir wanneer ons stembus toe gaan. Die regering en politieke partye kan verduidelik en mekaar warm praat soos hulle wil oor hoekom dit nie moontlik of wys is nie, maar die realiteite van Suid-Afrika het hulle nou verbygesteek. Die regering is vandag in 'n veel swakker onderhandelingsposisie as wat hy ooit was.

As die naweek en Maandag se begrafnis nie erger verloop as Woensdag se gebeure nie en die verskillende partye besef die erns van die nuwe situasie, dan gaan ons dalk eendag terugkyk en sê Hani se dood was 'n tragedie, maar dit het ons aangehelp op die pad na demokrasie en versoening.

# watter bittere, bittere ironie!



*"I don't accept people calling for war. I don't accept the PAC's talk of the Year of Great Storms, because I feel we have achieved something in this country where those who have oppressed us in the past are actually talking to us and showing readiness to negotiate for democratic elections. I told these people today: every member of the ANC should be a combatant, but this time a fighter for peace."*

**DIT WAS VAN** die laaste woorde wat Chris Hani in die openbaar geuiter het. Die dag voor sy dood het hy aan die koerant *New Nation* gesê die self-defense units in die townships moet ontbind word en met 'n "African Peace Corps" vervang word.

Vir veral wit Suid-Afrikaners was dit verrassende uitsprake van 'n man wat gesien is as die aartsvyand, hoof-kommunis en geweldenaar.

Net die week tevore het die polisie 'n storie op die goedgelowige Sondagblad *Rapport* geplant dat Hani en Winnie Mandela besig is om Umkhonto we Sizwe en Apla saam te snoer in 'n Black People's Army wat van die ANC sou wegbreek om die revolusie voort te sit. Dié stuk propaganda en disinformasie kon selfs tot die klimaatskepping vir die moord bygedra het.

Miljoene swart Suid-Afrikaners het hom gesien as 'n held. Daar was niemand in die swart politiek - en dit sluit die PAC en Azapo in - wat so onwrikbaar deur die jeug en die meer militante groepe aangehang is as Hani nie. En Hani het geweet dat dit sy rol is om te speel, al was hy volgens vriende en kennisse - en uitsprake die laaste twee jaar - glad nie inherent "militant" nie.

Hani was die ANC se geheime wapen om die moeilike jeugliga en die krapperige voormalige guerrillas saam in die vredesproses en die kompromieë van onderhandeling in te neem.

Dit is 'n bittere, bittere ironie dat dit juis dié man was op wie soveel hoop vir versoening en vrede gevestig is, deur wit regses doodgeskiet moes word - en juis in die week wat hy sy dapperste uitlatings oor vrede en versoening gemaak het.

Nog 'n ironie: 'n Paar dae nadat Hani verklaar het dat die PAC en Apla "geïsoleer" moet word weens hul voortgesette geweld, is hy vermoor - en toe begin sy volgelinge sê Apla was reg om wraak te neem op witmense.

**HANI SE DOOD** het Suid-Afrika nader aan die afgrond gebring as ooit sedert Uniewording in 1910.

Op ses dae na is die Amerikaanse burgerregteleier Martin Luther King presies 25 jaar gelede ook deur 'n wit regse doodgeskiet. Dié sluipmoord het Amerika ook soos 'n bliksemstraal getref en is deur geweld gevolg waarin dertig swartmense dood is.

Maar King se lewe en ook sy dood het gehelp dat Amerika vinnig vordering kon maak na 'n meer regverdige gemeenskap. King word vandag deur die hele Amerika as 'n held vereer.

Miskien kan ons hoop dieselfde gaan gebeur met die lewe en dood van Chris Hani. Daar is heelwat mense wat ooreenkomste tussen die twee figure sien.

Op 3 April 1968, minder as 24 uur voor sy sluipmoord, het King iets gesê wat mense aan Hani herinner, hoewel Hani nie bekend was as Christen nie:

"We've got some difficult days ahead. But it really doesn't matter with me now. Because I've been to the mountaintop. I won't mind. Like anybody, I would like to live a long live. Longevity has its place. But I'm not concerned about that now. I just want to do God's will.

And He's allowed me to go up to the mountain. And I've looked over, and I've seen the Promised Land. I may not get there with you, but I want you to know tonight that we as a people will get to the Promised Land.

So I'm happy tonight. I'm not worried about anything. I'm not fearing any man."

# Janusz Walus se fanatiese kamerade

Die Pool Janusz Jakub Walus, wat vir die sluipmoord op Chris Hani aangehou word, het nié alleen opgetree nie. Daar word nou geglo dat hy deel was van dieselfde groep fanatici wat in 1990 bomme in Pretoria en Durban geplant het. MAX DU PREEZ ontleed die stukke en brokke getuienis en die tergende vrae wat onopgelos bly



'n Familiefoto van Janosz Walus (links) en sy pa wat vier jaar gelede geneem is. (Foto: AP)



Henry Martin



Adrian Maritz tydens sy eetstaking

**JANUSZ WALUS** is deur Adrian Maritz en Henry Martin, wat vir die Bloedstraatbom in Pretoria in Augustus 1990 en die PC Plus-bom in Oktober 1990 verantwoordelik was, gewerf as lid van 'n terroristesel onder die vaandel van die Wêreld Apartheidsbeweging (WAB) van Koos Vermeulen, sê hoë regse bronne.

Die WAB het onlangs 'n ander Poolse ondersteuner, ene Potrebowski, terug Pole toe gestuur om 'n tak van die organisasie daar te stig en geld in te samel.

Die WAB is ook in Vlaandere, Amerika en Duitsland bedrywig en spog dat hulle 25 internasionale takke het. 'n Groot aantal van die WAB-lede in Suid-Afrika se lede is Oos-Europese immigrante. Martin self is 'n Britse burger en Maritz is met 'n Britse burger getroud.

Die WAB se Vermeulen het dié week aangekondig dat sy organisasie Walus se regskoste gaan betaal. Die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste en die Afrikaner Fasciste val ook onder die WAB-sambreel, en baie lede het ook bande met die ekstremistiese Kerk van die Skepper. Al dié groepe is bekend dat hulle die mees fanatiese van alle regse splintergroepe is en nie graag publisiteit soek nie.

Ver-regse bronne het dié week gesê baie min oor Walus zis bekend, maar dit is bekend dat hy in dieselfde klein militêre groepie as Maritz en Martin betrokke was.

**DIE ANDER TWEE** regses wat by die bomaanval op die rekenaarmaatskappy PC Plus in Durban betrokke was, is konstabel Steyl Abrie en Lood van Schalkwyk. Abrie, seun van 'n kolonel in die polisie, het staatsgetuie geword en vrywaring gekry. Van Schalkwyk is ter dood veroordeel in sit tans in die dodeselle. Martin en Maritz het albei hul borgvoorwaardes verbreek en is tans in Brittanje. Martin, Maritz en Van Schalkwyk is op borg vrygelaat nadat hulle 'n lang eetstaking gehou het.

'n Regse bron het dié week gesê die bom wat op 2 Oktober by PC Plus ontplof het, was eintlik bedoel om Chris Hani dood te maak. Die sel het glo inligting gehad, waarskynlik deur Abrie, dat PC Plus die ANC in Natal se rekenaarwerk gedoen ▶

## tergende vrae

**VAN** die tergende vrae wat nog oor die sluipmoord op Hani gevra word, is:

- Niemand wat hom ken, suggereer Walus is dom nie, en dit is bekend dat hy al jare lank met opgeleide regse militante heul. Walus was 'n tydrenjaer in Pole. Waarom het hy nie in die 30 minute vandat hy glo op Hani geskiet het totdat hy deur die polisie gevang is, weggejaag nie? Hoe is dit dan dat hy nie vals nommerplate gebruik het of van sy gewere ontslae geraak het nie? Is dit dalk moontlik dat iemand aan hom gesê het hy gaan nie gevang word nie? Is dit ook hoekom hy dae voor die tyd openlik op en af voor die Hani-huis verbygery het?
- Hoe was dit moontlik dat 'n man soos Walus drie geweerlisensies het, insluitende 'n Uzi-tipe semi-outomatiese masjiengeweer en 'n 9mm parabellum Kommando. Lisensies vir dié tipe para-militêre wapens word net in buitengewone omstandighede toegestaan. Sy eerste wapenlisensie het hy reeds in 1984 vir 'n 45 Colt bekom, en dit nog voordat hy as 'n landsburger geregistreer is.
- Die moordlys wat in Walus se woonstel gevind is bevat die name van drie joernaliste, waarvan twee Afrikaanse joernaliste. Walus se Engels is swak en hy kan glad nie Afrikaans praat nie. Een van die joernaliste sit boonop oorsee en die ander een was verantwoordelik vir die skryf van anti-Hani berigte die afgelope tyd.
- Die Polisie sê hulle het sewe patroondoppies by die moordtoneel opgetel, terwyl meeste ooggetuies beweer hulle het vier of vyf skote gehoor. Beteken dit dat daar meer as een mens was wat op Hani geskiet het?
- Hoekom was die polisie so gretig om te sê Walus het alleen opgetree? Die woordvoerder van die Polisie, kapt Craig Kotze, het sommer na die eerste dag gesê het dat die "aanvanklike ondersoek toon dat die sluipmoordenaar op sy eie opgetree het". En so ook Gert Myburgh, adjunk-minister van Wet en Orde, wat beweer het Hani se dood is moontlik nie politiek-gemotiveer nie. Genl Johan van der Merwe, die kommissaris van die SAP, het egter later laat blyk dat sekere feite daarop kan dui dat hy nie alleen gewerk het nie. - INA VAN DER LINDE

het en dat Operasie Vula daarvandaan beheer is. Op 2 Oktober sou Hani, Mac Maharaj en ander glo daar 'n vergadering hou, en die bom was daarvoor bedoel, sê die bron. Daar kon geen bevestiging vir dié inligting bekom word nie.

Van Schalkwyk het gister deur sy vrou, Heather, gesê hy het nooit vir Walus ontmoet nie. Van Schalkwyk beplan om van volgende week af op 'n "finale" eetstaking te gaan.

Daar word steeds ernstige vrae gevra oor die moontlike betrokkenheid van die veiligheidspolisie by die PC Plus-bom, veral weens die rol wat Abrie gespeel het. Hy het erken dat hy geweet het dit was 'n bom en dat hy die bom geaddresseer en laat aflewer het. Hy is steeds 'n lid van die SAP.

Regse organisasies het dié week oor hul voete geval om te sê Walus was 'n lid. Maar volgens ingeligte bronne was die Pool nooit 'n lid van die AWB, soos Eugene TerreBlanche met fanfare aangekondig het, of van die Wit Wolwe, soos Barend Strydom voorgee nie.

**'N VOORMALIGE AWB**-hoofraadslid, Jan Groenewald, sê wel Walus was gereeld by AWB-vergaderings en het dikwels gesprekke kom voer waarin hy sy sterk antikommunistiese sentimente laat blyk het.

Piet "Skiet" Rudolph, leier van die Orde Boerevolk en die man wat in April 1990 verskeie wapens uit die Lugmag se arsenaal gesteel het, sê in 'n verklaring hy het 'n "vae herinnering" aan Walus. Maar hy het nie vir Walus 'n wapen gegee nie. In die maande wat hy voor die polisie uitgevlug het, het hy wapens "laat uitdeel aan die volk wat ongewapen was en steeds weerloos staan teen die aanslae van diegene wat ons land wil afneem".

Die Poolse ambassade en die Poolse Vereniging was baie vinnig om te ontken dat hulle enigiets van Walus af weet en het hul afsku in die daad uitgespreek. Na Saterdag het sy broer, Witol, wat in 'n luukse-huis in Lynnwood, Pretoria woon, hoflik maar beslis geweier om met enigiemand van die pers te praat. En die meisie wat saam met hom woon, Maria Ras, het spoorloos verdwyn.

**WIE IS DIE MAN?** Dis nou al oorbekend dat hy in 1981 die land binnekom het agter die res van sy familie aan - sy pa en ma, 'n broer en 'n suster - wat 'n glasfabriek in Qwaqwa gehad het. Die fabriek moes in 1988 sluit omdat hulle finansiële probleme ondervind het. Hy het 'n vrou en 'n dogter in Pole agtergelaat - en is sterk antikommunisties. Hy is veertig jaar oud, lank en skraal, woon (meestal alleen) in 'n woonstel in Muckleneuk, Pretoria, en werk nou as 'n vragmotorbestuurder by 'n plastiekfabriek. Hy is gesondheidsbewus, hou van karate en was vroeër jare die tydrenkampioen van Pole.

Die woorde sagmoedig, beleefd, skaam, inkennig, doodrustig, vriendelik, word gebruik wanneer kennisse en werkgewers hom beskryf. Hy word as 'n alleenloper bestempel wat selde politiek gepraat het en goeie menseverhoudings met wit en swart gehandhaaf het.

Almal is dronkgeslaan deur die bewering dat hy Hani geskiet het. Hy het skynbaar geen motief gehad nie, behalwe moontlik sy anti-kommunistiese standpunte.

Sy werkgewer, Peter Jackson, die eienaar van die rooi Fort Laser waarin Walus gery het toe hy in hegtenis geneem is, beskryf hom as "a slow man with simple needs, but always cheerful and willing". Hy sê Walus was wel regsgesind, verbitterd en diep kwaad omdat sy familie se glasfabriek glo in Pole genasionaliseer is.

Maar Walus se pa, wat na 1988 terug is Pole toe, het vir Simon Barber van *Business Day* gesê sy glasblaasfabriek in Random, Pole, is nooit genasionaliseer nie. Sy seun het nooit sterk politieke standpunte in sy teenwoordigheid uitgespreek nie, en hy was "te intelligent om 'n moord op so 'n primitiewe manier te pleeg".

'n Vorige vriendin, Lucy Banola, sê egter Walus is nie baie intelligent nie. Hy was wel regs, maar het nie swartes gehaat nie, is 'n gemiddelde skut en dra altyd 'n vuurwapen by hom.

# Nóú moet daar onderhandel word

**Die politiek in Suid-Afrika sal nooit weer dieselfde wees nie. Chris Hani se dood het 'n politieke vakuum oor die politieke grense heen gelaat, en ernstige en onmiddellike probleme geskep vir die onderhandelingsproses, die ANC, en veral vir die NP in sy veldtog om swart steun te wen. HENNIE SERFONTEIN doen verslag**

**CHRIS HANI** se verdwyning van die politieke toneel en die gebeure van die afgelope week het sy besonderse sleutelposisie in die ANC en in die onderhandelingsproses uitgelig - ook in watter mate sy persoonlike leierskap en charisma daarin geslaag het om radikale jeugelemente en diegene wat op die kantlyn staan, by die onderhandelingsproses te hou.

Terselfdertyd is op skrikwekkende wyse getoon hoe broos die onderhandelingsproses is en hoe na aan die oppervlak die woede, frustrasie en haat van miljoene swartmense en die vervreemde jeug lê.

'n Noodkreet wat die week soos 'n refrein van diplomate en senior politici binne die ANC, regering en die SAKP opgegaan het, is dat spoedige optrede nou van die grootste belang is. Suid-Afrika kan nie bekostig om een dag in die onderhandelingsproses te verloor nie.

**TERWYL ANC-LEIERS** worstel om die smeulende kruitvat onder sy volgelinge en misdadige elemente onder beheer te kry, het hulle 'n dringende pleidooi aan die regering gerig: Konkrete, sigbare stappe en besluite moet binne 'n kwessie van weke - nie maande nie - by die Veelparty-onderhandeling geneem word. Dit sal die duidelike boodskap aan die grassroots deurgee dat die onderhandelingsproses die enigste sleutel tot politieke transformasie en die oordrag van mag is, en dat die proses nie onbepaald uitgerek gaan word nie.

*VWB* verstaan dat sedert die geweld die afgelope paar weke begin opvlam het, en veral sedert die moord op Hani, die buiteland toenemend druk op die regering plaas. Die boodskap wat ambassadeurs en diplomate die week aan die regering uitgespel het, was: daar moet onmiddellik sigbare tekens kom dat mag gedeel gaan word.

Die regering is gewaarsku dat "praatjies goedkoop is". Dis nie genoeg om langer vae beloftes te maak of om onderhandelinge uit te rek nie en so die indruk te skep dat die regering verantwoordelik vir die vertraging is.

Die ANC is egter bekommerd oor die uitsprake van Staatspresident FW de Klerk Woensdagaand na die landwye Hani-gedenkbyeenkomste wat op 'n aantal plekke hand uitgeruk, en verlies aan lewens en skade aan eiendom veroorsaak het.

De Klerk het gesê die optrede is onverdedigbaar, "nie in 'n beskaafde land geduld sal word nie" en dat die regering streng nuwe veiligheidsmaatreëls gaan toepas.

Die ANC sê hoewel kritiek deur De Klerk in sekere gevalle geregverdig mag wees, die probleem is dat hy die hele krisis vanuit 'n tegniese, wettiese oogpunt benader.

**"NA ALLES WAT DIE** afgelope week gebeur het, begryp hy nog steeds nie die omvang van die woede en frustrasie van ANC-ondersteuners op die grondvlak nie. Ook begryp hy nie hoe diep gewortel die wantroue jeens die regering en die veiligheidsmagte is nie - hoe tradisioneel of onlogies sommige van hul uitsprake ookal mag klink," word gesê.

Sedert Hani se dood het die ANC drie eise gestel wat onmiddellik aandag moet geniet: Die datum van die eerste nie-rassige, een-mens-een-stem-verkiesing; die instelling van die Transitional Executive Council (TEC) en sy sub-komitees; en die kwessie van gesamentlike beheer oor die veiligheidsmagte van die regering, die tuislande en van politieke partye.

Die ANC is daarvan oortuig dat die aankondiging van 'n vaste datum - indien moontlik nog die einde van die jaar - 'n belangrike stap sal wees om hul volgelinge te oortuig dat die einde van onderhandelinge in sig is.

Wat die TEC betref, behoort dit volgens die verstandhouding wat tussen die ANC en die regering bereik is, teen Julie ingestel te word. Maar Tokyo Sexwale, die PWV-voorsitter van die ANC, het Woensdagaand op TV gevra: "As daar 'n ooreenkoms bestaan, waarom wag tot Julie? Hoekom nie reeds in Mei nie?"

Die ANC is daarvan oortuig dat die hele geweldsituasie en daarmee ook die beveiliging van politieke leiers, eers behoorlik aangepak kan word as die TEC- strukture ingestel is, want daarvolgens is daar sub-komitees vir Wet en Orde en die Weermag. Die ANC glo die instelling van die TEC met sy sub-komitees dit moontlik sal maak dat gesamentlike beheer oor alle veiligheidsmagte ingestel kan word. Daar kan nie gewag word tot Julie nie, maar dit moet binne 'n kwessie van weke gedoen word, word gesê.

Daarby is daar steeds die voorstel van Biskop Stanley Mogoba, die onder-voorsitter van die Nasionale Vredeskomitee, dat daar so spoedig as moontlik 'n onafhanklike veiligheidsmag bestaande uit elemente van alle huidige veiligheidsmagte saamgestel word as die enigste doeltreffende manier om geweld op 'n geloofwaardige wyse te bekamp. Hy het dié beroep die week herhaal.

**MAAR IN 'N GESPREK** met 'n senior kabinetsbron blyk dit dat daar nog diep verskille tussen die regering en die ANC oor die drie bogemelde eise van die ANC bestaan. Gee hulle toe, beteken dit dat hulle nou reeds van 'n belangrike deel van hul eksklusiewe mag afstand moet doen - iets wat hulle glo eers na die verkiesing gedoen moet word.

Daar is geen twyfel dat die regering ten volle bewus is van die rampspoedige gevolge van Hani se dood nie. "Ons besef nou eers dat Hani waarskynlik verantwoordelik was vir 60 persent van die ondersteuning wat die ANC op grassroots-vlak geniet en dat hulle die ANC tot nou in die onderhandelings ondersteun het."

Om dié rede het die ANC en die regering sedert die moord op Hani, op 'n feitlik uurlikse grondslag met mekaar geskakel om die plofbare veiligheidsituasie te bespreek. "Ons het besef dat alles gedoen moet word om olie op die troebel waters te gooi."

Maar daar word duidelik uitgespel waarom die regering tot op die oomblik van skrywe hoegenaamd nie van plan is om goedsmoeds aan die ANC-eise toe te gee nie.

**WAT DIE VERKIESINGSDATUM** betref, word gesê dat indien dit te vroeg aangekondig word, aan ander partye "'n hefboom gebied word om die proses te manipuleer en 'n pistool voor die kop van ander partye te hou".

Die regering vrees dat dit die ANC in staat sal stel om belangrike sake waaroor daar nog nie behoorlik ooreengekom is, deur te stoomroller net omdat daar 'n vaste verkiesingsdatum is.

"Daardie sake moet eers uitgeklaar word voordat 'n finale aankondiging oor 'n verkiesingsdatum gemaak word," is aan *VWB* gesê.


Eweneens sê die regering dat daar nie sommer besluit kan word om binne weke die TEC-strukture in te stel, sonder dat daar eers vooraf duidelike besluite geneem is oor hul bevoegdhede en funksies nie, en voordat ander probleme rondom die onderhandelingsproses nie eers uitgeklaar is nie - 'n duidelike verwysing na die vertragingstaktiek van die IVP.

Die kabinetsbron beklemtoon: "Onthou ons en die ANC is nie die enigste twee partye nie. Ook die ander partye moet met ons saamgeneem word. Wat help dit ons besluit om die TEC-strukture in te stel, maar die Kwazulu-polisie kan nie daarby ingesluit word nie omdat Kwazulu nie daarmee saamstem nie."

Die kabinetsbron sê die regering verwerp die moontlikheid dat die TEC-strukture met sy sub-komitees die bevoegdheid van 'gesamentlike beheer' oor alle veiligheidsmagte moet hê, want dit sal 'n wysiging in die grondwet behels wat 'n lang uitgerekte proses kan wees".

Daarom glo die regering dat indien alle partye die kans gegee word om insette en advies te gee, dit ewe doeltreffend is omdat "kennis oor die veiligheidsoptrede van die regering en die motivering daarvan politieke mag aan die ander partye gee."

Die regering is van mening dat die voorgestelde verkiesingskommissie wat alle klagtes oor die verkiesingsproses gaan aanhoor en hanteer, baie groter mag aan die ander partye gaan gee as die TEC-strukture.




Protesters, holding a newspaper placard, vent their anger at a rally held in Katlehong Monday in memory of Chris Hani (Photograph: AP)

# 'We are not going to forget'

## WALLY MBHELE relives the shock of Chris Hani's murder

**I AM** visiting a friend in Katlehong when Slungu Mahlasela bursts into the house without pausing to knock. His eyes are red.

"Did you hear?" he stammers.

"What?" we all ask at once.

"Chris Hani was shot dead this morning."

There is a sudden silence, broken by painful murmurs. Everyone is stunned.

The owner of the house slowly puts down his glass of beer on the table. With eyes wide in disbelief, he switches on Radio Metro. There must be more details on the news.

"This is the last straw," murmers one of the company. "Now there will never be peace anymore in South Africa."

Everyone keeps an ear glued to the radio. "Details of the killing will come at 1pm," says the announcer during a special news flash.

It takes time for people to comment. They keep shaking their heads in disbelief and sheer pity. What can one say? It's difficult to take in what has happened.

Hardened men bow their heads, close to tears. All are looking down at the floor, as if to say a special prayer.

As the news comes at 1pm, it becomes clear that, indeed, "Chris Hani is no more." A man has been arrested in connection with the murder.

**OUTSIDE IN THE** streets people are gathering in small groups, discussing the news in low voices. At first there is a sense of nervousness as people stop each other, breaking the sad tale. Then anger mounts at the gruesome assassination of the South African Communist Party general secretary.

As a car drives through the streets asking residents to meet at the local community hall "tomorrow at 10 am", people shout: "We knew they would kill him. This time they are going to pay."

Tension mounts, and it feels as if something is about to burst. People angrily gesticulate as the police hippos rumble along the streets.

"This is totally unacceptable," says one man. "Now is the time for everyone to start preparing for a full war against these vultures.

"We thought life was going to be different - but now it is clear that it will never be the same again. We will never have a good life anymore."

A terrible blow has been struck indeed.

"If these people can have the courage to kill Chris Hani, then it means they can even kill Mandela," says the man. "But you must hear what Mandela is going to tell us. He is going to say we must leave it to them and nothing will be done about it".

Another man interrupts: "Even Inkatha has never killed a person as popular as Hani. It shows that this Inkatha war was done by the government. How can we negotiate with such people? I think Apla is correct when they say the struggle must continue".

There are many reactions. Some say Hani was killed because the government wanted to blame Apla for his killing, especially in the wake of his criticism of the organisation on TV the previous Tuesday.

It is not only the youth who are angry but even the old folks.

An old woman says Apla should intensify the armed struggle. "What do you expect that we do? We must fight until the bitter end now. If that person was not arrested, they were going to say it's Apla," she says.

As night descends, most streets become empty. Many people lock themselves behind gates, fearing unknown danger. The tension continues to mount.

At about 11pm, gun shots ring out outside. Further down, from the side of Mandela squatter camp, the rattling sounds of automatic rifles fill the night.

Looking through the window, one continues to hear gun shots until the middle of the night. Then there is a sudden quiet.

**THE NEXT DAY**, Sunday, there are no reports of injuries or deaths during the night.

The day passes peacefully. No meeting takes place. Most people are watching TV or reading the Sunday papers for more details.

**BUT ON MONDAY** trouble begins to brew. More than 10 000 people spontaneously converge at a local stadium.

After the meeting, a bus is torched and cars are set alight. Journalists escape gunfire as emotions flare up again.

I ask people at the scene of the torchings why they are using violence to commemorate a man who held such noble ideas on peace. Here are some of their responses:

- "It is serious when you have to kill a man at his home. A man who is calling for peace. Now we have to fight."
- "I am very angry and nobody is going to ask me that question. Ask the Boers who killed him. I think we should be staying away indefinitely from work until we have a new government - because we are working for people who don't like us."
- "You see this thing they have done, we are not going to forget. It makes me think differently about whites. They kill a person who has done nothing, a person who was fighting for peace, not only for blacks but for all people."
- "I think the government was involved in this. If that person was not arrested, they were going to say it's Apla."
- "I don't have peace anymore, no peace, we rather die. Azilime ziye etsheni" (Do or die).
- "They have robbed us. We are left naked. What do they want us to do? How long have we been tolerating such things. We have long tolerated this, we are not going to tolerate it anymore."
- "Things will start happening on Wednesday. That will be when we'll show them who we are."

A local ANC leader, desperately trying to calm the crowd, says: "They have killed an innocent body. So let us also not kill innocent people."

A furious man in the crowd responds: "That will happen, you'll see."

Listening to the reactions to the killing of a man described as a scholar and a soldier of peace, one wonders: How will the various political leaders cope with such emotions?

# Many ready to take up arms

## After Chris Hani's murder, many black people have lost all faith in negotiations - and are talking of resuming the armed struggle, writes **WALLY MBHELE**

**"THEY** say black people have patience. But it has limits," said one man on hearing about Chris Hani's gruesome assassination at his Boksburg home on Saturday - summing up the mood prevailing in the townships.

If this mood is anything to go by, the assassination has ushered in a new phase in the grassroots politics of black resistance to apartheid.

The killing has destroyed trust that has taken long to build, sparked bitter racial suspicions and tempted many black people to see armed confrontation as the only option left for bringing about change.

The murder has created a new solidarity on the ground between supporters of the ANC, the PAC and Azapo. A rebellion threatens - and a serious gap is now looming between the ANC leadership and its grassroots support.

That Hani - who besides leading the South African Communist Party was the second most popular ANC leader - died such a coldblooded murder is unacceptable to the black communities.

He died at the peak of his political career when his voice was an important representation of millions of the victims of discrimination in the townships. Ironically his cruel death has dealt a serious blow to those who seek a peaceful change in South Africa.

Only few weeks ago Hani played a critical role in the unique East Rand peace summit - which saw him taking a strong line against the killing of whites. But when he was gunned down by a lone rightwinger, the perception of a new South Africa created by President FW de Klerk immediately faded away for black citizens.

**IN THE TOWNSHIPS** that fragile hope is gone. There is a widespread feeling that there is no truth in the claim that South Africa is changing. There is a bitter perception that the National Party and white people are not trustworthy.

As news of Hani's murder rocked the streets on Saturday, calls for calm across the political spectrum reflected the clear fact that South Africa has been plunged into a grave political crisis.

While bitter emotions flared, a repetition the era of the June '76 uprising threatened. As the military and the police moved into townships, people argued that the "New South Africa" is just a ploy to draw them to negotiations while violence against them intensifies.

Mass action and the armed struggle gained new popularity, while the concept of negotiations as a valid form of struggle lost ground. The ANC and its allies are going to find it difficult to deal with this new thinking in the townships.

This became clear when some ANC regions and branches, reacting to Hani's assassination, called on the organisation to suspend negotiations and seek new ways of unseating the government from power - a call the ANC said it would not entertain.

Blaming the government for Hani's killing, the ANC's Natal Midlands region called for the creation of a "revolutionary climate" and ungovernability in the townships. It was backed by the Western Cape region. And the West Rand sub withdrew from all structures of the National Peace Accord - saying it could no longer continue preaching peace whilst violence against its leaders continues.

Bitter slogans and graffiti in the townships bear testimony to the new mood after Hani's killing.

Some ANC protest marches were characterised by slogans such as "One settler one bullet", "We'll fight you with our bare hands De Klerk" and "Terreblanche and De Klerk, two sides of the same granny".

One message scrawled on a wall in Katlehong called on the people to "rise because now is the time". Another said: "White people do not like you."



A demonstrator vents his anger outside the Boksburg Magistrate's Court Tuesday where Janusz Walus appeared on charges of murdering South African Communist Party leader Chris Hani (Photograph: AP)

Memories of how many black anti-apartheid activists and leaders have mysteriously died and disappeared began to become subjects of serious debate again. That the National Party continues failing to halt violence despite its sophisticated security apparatus was another topic that returned to the fore.

And people speak with renewed anger of how the National Party and some of its Ministers and officials have in recent times been implicated in horrific acts of violence and gross human rights violations, but without any strict action being taken against them. While there's massive corruption in government circles, people say, their standard of living keeps diving downwards.

They see Hani's assassination as the last straw and the beginning of a new era of struggle.

**WORRIED ABOUT** Mandela's security and his conciliatory speeches, many people are beginning to think of taking matters into their own hands. Frightening calls for revenge attacks - "Hani will not go alone" - are rife in the townships.

Some are calling for the resumption of the armed struggle while others are expressing support to Apla's "armed struggle". One hears many township residents exclaiming that they are ready to fight until there is a real new South Africa.

The assassination has also drawn together members of the Pan Africanist Congress and the Azanian People's Organisation into a united front with ANC supporters on the ground, joining in marches together "in black solidarity"..

By Monday sporadic incidents of running battles between the black communities and the police were already being reported.

While incidents of coldblooded racial murders were reported in the Western Cape, white journalists came under fire in a march that drew more than 100 000 people in Katlehong on the East Rand.

And on Wednesday, residents of Vosloorus and Katlehong braved a hail of shots fired from the Vosloorus hostel - killing one person and injuring another - and marched a long march to Hani's home.

While the shooting of Soweto demonstrators hardened attitudes, in other areas there was talk of protracted consumer boycotts and stayaways until a date for elections has been set.

This is the scenario all political organisations, the ANC in particular, are going to have to deal with in the coming days. The situation has the potential for unprecedented anarchy.

If an election date is not produced in the next round of talks, the ANC will find it difficult to convince ordinary people that negotiations should continue at all.



Tokyo Sexwale plaas 'n ANC-vlag oor die lyk van Chris Hani (Foto: AP)

# Die sluipmoord as raaisel

Dit is onvermydelik: die vergelyking tussen die sluipmoord op Chris Hani en dié op Hendrik Verwoerd, skryf **INA VAN DER LINDE.** Suid-Afrika het laas met die dood van Verwoerd die meesleurende emosionele reaksie beleef wat nou ná Hani se dood in die land gevoel word. En weer eens vlieg die raaisels rond, bly mense ontevrede met die verklarings wat hulle kry

**DIS** die soort gebeure wat mense jare daarna nog in stadige aksie onthou. Die presiese besonderhede van daardie oomblik toe die nuus gekom het: waar jy was, hoe jy gevoel het en die onmiddellike besef dat hier iets gebeur het wat die loop van die geskiedenis kan verander.

Laas Saterdag was dit weer so, en die ouer generasie het onmiddellik teruggedink aan die sluipmoord op Verwoerd. Daar is die ooreenkomste: Verwoerd en Hani is albei vermoor deur immigrante: Hani deur die Poolse immigrant Janusz Walus, en Verwoerd deur Demitrio Tsafendas, 'n Mosambiekse immigrant van gemengde afkoms - die buite-egtelike kind van 'n Griekse pa en 'n Portugees-Afrikaanse ma.

Albei was sterk charismatiese leiers en simbole van 'n sekere ideologie: Verwoerd van Apartheid, Hani van Kommunisme - bygesê, nie net van Kommunisme nie, maar ook van Umkhonto we Sizwe en die ANC.

Maar dit waarvoor albei gestaan het, laat niemand koud nie: jy is óf 'n oortuigde aanhanger óf 'n vurige teenstander. In die praktyk het Apartheid en Kommunisme geblyk ekstreem en onbuigsaam te wees, en soos godsdiens, sterk emosionele reaksies van teenstanders te ontlok wat dit as boos, onderdrukkend, totalitêr en onmenslik ervaar.

Natuurlik het Verwoerd die kans gehad om sy ideologie in praktyk om te sit terwyl Hani as deel van 'n groter politieke beweging moontlik nooit daardie kans sou kry nie. Verder is Hani beskou as 'n groter pragmatis, terwyl Verwoerd deur-en-deur 'n ideoloog was.

"Sluipmoorde," het Disraeli gesê, "het nog nooit die geskiedenis van die wêreld verander nie." En in terme van die breë loop van die geskiedenis, is hy moontlik reg. Maar dat dit wel ernstige kort-termyn gevolge kan hê, ten goede of ten kwade, beleef ons nou weer in die land.

**SLUIPMOORDE HET** 'n lang en skokkende geskiedenis. Opmerklik gaan dit dikwels gepaard met groot politieke of maatskaplike veranderinge in 'n land. Soos die Kerk/Staat-stryd in Engeland (Thomas Becket), die modernisering van die Romeinse Ryk (Julius Caesar), die Amerikaanse Burgeroorlog (Abraham Lincoln), die revolusie in Mexiko (Emiliano Zapata), die burgerregte-stryd in Amerika (Martin Luther King en Malcolm X), en in Indië die stryd tussen Sikhs en Hindoes (Indira Gandhi).

Deur die eeue heen het sluipmoorde die manier om gewone sterflinge se name te verewig. En dit is nie net die vermoordes se name wat bly voortleef nie, maar ook die moordenaars s'n. Dink maar aan Lee Harvey Oswald, wat JF Kennedy vermoor het, of aan die kreupel John Wilkes Booth, wat Abraham Lincoln vermoor het, Brutus, die moordenaar van Julius Caesar, en Mercador, wat Leon Trotsky vermoor het.

Ook opmerklik is dat dieselfde vrae telkens by so 'n sluipmoord opduik: is die sluipmoordenaar 'n mal alleenloper wat sonder hulp opgetree het, of is hy (sluipmoordenaars is gewoonlik mans) net die instrument wat die planne van 'n groter groep samesweerders moes uitvoer?

Daar is nou nog regses wat daarby sweer dat Tsafendas deel was van 'n kommunistiese komplot of dat die CIA daaragter sit. Die hof het bevind dat Tsafendas kranksinnig is en heeltemal alleen opgetree het toe hy Verwoerd op 6 September 1966 in sy bank in die Volksraad vier keer met 'n mes in die nek en die bors gesteek het. Hy was voorheen in agt sielsieke inrigtings in vier verskillende lande.

Tsafendas self het sy aanval op Verwoerd geblameer op 'n groot lintwurm in sy liggaam wat hom glo martel en gedwing het om Verwoerd dood te maak.

**DAN HOEF ONS NIE** veel verder te kyk as na die VSA vir sluipmoorde en teorieë oor sameswerings nie. Die bekendste voorbeeld is die vrae wat ná 30 jaar steeds die sluipmoord op JF Kennedy omring. Ondanks die feit dat Kennedy se dood die bes gedokumenteerde sluipmoord van alle tye is, gaan dit steeds oor die vraag of daar wel 'n komplot agter sy dood was.

Die vernaamste twispunte is die aantal skote wat dié dag gevuur is en die rigting van waar dit gevuur is. Lee Harvey Oswald is kort na die sluipmoord vasgetrek. Twee dae later is Oswald, terwyl hy van een tronk na 'n ander oorgeplaas is, deur 'n nagklub-eienaar, Jack Ruby, geskiet. In die ondersoek na die dood deur regter Earl Warren is tot die slotsom gekom dat Oswald heeltemal op sy eie gewerk het en dat daar geen getuienis na vore gekom het oor 'n komplot om hom te vermoor nie. Die rigting en die aantal skote wat afgevuur is, bly egter twispunte. En die vraag bly staan: waarom het Jack Ruby vir Oswald doodgeskiet?

Die teorieë oor wie agter Oswald gesit het om die moord te pleeg, is legio.

Elkeen kan as 't ware sy eie sameweringsteorie kies: Oswald het konneksies met die KGB gehad en het selfs na die Russe probeer oorloop; die CIA se verhouding met Kennedy was voortdurend onder spanning; dis duidelik dat sowel Oswald as Ruby verbintenisse met Kuba gehad het; Kennedy en sy broer, Robert, het 'n intensiewe stryd teen die Mafia-base gevoer. Maar met sy dood, soos met alle ander sluipmoorde, is dit asof die koelbloedige manier en die onverklaarbaarheid van die daad minder pynlik sou wees indien bewys kan word dat die sluipmoord deel uitmaak van 'n goed beplande politieke komplot, eerder as die sielsieke optrede van 'n enkele psigopaat.

**ROBERT KENNEDY** is 'n paar jaar later reg van voor geskiet ná 'n partytjie by 'n hotel in Los Angeles waar hy hom bereid verklaar het om as Demokratiese presidensiële kandidaat benoem te word. Sirhan Bishara Sirham, 'n Palestynse immigrant, is gearresteer, verhoor en ter dood veroordeel. Die doodsvonnis is nooit voltrek nie omdat Kalifornië se wette kort daarna verander het.

Kennedy, 'n Katoliek, het blykbaar gesterf omdat Sirhan, 'n Arabier, Jode gehaat het. Hy het geglo Kennedy was verantwoordelik vir die Amerikaanse steun teen Palestynse belange.

Maar Kennedy is ook deur die Teamster-vakbond se baas, Jimmy Hoffa, met die dood gedreig. Nog 'n teorie lui dat die Mafia, soos in die geval van JFK, die meeste baat gevind het by Robert se dood. Weer is hewige argumente gevoer oor moontlike komplotte en weer was daar meer as genoeg mense om te verdink. Sirhan was 'n leuenagtige getuie wat om die beurt Lyndon Johnson, Richard Nixon en Jimmy Hoffa genoem het as mense wat hom omgekoop het om die moord te pleeg.

En weer was daar 'n dispuut oor die aantal mense wat skote afgevuur het. Daar is beweer dat skote ook deur 'n gehuurde veiligheidswag met verbintenisse in die onderwêreld afgevuur is.

Dan kan mens ook teruggaan na die sluipmoord op Abraham Lincoln op 14 April 1865, Goeie Vrydag. Hy is trompop met 'n pistool geskiet terwyl hy 'n opvoering in

## SLUIPMOORDE IN SA

**TWEE** sluipmoordaanvalle in Suid-Afrika se geskiedenis het 'n onvergelykbare impak op Suid-Afrikaners gehad.

Dr HF Verwoerd is op 6 September 1966 deur Dimitri Tsafendas in die parlement doodgesteek. Tsafendas het geen politieke bande gehad nie - die moord was oënskynlik redeloos.

10 April 1993 sal as 'n donker dag in die geskiedenis van Suid-Afrika onthou word. Chris Hani is na bewering vermoor deur Janusz Walus, 'n Poolse immigrant met regse bande. Ironies genoeg het Hani dae voor sy dood hom ondubbelsinnig teen geweld uitgespreek. Die volgende sluipmoordaanvalle het Suid-Afrika ook geskud:

- Kapt Dirk Coetzee getuig dat hy en sy mede-polisiemoordbendelede Griffiths Mxenge, Durbanse prokureur en anti-apartheidsaktivis, in November 1981 vermoor het. Die getuienis is as waar deur regter Johan Kriegler aanvaar.
- Op 17 Augustus 1982 is Ruth First, vrou van Joe Slovo, vorige sekretaris-generaal van die SAKP, met 'n briefbom in Maputo, Mosambiek vermoor. Coetzee het intussen betrokkenheid erken.
- In Junie 1985 het die United Democratic Front-aktivis, Matthew Goniwe, in Port Elizabeth verdwyn. Sy verbrande lyk is 'n paar dae later gevind. Intussen is uitgevind dat senior militêre offisiere die bevel vir die moord gegee het.
- Dr David Webster, anti-apartheidsaktivis, is op 1 Mei 1989 voor sy huis in Johannesburg doodgeskiet. Brigadier Floris Mostert getuig voor die Harms-kommissie dat hy betroubare bronne het dat die BSB betrokke was. Volgens verdere getuienis voor Harms dui die modus operandi op 'n BSB-operasie. By die huidige geregtelike ondersoek is nog nie uitsluitsel verkry oor wie skuldig is aan die sluipmoord nie.
- Swapo-leier adv Anton Lubowski is op 12 September 1989 in Windhoek voor sy huis doodgeskiet. Die skuldiges is nog nie vasgetrek nie, maar die modus operandi dui op BSB-betrokkenheid.

\- CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

Washington saam met sy vrou bygewoon het. Dit was 'n week voor die einde van die Burgeroorlog.

John Wilkes Booth, 'n akteur met 'n gevoel vir die dramatiese, het twee skote op hom gevuur. Daarna het hy uitgeroep: "Sic Semper Tyrranis!" (so sterf alle tiranne) - op die verhoog gespring, en na buite gevlug waar sy perd op hom gewag het. Booth is later aangekeer saam met 'n paar eienaardige vriende.

Tydens die hofsaak het dit geblyk Booth was oortuig daarvan dat Lincoln geknoei het met die verkiesing sodat hy vir 'n tweede termyn verkies kan word ten einde homself kort daarna tot koning te kroon.

Booth had duidelik 'n klap van die windmeul weg en het rondom dié vermoede sy eie komplot gesmee. Dié verklaring was egter nie voldoende nie en daar is hoog en laag gesoek na 'n ander komplot. Een van die moontlikhede was dat Lincoln se minister van Verdediging, Edwin Stanton, betrokke was. Ander het genl Ulysses S Grant verdink en nog ander sy opvolger, Andrew Johnson. Selfs die Jesuïte was in 'n stadium onder verdenking.

**DIE ANDER** Amerikaanse president wat vermoor is, William McKinley, is in 1901 op 'n kort afstand deur 'n Poolse immigrant geskiet. Leon Czolgosz het ook 'n geskiedenis van geestelike onstabiliteit getoon. Hy is blykbaar so gefassineer deur die sluipmoord op koning Umberto van Italië die vorige jaar, dat hy self sy hand hieraan wou waag. Hy het verklaar dat hy opgetree het namens die "goeie werkende mense".

Weer is 'n sameswering vermoed, waarvoor weer geen bewyse gevind kon word nie. Die *Washington Post* het destyds verklaar: "We open our arms to the human sewerage of Europe. We offer asylum to the outcasts and malefactors of every nation..."

Ook die sluipmoord op die burgerregteleier, Martin Luther King (jnr) op 4 April 1968, het gelei tot uitgerekte bespiegelinge, en tot vandag toe is daar nog sekere onopgeloste vrae oor sy moord.

Sy moordenaar, James Earl Ray, het King op die balkon van sy hotelkamer doodgeskiet vanuit 'n hotel oorkant die straat. Ray was bekend as 'n rassehater met 'n lang kriminele rekord en 'n hele string skuilname. Hy het ontsnap en eers Kanada toe gevlug, van daar na Londen en toe na Portugal voordat hy onder die skuilnaam Sneyd op die lughawe Heathrow vasgetrek is.

Ook hier is 'n sameswering vermoed, maar kon geen bewyse daarvoor gevind word nie. Niemand weet waar hy geld vandaan gekry het om so rond te vlug nie, of hoe ver die FBI sou gaan om te keer dat Luther 'n swart Messias-figuur word nie. Edgar Hoover, omstrede FBI-hoof, het opdrag gegee dat King se buite-egtelike verhoudings op band geneem word. Daar is selfs beweer dat die boewewêreld met die Klu Klux Klan saamgewerk het om Ray te help ontvlug. As daar wel 'n komplot was, was die sameswerders uitsonderlik onkundig. Moord op 'n swart leier sou die saak van swartmense eerder bevorder as benadeel.

Rassehaat het ná King se dood sterk opgevlam, en opstande het regoor die VSA uitgebreek. Meer as 30 mense is in die voorvalle dood, waarvan die meeste swartes.

'n Klu Klux Klan "Grand Dragon" het agterna tydens 'n byeenkoms gesê: "'n Mens kan sluipmoord pleeg op 'n koningin, op die president van die Verenigde State, miskien selfs op 'n goewerneur, maar wie in godsnaam het al ooit gehoor van 'n sluipmoord op 'n neger? Ek het gedink mens maak hulle dood."

**DIE MAN HET** 'n punt beetgehad, maar nie die punt wat hy gedink het nie. Die implikasie van sy opmerking is dat die woord "sluipmoord" iets te make het met waardigheid en belangrikheid. Dit is juis waar die gevaar lê: dat sluipmoordenaars beroemd of berug word, en so die weg berei vir allerlei onvolwasse fantasieë.

Dit sal nie veel help nie, maar miskien moet mens jouself net weer herinner aan die woorde van Lincoln toe hy gewys word op die meer as 80 dreigbriewe wat hy voor sy dood ontvang het: "Indien hulle my doodmaak, sal die man wat my plek inneem, nét so erg vir hulle wees."



Chris Hani... "Ek haat kapitalisme met my hele wese" (Foto: SALLY SHORKEND)

# Dié kant van Hani is selde deur die blankes gesien

**HENNIE SERFONTEIN** bring hulde aan Chris Hani se staatsmanskap, sy verbintenis daartoe om 'n nuwe nasie in 'n toekomstige nie-rassige Suid-Afrika tot stand te bring en om sy mense van 'n breë, allesomvattende visie te voorsien, sonder haat teenoor blankes en veral die Afrikaner

**"KAMERADE,** laat ons die Suid-Afrikaanse Polisie vandag hier bedank vir hul samewerking en gedissiplineerde optrede wat bygedra het dat ons optog vreedsaam verloop het. Hulle mag dit miskien nie weet nie, maar hulle is vandag ook ons polisie. En in die nuwe Suid-Afrika sal hulle steeds ons polisie wees. Viva SAP!"

En "Viva SAP!" juig die skare geesdriftig saam met die spreker.

Aan die woord is Chris Hani, die omstrede, kleurryke en charismatiese leier van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) en senior lid van die ANC-leierskap, wat verlede Saterdag koelbloedig voor sy huis in Boksburg doodgeskiet is.

Die plek was Potgieterstraat, Pretoria, reg langs Pretoria-Sentraal-gevangenis waar Hani op 6 April 1991 'n ANC-protesoptog van 'n paar duisend mense gelei het. Terwyl die swart skare Hani toejuig, kyk die polisiemanne, meestal wit, half ongemaklik toe. Want niemand verwag Hani, met sy beeld van 'n kompromielose militante, in die rol van versoener en vredemaker nie.

Daardie protesoptog het seepglad en sonder enige voorvalle verloop. Voor die begin daarvan het Hani op Kerkplein, reg langs Paul Kruger se standbeeld, die gehoor eers ernstig vermaan om bevele te gehoorsaam en die polisie se opdragte uit te voer omdat die ANC en die polisie 'n ooreenkoms aangegaan het wat sou verseker dat alles glad moes verloop.

Dieselfde Hani was later daardie jaar ook verantwoordelik om spanningsvolle oomblikke tussen IVP- en ANC-ondersteuners by 'n massavergadering op Bekkersdal te ontlont. Toe IVP-volgelinge weier om te ontwapen weens die halsstarrige houding van MK-lede wat openlik met pistole en gewere geparadeer het, was dit Hani wat hulle summier beveel het om onmiddellik hul wapens aan die organiseerders te oorhandig.

Dit het gelei tot 'n suksesvolle ooreenkoms tussen die strydende groepe.

**HIERDIE KANT VAN** Hani, met sy staatsmanskap verbind om 'n nuwe nasie in 'n toekomstige nie-rassige Suid-Afrika te bou, om die Suid-Afrikaanse politieke toneel en sy mense met 'n breë, allesomvattende visie te benader, sonder haat teenoor blankes en veral die Afrikaner, is selde deur die blanke publiek gesien.

Nou, na sy dood, word dit ook bekend dat hy in die laaste jaar van sy lewe uit sy pad gegaan het om verskeie klein Afrikaner-groepe te ontmoet. Hoewel hulle die ontmoetings bygewoon het met die doel om Hani in 'n hoek te dryf oor die sogenaamde vryemark-ekonomie, was die meeste mense diep beïndruk deur hom as mens, hoewel hulle polities van hom verskil het.

Dis dan ironies dat hy deur 'n Poolse immigrant vermoor is, en nie deur 'n regse Afrikaner nie. Ewe merkwaardig is dat dit 'n Afrikaanse vrou van Boksburg was wat deur haar opmerksaamheid en die snelle optrede van haar en haar man verantwoordelik was dat Hani se moordenaar binne minute in hegtenis geneem is.

Trouens dit was allerweë voorspel toe Hani hom aan die begin van verlede jaar in Boksburg gaan vestig het - 'n plek wat berug is vir sy rassistiese aanvalle deur blankes op swartmense - dat hy onder die regses sou deurloop.

Maar dit was juis Hani se medemenslikheid, sy begrip en empatie met Afrikanervrese, sy enkele informele ontmoetings met die egpaar wat hulle aan Hani die mens blootgestel het, wat hulle beïnvloed het om hul plig as burgers van die land te doen.

**TYDENS 'N ONDERHOUD** verlede jaar het ek hom uitgevra oor sy verblyf in Boksburg en gevra of dit nie dom was om hom daar te vestig nie. Op sy kenmerkende reguit manier het hy gesê: "Ons familie is nog net met vriendelikheid en gasvryheid ontvang. Ons verblyf daar wys dat dit 'n mite is dat die Afrikaner noodwendig 'n rassis en apartheidsondersteuner is."

Dié opmerking sê alles oor Hani die mens en politikus met 'n visie van 'n verenigde Suid-Afrika waar daar ook plek vir die Afrikaner is.

Dit is dus tragies dat Hani in die afgelope dae na sy dood as 'n groter figuur en leier na vore getree het as tydens sy leeftyd.

Die dood van Chris Hani was die grootste politieke skok vir Suid-Afrika sedert die moord in September 1966 op die ▶

destydse Eerste Minister Hendrik Verwoerd in die parlement. Maar toe was dit slegs die blanke gemeenskap wat getreur het, die meeste Afrikaners, terwyl die swartmense óf apaties óf jubelend was oor die dood van die argitek van apartheid.

Maar met die dood van Hani - gehaat onder die meeste blankes - was daar 'n merkbare skok oor die hele politieke spektrum heen, insluitende die Nasionale Party-regering, hoewel daar in regse kringe gejubel is.

Simbolies hiervan was Staatspresident FW de Klerk se lof verlede Sondag op TV vir Hani se rol die afgelope weke om vrede en onderhandelings te bevorder en om die veglustige PAC te verwerp.

Die wyse waarop Hani se dood die nuus op radio, TV en in die koerante oorheers het, is 'n erkenning dat sy besondere plek in die politiek en sy rol in die skepping van 'n vreedsame nuwe Suid-Afrika nou eers begryp word.

**IN JULIE VERLEDE** jaar het ek 'n lang onderhoud met Hani gehad oor sy politieke sieninge en sy ervarings die afgelope 30 jaar. Daar is baie oor sy lewe die afgelope dae geskryf. Maar in ons gesprek het sy veelkantigheid, sy individualisme en sekere dinge na vore gekom waaroor daar min bekend is of wat wanvoorgestel is.

Hy is veral in Afrikaanssprekende kerklike kringe voorgehou as sou hy anti-kerk wees. Hy het ruiterlik erken dat hy die Rooms-Katolieke Kerk in 1962 verlaat het nadat hy in 'n stadium 'n priester wou word, toe hy 'n lid van die SAKP geword het. Hy het homself as 'n ateïs verklaar, maar beklemtoon dat hy die rol van die kerke in die gemeenskappe respekteer, veral die bydrae van sommige kerke en hul leiers in die stryd teen apartheid. Sy vrou, Limpho, is steeds 'n aktiewe lid van die Lesotho Evangeliese Protestantse kerk. "My drie dogters het almal kerk toe gegaan, maar nie een is gedoop nie. Ons is 'n demokratiese familie en glo nie dis reg dat hulle gedoop word voor hulle nie oud genoeg is om self daaroor te besluit nie."

Ons het gepraat oor die politieke skokgolwe wat veroorsaak is deur sy besluit om Sekretaris-generaal van die SAKP te word. Dis sekerlik 'n dom politieke stap, want daarmee laat vaar hy die kans om Mandela as die president van die ANC op te volg. In daardie stadium was Hani juis 'n groot gunsteling.

Hy het soos volg geantwoord: "Daar is meer dinge in die lewe as hoë politieke posisies. Ek bly bekommerd oor die posisie van die grassroots-mense en die werkers in die nuwe Suid-Afrika. Ek verkies my posisie in die SAKP om as 'n waghond oor hulle belange te waak."

**HOEWEL HY PRAGMATIES** was en ou styl kommunisme verwerp het, het hy dit duidelik gemaak waarom hy nie skaam was om steeds 'n kommunis te bly nie: "Ek haat kapitalisme met my hele wese." Hy het vertel toe hy in die vroeë sestigerjare by die SAKP aangesluit het, "was my vader 'n arbeider wat die familie selde gesien het. Dit het die hele kontradiksie tussen arbeid en kapitaal, die uitbuiting van die werker, na vore gebring.

"Die ANC-teorieë was voldoende om onderdrukking te verstaan, maar dit het nie klasse-onderdrukking verduidelik nie, hoekom die besigheidsbase groot winste maak en die werkers in die townships en die plattelandse gebiede lae lone ontvang nie. Dié antwoord lê by die SAKP," het hy beklemtoon.

As hy oor sy MK-jare en sy ondergrondse bedrywighede buite en binne Suid-Afrika gepraat het, was dit sonder valse bravade en grootdoenerigheid. Hy het vertel hoe hy as lid van die Luthuli MK-groep in 1967 die eerste maal in die destydse Rhodesië met die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte slaags geraak het. Hani het sy gewaarwordinge beskryf toe die koeëls en bomme die eerste maal oor hom gefluit en losgebars het, "hoe bang 'n mens is, maar hoe ek besef het 'n mens moet jou vrees oorkom, al is dit jou eerste geveg, om andere moed in te praat, sonder om jou eie vrees weer te gee."

Hani was altyd uitgesproke, 'n kritikus binne eie geledere as hy geglo het dinge loop skeef, selfs toe hy nog 'n relatiewe junior was. Dit is minder bekend dat hy in 1969 vir 'n jaar as 'n ANC-lid geskors was omdat hy die leierskap in 'n dokument skerp gekritiseer het oor hul luukse leefwyse en oënskynlike gebrek aan toewyding in die stryd teen Suid-Afrika. "Vandag sit ek saam met diegene wat my destyds geskors het op die NEC. Maar ek koester geen griewe nie."

Hani het vertel dat die ergste van sy jare in balling "die ontsettende heimwee na Suid-Afrika was. Ek het nooit geweet hoeveel ek die land sou mis toe ek weg is nie, want Suid-Afrika en sy mense is in talle opsigte so anders as die res van Afrika."

Dit is dan ook die rede waarom hy in die sewentigerjare aangebied het om die gevaarlike ondergrondse werk binne Suid-Afrika te kom doen, "net sodat ek weer my land kon sien en met my mense kon praat".

Enkele weke gelede het ons 'n afspraak gemaak om ná die Paasnaweek 'n verdere uitgebreide gesprek te voer na aanleiding van onlangse deurbrake op die onderhandelingsfront en die probleme rondom geweld. Daardie afspraak tussen my en Chris Hani - soos my afspraak met Victoria Mxenge na die Cradock-begrafnis - sal nou ongelukkig nooit plaasvind nie.

# Hani se opvolger?

## Die 40-jarige Mosima Tokyo Sexwale, voorsitter van die ANC se PWV-streek, het dié week sterk na vore getree as 'n moontlike opvolger van sy boesemvriend, Chris Hani, skryf HENNIE SERFONTEIN



Mosima Tokyo Sexwale
(Foto: *New Nation*)

**HOEWEL** Hani uniek was, is daar ooreenkomste tussen hom en sy vriend Sexwale. Soos Hani, die gewilde voormalige stafhoof van MK, is Sexwale ook 'n MK-bevelvoerder en beklee hy ook een van die sleutelposisies in die ANC.

Hani en Sexwale het naby mekaar gewoon in Dawn Park - hulle het begin verlede jaar geskiedenis gemaak as die eerste swart intrekkers in die konserwatiewe vesting Boksburg.

Sexwale was een van die eerste mense op die toneel nadat Hani geskiet is. Dit was hy wat Hani se dogter vertroos en na sy huis gebring het. Dit was hy wat die pynlikste van alle take gehad het: om Hani se oë vir laas te sluit.

Die hele Suid-Afrika het Saterdagaand die roerende tonele op TV gesien toe dié forse man voor Hani se huis so bewoë was dat hy vir 'n tyd nie met die joernaliste kon praat nie.

Daarna was hy daagliks in die nuus met uitsprake in die pers, op TV en Radio.

Woensdag was hy die hoofspreker tydens die gedenkdiens in die Sentrale Metodistekerk in Johannesburg. Dié aand het hy die ANC verteenwoordig in verskeie TV-gesprekprogramme en het hy onder meer swaarde gekruis met Tertius Delport, die waarnemende minister van Wet en Orde.

Dit was al of Sexwale by die dag in statuur gegroei het namate hy stilweg in Hani se plek inbeweeg het.

Natuurlik is dit vergesog om te beweer dat Sexwale - of enige ander mens in die ANC - werklik in staat is om Hani ten volle te vervang. Daarvoor was Hani, met sy 30 jaar lange betrokkendheid by MK, sy charismatiese persoonlikheid en sy mengsel van aggressie en pragmatiese eenvoud net te uniek.

Maar dié week imponeer Sexwale met die kalm, maar besliste en oortuigende manier waarop hy sy saak stel. Die hartseer is deurgaans vlak onder die oppervlak en kan in sy oë gelees word. Maar sy liggaamstaal is dié van 'n man wat besef hy is oornag met verantwoordelikhede opgesaal - en dat die stryd vir 'n nie-rassige Suid-Afrika, waartoe sy boesemvriend so hartstogtelik verbind was, onverbiddelik voortduur.

Enersyds het hy as Hani se alter ego teenoor sy eie mense daarop gehamer dat hulle gedissiplineerd moet wees, verbind moet bly tot vrede en onderhandelinge en rassistiese anti-blanke optredes summier moet veroordeel. Anders word Hani se naam oneer aangedoen.

Andersyds het hy die regering herhaalde male aangespreek om die boodskap van die swart grassroots uit te spel: Ons mense sê ons moet deliver. Daarom sê ons aan die regering: die tyd het nou aangebreek dat julle moet gee.

**SEXWALE BESKIK OOR** sommige van Hani se eienskappe. As ondergrondse MK-leier en 13 jaar lange politieke gevangene, is hy uiters gewild onder gewone mense, die jeug, radikale en die verstotenes, net soos Hani.

Hy is ewe ontspanne voor gesofistikeerde gehore, hetsy op TV of voor geharde sakemanne. Hy het nie dieselfde intellektuele agtergrond as Hani nie, maar stel sy saak eenvoudig en regstreeks, sonder omhaal van woorde.

Woensdagaand op TV is die saak geopper waarom Janusz Walus nie deur die polisie "oorreed" kon word om te praat nie. Toe Sexwale gevra word of hy marteling en brutaliteit deur die polisie voorstaan, antwoord hy: "Ek self is op my dag lank deur die polisie gemartel voor ek in die hof aangekla is. Ek vind dit heel ironies dat die polisie nou met 'n regse gevangene heel anders optree."

Maar daar was geen haat in sy houding of stemtoon nie. Ondanks sy bittere verlede is hy soos die res van die ANC-leierskap in moeilike omstandighede stewig verbind tot 'n nie-rassistiese gemeenskap.

Minder bekend is dat hy 'n lid van die Rooms-Katolieke Kerk is. 'n Medegevangene wat jare saam met hom op Robbeneiland was, sê hy was in dié jare 'n toegewyde Christen. "Hy het nooit 'n enkele kerkdiens gemis nie."

Sexwale het tydens die herdenkingsbyeenkoms in die Metodistekerk verwys na die ironie dat die Kommunis Hani in 'n kerk gehuldig word. Hy het vir die eerste maal bevestig dat hy nie 'n SAKP-lid is nie, dat hy 'n toegewyde Christen is. Dit het nie sy vriendskap met Hani geraak nie, omdat hulle albei dieselfde ideale gekoester het om te veg vir die regte van die veronregtes.

Die vriend van Sexwale twyfel nie dat Sexwale die bes bevoegde en toegeruste mense om Hani se rol oor te neem nie, al kan niemand Hani werklik vervang nie. Maar, sê hy, dit hang daarvan af of Sexwale heeltyds in die politiek wil bly. In onlangse gesprekke met vriende het hy onsekerheid oor dié kwessie uitgespreek. Die skokmoord op Hani kan egter meebring dat die besluit reeds vir hom geneem is, sê die vriend.

**SEXWALE IS IN** Soweto gebore, waar hy in 1972 aan die Orlando-Wes Hoërskool matrikuleer. Daarna studeer hy aan die Universiteite van Botswana, Lesotho en Swaziland. In die sewentigerjare is hy 'n vurige ondersteuner van die Swart Bewussyn-beweging en 'n lid en leier van die South African Students Movement.

Maar reeds in sy laaste skooljare, in 1971, raak hy betrokke by geheime strukture en help om ANC-pamflette te versprei.

Aan die Universiteit van Swaziland behaal hy 'n diploma in sakestudie en skryf hom in vir die graad B Comm. In die geheim werk hy nou saam met die leiers van die destyds verbode ANC soos Thabo Mbeki, Jacob Zuma en Stanley Mabizele en help om geheime strukture binne Suid-Afrika te skep.

Die Swazilandse regering, wat altyd nou met die SA Polisie saamgewerk het, wou hom in 1975 arresteer. Hy verlaat Swaziland en gaan na die Sowjet-Unie, waar hy militêre opleiding ondergaan en 'n offisierskursus voltooi.

Daarna keer hy terug na Suid-Afrika om met die geheime groepe saam te werk. Maar toe hy die land binnekom met 'n voertuig vol wapens en pamflette, word hy en kollegas deur die polisie voorgekeer. Hulle jaag weg en Sexwale gooi 'n handgranaat. Later keer hy terug, organiseer geheime selle vir politieke werk en bied ook militêre opleiding aan. In 1977 word hy saam met elf ander gearresteer. In 1978 word hy tot 15 jaar tronkstraf gevonnis nadat die staat die doodstraf gevra het.

Op Robbeneiland studeer hy verder aan sy B Comm en met sy vrylating in 1990 moes hy nog vier kursusse doen om sy graad te voltooi. Hy is getroud met Judy en hulle het een kind. Hy het twee ander kinders uit 'n vorige huwelik.



Samantha en haar jong vriende: "For God's sake, don't be so rough...

# Bapsfontein in hillbrow

In die hartjie van nie-rassige, kosmopolitaanse Hillbrow is daar 'n kroeg wat 'n mens herinner aan die ou, eksklusiewe wit Suid-Afrika. **ESMA ANDERSON** en fotograaf **SALLY SHORKEND** het by Taffy's in die Belmont Hotel - "die enigste wit bar in Hillbrow" - gaan inloer

**OP** 'n tyd was Hillbrow een van die lewendigste plekke in Johannesburg. Die kern van nuwe neigings, modes en sosiale veranderings en jare vóór die afskaffing van wetboek-apartheid het baie swartmense reeds in dié buurt ingetrek en dit een van die eerste "grys" gebiede in Johannesburg gemaak.

Maar oral in Hillbrow maak winkels en restaurante deesdae hulle deure toe. Die trendies, jollers en uitgehongerdes speel deesdae in Yeoville en die rykes in die Noordelike voorstede. En al wat vir Hillbrow oorbly, so lyk dit, is die junkies, drankslawe, boemelaars, straatkinders, prostitute en toekomsloses.

Maar Hillbrow bly waarlik 'n nie-rassige plek. Loop maar by enige woonstelblok in of loer by enige restaurant, kroeg of bioskoop in.

So dink 'n mens.

Tot jy kennis maak met Taffy's Bar net om die draai van Checkers en een van die bekende Fontana kafees met hul olierige hoender en harde, kluitjierige broodrolle.

**TAFFY'S IS GROOT** en donker. Een van twee kroeë in die Belmont Hotel. Daar's ook die Blues Bar, 'n goed verligte kroeg met tafeltjies, matte en 'n TV-stel. 'n Deurloop van dié kroeg af lei na die dansbaan, 'n oopte met houtbankies en tafels daaromheen.


Daar's 'n vreemde ou-wêreldsheid aan Taffy's en die dansvloer van die Blues Bar - 'n kam-in-die-kous, safaripak plek. In gees. Die res van die trappings is dieselfde ou storie: geplooide stonewashed jeans, wit tekkies, peroxided en gepermde hare, baie grimering en rookwalms.

Die Belmont Hotel verskaf eenster-akkommodasie aan veral kleinsakemanne uit buurstate, verduidelik Jannie Wessels, die bestuurder. Hy is reeds 15 jaar in die hotelbedryf, sê hy onder sy hangsnor deur. Jy sien hom baie so in Taffy's staan en leun teen die kroegtoonbank, rooi Transvaal rugby-kêppie op die kop en Gunston in die hand.

"Die meeste van ons inwoners is swartmense, ek sou sê 90 persent. Hulle kom van Ghana, Zaïre, Zimbabwe, Kenia, Nigerië en Nieu-Guinee. Praat almal omtrent Frans, moeilike damn taal. Hulle bly so tussen drie maande en 'n jaar hier voor hulle weer teruggaan. Ek is self blank en trots daarop om blank te wees," sê Jannie. "Maar laat ek jou sê, ons het minder probleme met ons swart inwoners as met die blankes. Hulle ►

*Bapsfontein in*

# hillbrow



Jannie Wessels, bestuurder van die Belmont Hotel: "Ek is self blank en trots daarop om blank te wees. Maar laat ek jou sê, ons het minder probleme met ons swart inwoners as met die blankes."



Johan en Manie maak ouder gewoonte 'n grappie

betaal altyd op tyd en maak nooit moeilikheid nie. Dis net die blanke ouens wat soms fight. Ek kan jou nie sê hoeveel fights hier al was nie."

**MAAR TAFFY'S** (asook die Blues Bar) is "skitterwit" soos Superblue Surf lanklaas jou wasgoed gehad het. En dis net "hardnekkige kolle" wat hier oorleef as 'n mens luister na die opmerking van 'n grysaard: "Dis die enigste plek waar 'n mens nog kan kom waar die swartes nie die hele plek oorneem nie. Hulle kom nie eintlik hier nie. Hulle het mos hulle eie kroeg hier onder. So nou en dan kom 'n astrante ene hier in. Maar dit hou nie lank nie, dan loop hy."

Dié grysaard se sentimente blyk die algemene konsensus te wees. "Kom hier 'n kaffer in, skiet ek hom vrek man," beduie Manie, 'n regular, en knipoog. "Nee, ek spot net. Ons praat nie politiek hier nie. Ons kom hierheen vir 'n good time, verstaan jy? Dis net ou Elvis hierso," en Manie wys na die swart barman.

"Hey, kaffertjie," skree hy vir Elvis. "Ek bliksem jou nog dood!" Eers lyk dit of Elvis skrik: "Nee, nee baas. Jy is darem pragtig," sê hy. Dan bars Elvis uit van die lag en slaan sy vuis op die toonbank. Die twee verval in 'n geoefende ritueel van oop hande en vuiste wat ritmies op die toonbank slaan.

"Dis die enigste wit bar in Hillbrow waarvan ek nog weet," sê Manie. En Jannie beaam dit: "Ja, hulle het hulle eie kroeg hier onder in die hotel."

Daar is geen "Whites Only"-bordjie in sig nie. Net een bo die deur wat vra dat 'n mens asseblief tog maar die asbakkies - deksels van groot blikke vloerpolitoer - moet gebruik. En nog ene teen die muur langs die kroeg: "Geen gedrinkery uit bottles" (sic).

**IN 'N DONKER** hoek langs die jukebox op die houtbank wat die muur omseil sit 'n uitgeteerde, ouerige vrou en krap in haar bagasie. Haar naam is Samantha.

Sy rig 'n hele huishoudinkie om haar in. Langs haar op die vensterbank staan 'n blompotjie met wit blomme op 'n gehekelde lappie. Sy vee die oppervlaktes om haar skoon met 'n lap, maak haar spieël staan en kam haar hare. Die twee poniestertjies op haar kop word met haarsproei bespuit totdat dit soos twee bevrore fonteintjies staan.

Sy gaan toilet toe. Op pad terug na haar veilige hoekie val die kroeglig op haar pas gegrimeerde gesig. Swart oogomlyner, bloedrooi lippe en wange. Sweet bird of youth...

Samantha stap langsaan by die Blues Bar in. Jongmense sit op die houtbankies om die dansbaan. Oë halfmas, geboë koppe, onvergenoegde monde. Spaced out.

Die vloer word voller. Een of ander Francois Heys-nommertjie begin speel. 'n Klompie staan op om te dans. Langarm waterpomp. Bloedjong meisies met gepermde hare, kort stywe rokkies en hoëhakskoene dans hand om die boud met butch diesel dykes. Sakkie-sakkie. Bapsfontein in Hillbrow.

Die Heys-nommertjie maak plek vir Itsy *Bitsy Teeny Weeny Yellow Polkadot Bikini*, en Samantha is skielik daar - met 'n klein plastieksambreeltjie wat in die dowwe lig geel en pers uitstraal bo haar kop, haar ander hand koketterig in haar sy. Sy steel centre stage, dis haar oomblik, en sy dans al in die rondte, trap, buig, trap, buig. Dié wat nie lag nie, cheer, en as die plaat en haar swanesang verby is, keer Samantha terug na Taffy's waar sy 'n bier koop en in haar skemerhoekie gaan sit.

**'N PAAR AANDE** keer ons terug en dié keer het Samantha net een fonteintjie op haar kop. Sy is ook meer spraaksaam en sit by twee jong mans (een van hulle 'n mean Mac met nunchaku-stokke agter in sy jeans gedruk) en 'n mollige, opdringerige vrou met 'n Antie Stienie-stem. So af en toe stamp een van hulle aan haar. "For God's sake, don't be so rough. I'm not a child, I'm 56 years old. Behave yourselves," vermaan sy.

Samantha sê sy kom oorspronklik van Nieu-Seeland af, is geskei en haar ex, die Belgiese miljoenêr, bly nou in Brussels.

Manie borduur voort: "Ek ken haar nou al van 1972 af. Daai tyd het sy 'n Porsche gery. Haar man wás 'n miljoenêr, ek sê jou. Toe skei hulle, hy gaan België toe en sy begin drink.

"Sewe-uur soggens het sy die Ambassador laat oopmaak. Toe verkoop sy die Porsche en kry 'n Chev. Sy praat nie eintlik daaroor nie. Nie eens Cynthia, my vrou, kry die hele storie uit haar uit nie. Daar moes iets vreesliks met haar gebeur het.

"Ons het 'n foto van haar uit daai jare wat sy vir Cynthia gegee het. Sy was baie mooi, soos 'n model. Nou's sy elke aand hier. Haar man onderhou haar steeds, maar die ander dag is sy gemug toe sy haar geld gaan kry het. Sy het nogal seergekry. Maar sy is elke aand hier."


Samantha wil nie met my daaroor praat nie. Haar oë raak wasig, sy keer haar rug op my en praat weer met haar jong vriende.

Die barman sê die mense moet loop, die kroeg maak nou toe.

Samantha gaan saam met haar jong vriende huis toe. Sy moes eintlik by Judith gaan oorbly het vanaand, maar sy kry haar nie in die hande nie.

"Maar dis net tot ek weer my eie plek het," sê sy. "Ek sien julle weer, ek's elke aand hier," sê sy, terwyl sy Taffy's so regop en fier as moontlik verlaat.

# briewe



'n Briefskrywer vra: "Kan enige vooropgestelde ideologie die verkryging van groter individuele en innerlike vryheid waarborg?"

## GESONDE INTERAKSIE

**MARTIN BRINK VAN CALEDON SKRYF:**

'n Tydjie gelede vra Francois Wessels in sy brief "Wat van 'n bietjie ideologie" (VWB Briewe 5 - 11 Maart 1993) dat VWB "konkrete" interpretasies van verskeie ideologieë plaas deur "onderhoude met voorstanders van verskillende politieke rigtings" te voer. Myns insiens is dit ook die naaste wat ons politici by die konkrete sal kry - op papier.

Maar kom ons vergeet 'n oomblik konkrete werk op papier. Feit is dat net produktiewe mense - in wie psigiese groei reeds in 'n mate plaasgevind het - ons konkrete wêreld en sy mense positief kan beïnvloed.

'n Vangplek lê egter in die volgende: die innerlike groei van elke mens, wat tot uiting kom in karaktereienskappe soos groter pligsbesef en integriteit, is afhanklik van gesonde interaksie met ander mense - en meer bepaald met mense in gesagsposisies. Mits laasgenoemdes self oor gewenste eienskappe beskik.

Wanneer politici van veral ontwikkelende lande om ideologiese (en ras-) oorwegings top-aanstellings maak in hul staatsdepartemente, word die psigiese onderbou van dié burokrate aan die toeval oorgelaat. En op hul beurt sit gemelde burokrate dieselfde soort selektiwiteit voort met betrekking tot die res van die applikante wat in diens geneem word.

Op die ou end eindig al die papier-voornemens waarmee begin is, in wanadministrasie en inflasie, soos byvoorbeeld in die gewese Sowjet-Unie.

Daarom stel ek voor dat VWB eerder onderhoude plaas met 'n wye spektrum van akademici wat min of meer op die volgende neerkom:

* Kan enige vooropgestelde ideologie die verkryging van groter individuele en innerlike vryheid waarborg?
* Kan segsmanne van die waarskynlik toekomstige ANC-regering vir ons vertel of hul denkrigting kollektivisites of byvoorbeeld liberaal-demokraties gefundeer is?
* Onder welke ideologiese sambreel, het die geskiedenis bewys, beleef outoritêr-gesinde of anti-demokratiese gesagsfigure die beste "heimat"?
* Is die bestryding van omgewingsverwante probleme, soos byvoorbeeld die kweekhuis-effek, moontlik sonder die verkryging van groter individuele verantwoordelikheid onder Jan Alleman of dan "the people"?

## VERKEERDE VRAE AAN VERKEERDE MENSE

**PROF JJ SNYMAN EN DR PJJ VAN VEUREN VAN DIE DEPARTEMENT FILOSOFIE AAN DIE RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, JOHANNESBURG, SKRYF:**

Op 18 Februarie vanjaar is 'n werkswinkel oor werkgeleenthede vir BA-gegradueerdes by die RGN gehou. Een van die sprekers by dié geleentheid was dr C van Aardt van die Nasionale Mannekragkommissie.

In die dagbladpers word berig dat hy in Stellenbosch oor dié werkswinkel sou gesê het dat "sprekers by die seminaar dit eens (was) dat die getal BA-gegradueerdes verminder moet word deur die beklemtoning van tegniese loopbane en die aanpassing van die nasionale onderwysbeleid om studie in die natuurwetenskappe, ingenieurswese en tegnologie groter aanmoediging te gee." Volgens die berig sou hy ook beweer het dat daar eenstemmigheid was oor die gewenstheid van 'n beperking van studentegetalle vir BA.

Ons wil die indruk wat uit dié weergawe geskep word, ernstig weerspreek. Omdat ons self die werkswinkel bygewoon het, wil ons Van Aardt herinner aan die skerp kritiek op sy eie bydrae.

Die meeste van die bywoners van daardie seminaar betwis nie die noodsaaklikheid van die bevordering van opleiding in die natuurwetenskappe en ingenieurswese nie. Maar Van Aardt se pleidooi hiervoor is ongeloofwaardig vanweë die eensydigheid van die navorsing en die toekomsprojeksies waarop hy hom vir sy pleidooi beroep.

Dit is aan hom gestel dat sy benadering (en klaarblyklik dié van die Nasionale Mannekragkommissie) baie eng na slegs die behoeftes van die groot sake-sektor kyk in die naïewe geloof aan 'n vryemarkstelsel, naamlik dat as rykdom eers geskep is (deur die soort beroepe waarvoor die Mannekragkommissie wil beplan), alle ander probleme in Suid-Afrika vanself opgelos sal word. Amper soos die filosoof Wittgenstein in 'n minder helder oomblik gesê het: "n Mens bemerk die oplossing van 'n probleem in die verdwyning van die probleem."

Die punt wat op die RGN se werkswinkel gemaak is, is dat ons daaraan moet dink dat daar 'n infrastruktuur van waardes, menswaardighede en gesindhede óók aanwesig moet wees om 'n samelewing ekonomies te laat ontwikkel. Van Aardt (en klaarblyklik die Mannekragkommissie) het weinig of geen breëre insig in en wysheid oor die behoeftes van 'n samelewing nie. Ons herhaal wat by die werkswinkel aan die adres van die Mannekragkommissie gelê is: hulle vra die verkeerde vrae, en hulle vra dit aan die verkeerde mense.

Dit is dus nie 'n geval van óf BA óf BSc(Ing) nie, maar én BA én BSc(Ing). Wanneer die Nasionale Mannekragkommissie dit eendag in die openbaar ondubbelsinnig sê, kan ons oor die getalle van elke rigting onderhandel.

## FW SE KAR

**KATRIENA VAN DEN BROEK VAN PRETORIA SKRYF:**

As getroue VWB-leser is ek bitter teleurgesteld omdat julle die nuus sensureer. Waar is die berig en foto van FW de Klerk se ses-syfer ingevoerde Mercedes Benz waarop hy nie invoerbelasting betaal het nie? Ek het altyd gedink julle is "by" in julle denke en publikasie, maar ek sien julle word betaal om stil te bly - of hoekom bly julle dan stil!?

## ERNSTIGE MUSIEK AFGESKEEP

**MUSIEK-HONGER VAN PRETORIA SKRYF:**

Dit was met intense belangstelling en afwagting waarmee ek VWB se uitstekende resensies en artikels oor sogenaamde "ernstige musiek" (opera, simfoniekonserte, kamermusiek ens.) geniet het. Ek is egter al meer teleurgesteld om te sien dat u gereelde dekking van musiekkuns - veral wat kwantiteit betref - 'n flou afskaduwing geword het van wat dit eens was.

In 'n land waar die uitvoerende kunste op wankelende bene staan, sou ek graag wou weet of dit ook VWB se mening is dat die ernstige musiek te "Eurosentries" (soos wat Kruik, en die ANC, se rede is vir die onlangse afdanking van al hul soliste) van aard is en daarom nie hoort in die (hopelik beskaafde) Nuwe Suid-Afrika nie? Dit is merkwaardig dat dit my 'n leeftyd geneem het om agter te kom dat ons te "Eurosentries" is en apartheid so bevorder. Wat van die motors wat ons ry, en al die sportsoorte wat ons beoefen? Die oorsprong daarvan is tog ook Europees. Of is dit bloot nog 'n geval waar politiek (in plaas van kuns) die enigste erkende refleksie van 'n beskawing geword het?

## VAARWEL AAN 'N STRYDER

**TJ OPPERMAN VAN MARKPLEIN SKRYF:**

God seën Afrika  
God seën haar seun  
God seën haar kryger  
Seën haar held.

Ons ween oor Afrika  
Ons treur oor haar seun  
Ons treur oor die krygger  
Ween oor ons held.

Bring hulde aan ons leier  
Die een wat Afrika se horing  
Hoog help hou het  
Die een wat Afrika se kinders  
Weer trots gegee het.

Hoor! Afrika!  
Die brul van die jong leeus  
Ons leier is dood  
Lank leef ons leiers!

## ONVERDRAAGSAAM, AGGRESSIEF

**HERMAN LATEGAN VAN GROENPUNT SKRYF:**

Die sinnelose sluipmoord op Chris Hani laat 'n mens vir die eerste keer voel asof die tyd finaal aangebreek het om te emigreer. Hoewel ek nie die kommunisme aanhang nie, is dit tog die reg van individue om te glo waarin hulle wil. Die probleem met ons Suid-Afrikaners is dat daar nie meer welwillendheid tussen ons heers nie. Ons is onverdraagsaam, aggressief en bang om te verander. Die land is in chaos gedompel en, soos een van die karakters in Koos Prinsloo se boek Slagplaas sê: "Daar is niks meer vir ons op dié plek oor nie."

**Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.**

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur VWB Posbus 177

Newtown 2113

# brolloks

### NAAR, PIENAAR, KOTZE

**HOE** harder die polisie probeer om hul beeld as apolitiese beskermers van die gewone publiek te vestig, hoe meer skiet hulle hulself in die voet.

Nie FW de Klerk nie, selfs nie die Bul met die Ingeboude Chinashop, Hemus Kriel, het die ANC se planne vir rou-optogte en massavergaderings veroordeel nie. Dié taak is verrig deur die SAP se Politieke Kommissar, natneus-kapteintjie Craig Kotze met die babagesiggie en die seunskuifie. Die ANC is onverantwoordelik, verklaar Craigie met groot gesag, en hulle beter nou eerder onderhandel as om met dié soort massa-aksie te kom.

Voorspelbaar het die kommissar se uiters onsensitiewe politieke kommentaar die ANC woedend gemaak en die verhoudinge tussen die ANC en die SAP verder geskaad.

Wie de hel is Craig Kotze? Wie het hom gekies om sommer namens die regering en die veiligheidsmagte die nasionale politiek te ontleed en dit dan aan die groot klok te hang? En die knaap is boonop sommer nog 'n Johnny-come-lately stofpoepertjie!

### KLAUS SE FAN CLUB

**DAARDIE** onkeerbare Pruisiese veldheer en Doyen van Politieke Finesse, Herr Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC, ens., is besig om 'n spogfunksie te reël met "hoogwaardigheidsbekleërs vir verdere luister", R150 per paar, strikdas en al.

Hoekom? Om die dag tien jaar gelede te vier toe hy die kantoor van die Witwatersrandse Prokureur-generaal begin het.

Hy is voorsitter van sy eie fan club, sien.

### GUNSTELING LEESSTOF

**DIE** Pool wat weens die sluipmoord op Chris Hani aangehou word, het volgens sy vriende en familie net een koerant gelees: *The Citizen.*

Surprise, surprise. Vir geruime tyd nou al is *The Citizen* die mees reaksionêre dagblad en saam met *Rapport* die regsste koerant in die land. *The Citizen* se anti-kommunistiese en anti-ANC-histerie registreer 11 op die Richterskaal.

So 'n blad trek dan ook soortgelyke lesers. Kyk na Woensdag se briewekolom in dieselfde koerant.

Brendan Willmer van die Natal Freedom (sic) Campaign maak skerp beswaar oor die behandeling wat Hani ná sy dood kry en sê onder Hani se leierskap het MK en die Self-Defence Units "a campaign of terror and murder unparalleled in SA history" geloods. Kilton van Bramley skryf Hani het in elk geval op geleende tyd geleef, en "those who live by the sword often die by the sword". Anti Terrorist van Roodepoort skryf as Hani se dood 'n tragedie was, dan was die dood van Hitler, Stalin en Jack the Ripper ook 'n tragedie. Up the Pole van Johannesburg kla oor die halfmas-vlag by die SA ambassade in Washington.

Hoe ironies is dit nie dat by die helfte van *The Citizen* se lesers swart is! Hulle lees die blad glo net vir die perde...

### VIVA HARRY

**BROLLOKS** was nooit juis 'n geestesgenoot van Harry Schwarz nie. Maar Schwarz was oor die laaste maande seker die beste ambassadeur onder die huidige vloeibare omstandighede wat Suid-Afrika het.

Schwarz se besluit om die vlag by sy ambassade in Washington halfmas te laat hang, was 'n waardige, sensitiewe een - veral komende van 'n man wat bekend is vir sy sterk anti-kommunistiese houdings. Brolloks hoop die besluit kom uit sy hart uit, maar selfs al was dit net praktiese politiek het dit groot simboliese waarde hier en in Amerika gehad.

### VREEMDE REGSES

**DIE** mense van die gewese Oosblok-lande soos Pole, Hongarye, Tsjeggo-Slowakye, Oos-Duitsland en die Sowjet-Unie het 'n moeilike paar dekades agter die rug. Hulle ken nie 'n oop, verdraagsame gemeenskap of die demokrasie nie, en hulle is verbitterd oor wat die kommunistiese regimes aan hulle gedoen het.

Dit is so bitter jammer dat Suid-Afrika met sy immigrasiebeleid van enigiemand kan kom solank hy/sy wit is, die stortingsterrein geword het van tienduisende van dié mense. Gaan krap maar in enige regse organisasie rond en jy kry hulle: rassistiese fanatici.

Volgens die Poolse koerant *Gazeta Wyborcza* was Janusz Walus een van 'n vlaag Pole wat in die 1970's en 1980's met finansiële hulp na Suid-Afrika geëmigreer het. Die koerant sê baie van dié immigrante is nou teen die hervorminge in Suid-Afrika gekant "omdat dit hul bevoorregte posisie as witmense in die samelewing kan ondermyn".

### KOEBAAI EN HELLO

**DIS** nie net ons wat 'n onbeholpe, topswaar burokrasie het nie. Greenville County in Amerika se Maatskaplike Dienste stuur die ander dag die volgende kennisgewing aan 'n pensionaris: "Your food stamps will be stopped effective March because we received notice that you passed away. May God bless you. You may reapply if there is a change in your circumstances."


# Skande! Skok!

## Diana se slaapkamergeheime! Piet Koornhof praat sy hart uit! Boggelrug-dwerg bieg oor sy ouma!

**Jammer, dis nie *Vrye Weekblad* se styl nie. Daar is genoeg koerante en tydskrifte wat oor dié soort sake verslag doen.**

**_Vrye Weekblad_ is die intelligente alternatief. Ons lesers is mense wat wil weet wat is die jongste tendensies en gebeure in die politiek, die nasionale lewe en die kunste. _Vrye Weekblad_-lesers hoef nooit met 'n mond vol tande te sit as daar intelligent oor enigiets gesels word nie.**

## Die beste belegging wat jy vandag kan maak, is om in te teken op *Vrye Weekblad* en so te sorg dat jy dit nie een naweek misloop nie.

Die PW-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark.
In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein.

As jy buite een van die streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liewer nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).

Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan:
VWB Verspreiding,
Posbus 177,
Newtown
2113.

Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir

☐ 1 jaar
☐ 6 maande

Naam ..............................

Adres (aflewering) ..............................

..............................

Adres (korrespondensie) ..............................

..............................

..............................Poskode ...........

Telefoonnommer ..............................

# ONS ALMAL MOET VREDE MAAK. NIE NET ORGANISASIES OF PARTYE NIE.

Dis tyd dat ons, die gewone mense van Suid-Afrika, verantwoordelikheid vir vrede aanvaar. En vrede maak. Met mekaar. En met ons verlede. Samewerking is al wat gaan verseker dat die vredesduif op ons land neerdaal. 'n Simbool van hoop vir die toekoms. 'n Toekoms wat nie net sonder haat en nyd gaan wees nie, maar ook deur ekonomiese welvarendheid en goeie verhoudinge gekenmerk sal word.




Maar om dit waarvoor die simbool staan, te bewerkstellig moet alle Suid-Afrikaners hulle deel doen. As jy wil uitvind hoe jy die vredesimbool kan gebruik, skryf aan: Die Vredeskantoor, Posbus 785203, Sandton 2146. En help om vrede in ons land te bewerkstellig.

## VREDE IN ONS LAND

HUNT LASCARIS TBWA 302143

# die see sal wen

## Volgens alle aanduidings gaan jou vakansiehuis langs die see een van die dae onder water wees. **INA VAN DER LINDE** doen verslag



**DIE** verhitting van die aarde se atmosfeer en die gevolglike styging in seevlakke, blyk al hoe meer waarskynlik. Wanneer dit gebeur sal dit 'n voortdurende stryd afgee tussen die see en huiseienaars wat op die kus woon.

Dr Peter Hughes van die Seevlak Navorsingseenheid aan die Universiteit van Kaapstad sê: "Die see sal wen."

'n Konserwatiewe raming deur wetenskaplikes is dat die seevlak teen die jaar 2070 met 50 cm sal styg - sowat 'n halwe meter - volgens 'n artikel in SA Commercial Marine Magazine. Die wetenskaplikes stel voor dat sekere riglyne toegepas word voordat enige verdere ontwikkeling langs die Suid-Afrikaanse kuslyn plaasvind ten einde toekomstige verlies van die omgewing en beleggingskapitaal te voorkom indien die see soos laasweek in die Kaap, hande uitruk.

Die teorie van die verhitting van die aarde lui dat die mens se oorproduksie van gasse 'n kweekhuis-effek op die omgewing het, wat beteken dat hitte binne die aarde se atmosfeer vasgevang word in plaas van in die ruimte ontsnap soos wat normaalweg sou gebeur. Die hitte smelt stabiele gletsers en verhit die boonste laag van die oseane, wat dan uitsit. Terselfdertyd smelt die ysbedekking by die noord- en suidpool - wat die oseaanvlakke verder laat styg.

Wetenskaplikes voorspel dat die temperatuur oor die volgende 100 jaar gemiddeld met 3 grade C gaan toeneem.

Daar is probleme met dié voorspellings omdat die teorie nog nie bewys is nie. Maar Peter Hughes en prof Geoff Brundrit, die voorste plaaslike kenners van seevlak-stygings, wys daarop dat wetenskaplikes wat klimaatsveranderinge vir Nasa en die Britse Meteorologiese Kantoor bestudeer, die toerie met groot erns bejeën.

**TEENARGUMENTE KOM VAN** wetenskaplikes van die Marshal-Instituut in die VSA, wat beweer dat die verwarming 'n natuurlike kringloop van temperatuursveranderinge is wat oor duisende jare kan strek. Die instituut is egter verdag, want dit ontvang geld van brandstof- en staalmaatskappye met gevestigde belange in die pogings om klimaatsveranderinge te beperk.

Maar simptone van 'n ongewone vinnige wêreldklimaatsverandering word nou sigbaar. Wêreldtemperature het die afgelope 100 jaar met 0,5 grade C gestyg en vlakke van koolstofdioksied, die belangrikste kweekhuisgas wat deur voertuie en die nywerheid vervaardig word, eksponensiaal. Die warmste jare wat nog opgeteken is, interessant genoeg, is in dalende volgorde: 1990, '91, '88, '87, '89, '83, '81 en '86.

Dit neem klaarblyklik 20 jaar voordat 'n styging in temperatuur 'n styging in seevlakke tot gevolg het. Hughes sê: "Die styging in seevlakke wat ons nou opteken, is die gevolg van die 1970-styging in temperatuur. Ons verwag dat seevlakke nou vinnig gaan styg. In die volgende tien jaar sal ons kan sê of die kweekhuis-effek wel plaasvind - daar is geen plaasvervanger vir data nie."

Die seevlakke van al die Suid-Afrikaanse waters het sedert 1960 met 'n gemiddeld van 3,6 cm gestyg. Vinnige verandering in seevlakke van ons 3 000 km lange kuslyn, sal feitlik almal raak aangesien 80 persent van die kuslyn uit sandstrande bestaan wat maklik wegkalwe.

**HUGHES WYS DAAROP** dat die voorspelde styging vinniger sal wees as enigiets wat nog opgeteken is. "Enige ontwikkeling reg op die kuslyn wat nie beskerm word deur wye strande of duine nie, gaan 'n probleem hê. Erosie sal tot gevolg hê dat strande landwaards verskuif. Waar die strand deur 'n muur of 'n pad geblokkeer word - soos by Durban en sekere strand-gebiede wes van Kaapstad - sal die skade ingrypend wees."

Hy sê riviermondings is 'n groter ekologiese probleem. Indien 'n monding omring word deur ontwikkeling en die seevlak styg, sal die laagliggende gebiede naby die kus oorstroom word. 'n Hoër seevlak sal die soutwater dieper in riviermondings laat indring, wat laagwater-bronne sal besoedel en 'n styging in die kuswatertafel sal meebring.

Die Navorsing van die Seevlak-eenheid wys op vier hoof kusgevaar-gebiede: Groter Kaapstad van Melkbosstrand tot by Gordonsbaai; die Suidkaapse kus, van Mosselbaai tot by Nature's Valley; Port Elizabeth en omgewing; en die Natalse Suidkus van Southbroom tot by Ballitoville.

Onder die spesifieke gebiede wat ondersoek is, is Milnerton se Houtbrug-eiland, waar 'n 'n stuging van een meter in die seevlak tot gevolg sal hê dat die oorspronklike kuslyn sowat 100 meter landwaards beweeg. Rietvlei sal oorstroom en 'n aansienlik groter lagoon vorm. Die gevolge van 'n groot storm kan dramaties wees. Die voorkant van Milnerton sal met water bedek wees en die hele eiland deur golwe oorstroom word.

Die Strand word alreeds met groot storms oorstroom en die pad moet elke winter herstel word. Vishoek, Muizenberg, Zandvlei, Marina Da Gama en die rioolwerke op die Kaapse Vlaktes en Macassar sal geraak word.

Durban se strande word reeds gevoed deur sand in te pomp. 'n Styging van 'n halwe meter sal die bestaande strande uitwis en lei tot 'n dramatiese verlies aan inkomste uit toerisme.

**HUGHES SÊ** daar is vier keuses:

- 'n Beplande terugval warin verder landwaards beweeg word. Dit het komplekse regs- en versekeringsimplikasies.
- Beperking op enige ontwikkeling wat 'n risiko mag wees. Dit kan voordele vir omgewingsbewaring inhou, maar terselfdertyd waardevolle grond steriliseer.
- Harde of sagte watermure, dyke of duine, teen 'n aansienlike koste.
- Ons kan volstruis speel en niks doen nie, wat ons op die lang duur ook duur te staan sal kom.

'n Interdepartementele Koördineringskomitee vir Wêreldomgewingsveranderinge gee op die oomblik aandag aan die hele kwessie. Die komitee is 'n adviesliggaam bestaande uit kenners wat aangestel is deur die Direkteur-Generaal van Omgewingsake. Sekere aanbevelings gaan gemaak word, wat hopelik in wetgewing gaan uitloop, sê Hughes.

# Eksotiese mariene-spesies wek kommer

**DAAR** is die afgelope jare toenemende kommer in internasionale kringe oor die moontlikheid dat skadelike see-organismes in die ballaswater van skepe na ander wêrelddele vervoer word, waar dit groot maatskaplike, ekonomiese en ekologiese implikasies kan hê.

Dr Lynn Jackson van die afdeling Seevissery van die Departement Omgewingsake het onlangs op 'n mariene-konferensie in Durban gewys op die ernstige nadelige uitwerking wat eksotiese mariene-spesies op die seelewe kan hê.

Navorsing toon dat 'n wye verskeidenheid van organismes, insluitende mariene plante en diere sowel as siektekieme by wyse van ballaswater op vragskepe vervoer word. In die Groot Mere van Noord-Amerika is 'n derde van die 100 opgetekende vreemde spesies moontlik op dié wyse ingevoer. Dit vind nie net by wyse van ballaswater plaas nie, maar ook in die sediment (grondsop) wat saam met die ballaswater aan boord geneem word.

Planktonspore kan byvoorbeeld maande lank in sediment oorleef. Behalwe die ekologiese skade wat hiermee gepaard gaan, is daar ook ernstige maatskaplike, gesondheid- en ekonomiese implikasies hierby betrokke. Hoewel min inligting nog ingewin is oor gesondheidsaspekte, is menslike bakterieë in monsters van ballaswater gevind. Die gevaar bestaan ook dat visvirusse op die manier vervoer kan word.

Om eksotiese spesies te bestry, kan miljoene rande beloop. Die bestryding van die ingevoerde Zebra-mossel in die Groot Mere van Noord-Amerika sal byvoorbeeld oor die volgende 10 jaar sowat 5 biljoen Amerikaanse dollar beloop. In Australië bedreig die invoer van die toksiese dinoflagellate (Gymnodium catenatum) die skulpvisbedryf van 150 miljoen Australiese dollar.

En in Japan is berig dat sommige skulpvis-nywerhede in die noorde al vir 'n tydperk van 300 dae in een jaar moes sluit weens 'n uitbarsting van dinoflagellate.

In Suid-Afrika is 'n hoeveelheid eksotiese marine-spesies reeds gevestig in gebiede waar skeepsvaart plaasvind. Dit sluit in die Engelse krap (Carcinus maenus) wat nou reeds van die Kaapse Skiereiland tot in Saldanhabaai voorkom; die sogenaamde Engelse swart mossel (Mytilus galloprovincialis) wat vinnig besig is om in Saldanhabaai dominant te word; die wulk (Bedeva paivae), 'n soort seeslak wat in Oos-Londen se hawe gevind is; en nog 'n wulk (Thais haemostoma) wat net buite die Durbanse hawe gevind is. Boonop is die giftige plankton-soort, dinoflagellate (Gymnodium nagasakiesis), sedert 1988 in Valsbaai opgemerk, en het reeds na die Suidkus versprei. 'n Aantal eksotiese spesies is reeds in Suid-Afrikaanse waters gevestig.

Laasgenoemde plankton-soort het ernstige sterftes van 'n verskeidenheid sub- en tussengety-spesies tot gevolg gehad, insluitende sowat 40 ton perlemoen.

Daar was ook 'n aantal baaiers en vissermane wat gekla het oor oog, neus en longirritasies - kenmerke wat in ooreenstemming is met neurotoksiese skulpvis-vergiftiging, iets wat nooit voor 1988 in die Kaapse Skiereiland voorgekom het nie.

Dis veral Suid-Afrika se Skulpvis-boerdery, wat van 250 ton in 1985 toegeneem tot meer as 2 700 ton in 1991, wat bedreig word. Skulpvis-boerdery is beperk tot beskutte baaie, waarvan Suid-Afrika net 'n paar het - baaie wat ook deur skepe gebruik word en dus blootgestel word aan al die besoedeling wat met verskeping gepaard gaan, onder meer die storting van ballaswater.

Dis nodig dat dringend aandag gegee word aan beheermaatreëls oor die storting van ballaswater deur vragskepe in hawens. Jackson stel voor Suid-Afrika moet kyk na riglyne in die verband deur die Mariene Omgewingswbeskermingskomitee van die Internasionale Maritieme Organisasie (Marpol) opgestel is. Dié riglyne sluit in:

- Dat geen ballaswater gestort word nie - 'n maatreël wat nie op alle skepe van toepassing gemaak word nie;
- Die uitruil van ballaswater moet in die diepsee en nie langs die kus of in hawegebiede geskied nie, omdat spesies wat in kuswaters leef moeilik in die diepsee sal oorleef.
- Wanneer storting plaasvind moet alle sediment ook uitgespoel word, of anders moet dit aan land gesteriliseer word voordat dit in die see gestort word.
- Praktyke wat die potensiële gevare van ballaswater en sediment beperk, moet aanvaar word. Dit sluit in 'n verbod op die inname van water wat minder as spesifieke diepte is, en die verbod op die opneem van ballaswater in gebiede wat skadelike dinoflagellate-spesies huisves.
- Die verskaffing van geriewe aan die kus wat dit moontlik maak dat ballaswater en sediment op die wal behandel kan word voordat dit gestort word.

Jackson stel voor dat Suid-Afrika aanvanklik 'n stel vrywillige riglyne aanvaar, terwyl gewag word op die ontwikkeling van internasionale beheermaatreëls. - INA VAN DER LINDE

# Amerika en Rusland: dwase drome bedreig die toekoms

Dekades lank het die VSA kommunisme in Rusland en die Sowjet-Unie probeer ondermyn. Maar noudat die kans aangebreek het om 'n splinternuwe verhouding met Rusland op te bou, verbrou die Amerikaanse regering alles omdat dit geen helder begrip het van wat werklik in Rusland aangaan nie - en geen werkbare beleid jeens 'n post-kommunistiese Rusland het nie, skryf **STEPHEN F COHEN** internationale Sowjet-kenner en professor in politiek aan die Princeton Universiteit. Deur met valse aannames en illusies in Rusland se huishoudelike sake in te meng, dreig die VSA selfs om parlementêre demokrasie daar te help kelder en die land terug te dompel in die despotisme van die verlede



Yeltsin is 'n marionet van die Amerikaners en stel Rusland in die verleentheid deur om lenings te vra, is die strekking van dié Moskouse burger se plakkaat uit protes teen Yeltsin se "spesiale regime". (Foto: AP)

**DIE** gebeure van die laaste jare het ons by 'n kruispad in die betrekkinge tussen die VSA en Rusland gebring.

Daar is groot hoop - maar ook illusies en groot gevaar. Die hoop steun op die nuwe denke en hervorming nou onderweg in albei lande, wat die moontlikheid inhou van 'n ingrypend nuwe, gedemilitariseerde en waarlik koöperatiewe verhouding tussen die twee, wat as supermoondhede mekaar so lank vyandiggesind was. Die gevaar skuil in 'n moontlike samevloeiing van die ingewikkelde werklikhede van die post-kommunistiese Rusland en die post-Koue Oorlog Amerika se simplistiese verwagtinge van die voormalige vyand - 'n samevloeiing wat, indien dit nie tot 'n hernieude koue oorlog lei nie, 'n onrustige vrede tot gevolg kan hê. Dié gevaar word nou vergroot deur die Clinton-administrasie se onwyse inmenging in Rusland se huishoudelike politiek en steun vir pres Boris Yeltsin se afkondiging van 'n "spesiale regime", wat dreig om 'n einde te maak aan Rusland se historiese en uiters fragiele eksperiment met demokratisering.

Wat ookal gebeur, Rusland sal nog baie jare die belangrikste kwessie in die VSA se buitelandse beleid wees. Aan die een kant sal Rusland se toekomstige ontwikkeling - vanweë die land se geskiedenis, grootte, ligging, ekonomiese potensiaal, wapens en ongeëwenaarde potensiaal vir kernrampe - in groot wêrelddele 'n enorme invloed hê op die vooruitsigte op stabiliteit en internasionale veiligheid. Aan die ander kant is daar nog geen einde in sig aan Rusland se ineenstorting nie en ervaar die land steeds 'n politieke, ekonomiese, maatskaplike en selfs sielkundige krisis.

En tog het die VSA geen weldeurdagte en werkbare beleid teenoor Rusland nie, en het dit nog nooit so 'n beleid gehad sedert die verbrokkeling van die Sowjet-Unie in 1991 nie. Organisatoriese energie en selfs finansiële verbintenisse kan op sigself nie sodanige beleide oplewer nie, al lyk dit of die Clinton-administrasie so dink. Die onderliggende Amerikaanse probleem is konseptueel en ideologies. Tensy ons verander aan die mitiese en sendelingagtige manier waarop ons aan die post-kommunistiese Rusland dink, sal die probleme en gevare wat ons in die gesig staar net vergerger.

**DIE INEENSTORTING** van die Kommunisteparty en die verbrokkeling van die Sowjet-Unie het sowel vrees as euforie by die VSA se beleidmakers gewek - vrees oor wat van die Sowjet-Unie se "los" kernwapens gaan word, euforie oor die pro-Amerikaanse moontlikhede wat as inherent aan 'n post-kommunistiese Rusland beskou is. Die vrees was gegrond, maar die euforie is afgelei uit verskeie merendeels valse aannames, waaronder:

- Dat die gebeure van 1991 'n "nuwe Russiese Revolusie" behels wat die Sowjet-stelsel - en die meeste hindernisse tot hervorming - uit die weg geruim het.
- Dat fundamentele hervorming in Rusland nou neerkom op die skepping van 'n Westerse demokrasie en vryemark-kapitalisme, moontlik selfs 'n replika van die Amerikaanse stelsel.
- Dat Rusland, hoewel probleme voortduur, gou-gou uit die kommunistiese verlede kan wegkom op 'n demokraties-kapitalistiese weg mits daar 'n kompromislose leierskap (Boris Yeltsin en sy span gelei deur die voormalige waarnemende premier Yegor Gaidar), radikale ekonomiese beleide ("skokterapie") en genoeg Westerse steun is.
- Dat Amerika daarom energiek betrokke moet raak deur 'n sendingveldtog ('n nuwe "Marshall-plan") te begin om dié Russiese gedaantewisseling te vorm en te versnel en die Yeltsin-Gaidar-leierskap te verdedig teen hul "reaksionêre, konserwatiewe, geharde kommunistiese" teenstanders.
- Dat sodanige beleide, in Washington en Moskou, die grondslag sou vorm vir 'n nuwe verhouding tussen die VSA en Rusland deur post-kommunistiese Rusland te verander in 'n enersdenkende "vriend en vennoot" in internasionale en veiligheidsake.
- Dat wye en standhoudende steun vir dié beleide in sowel Rusland en die VSA bestaan.

**GROOTLIKS VANWEË** dié aannames het die Bush-administrasie 'n tweeledige beleid jeens Rusland gevolg, 'n beleid wat voortduur. Die administrasie het 'n groot vermindering beding van Sowjet-vervaardigde strategiese kernwapens - dié in Ukraine, Belarus en Kazakhstan inkluis - en aangebied om dit te subisideer. En dit het voorbrand gemaak vir 'n vinnige oorgang na demokrasie en kapitalisme in Rusland, waarvoor dit aansienlike finansiële steun belowe het.

Die Amerikaanse beleid het 'n mate van vordering gemaak in die rigting van die "nuwe era van vriendskap en vennootskap", wat deur George Bush en Yeltsin afgekondig is tydens hul spitsberaad verlede Junie. Maar die meeste van dié beweerde prestasies was, en bly, retories.

Die mislukkings - selfs voor die huidige Russiese krisis - is nog belangriker. Die luid aangekondigde START II-ooreenkomste wat in Januarie deur Bush en Yeltsin onderteken is, het nog nie werklik die kernbedreiging uit die voormalige Sowjet-Unie verminder nie - dié gevaar bly nog groter as onder die voormalige Sowjet-regime. Die groot vermindering van strategiese wapens oor 'n tydperk van tien jaar wat deur START II vereis word, hang van drie belangrike voorwaardes af: die weerbarstige Ukraine moet vorige wapenooreenkomste bekragtig en alle kernwapens aftakel of na Rusland verskuif; die rumoerige Russiese parlement, merendeels teen Yeltsin gekant, moet die ooreenkoms bekragtig; en politieke stabiliteit, 'n pro-START regering inkluis, moet vir minstens 'n dekade in Rusland en moontlik Ukraine heers. Daar is 'n goeie kans dat sommige of al dié vereistes nie vervul sal word nie. Boonop het geen ooreenkoms tussen Rusland en die VSA al 'n oplossing gevind vir die ewe groot of selfs ernstiger gevaar van taktiese wapens in voormalige Sowjet-gebiede, swak ontwerpte en onderhoude kernreaktors en die vermeerding van strategiese tegnologie nie.

En wat Rusland se "oorgang na demokrasie en kapitalisme" betref: demokratisering het sedert 1991 bitter min gevorder, daar was selfs sporadiese terugvalle na outoritarisme en Yeltsin kan nog meer sulke terugvalle oplewer. In die ekonomiese lewe is pynlik en met rukke en stote voortbeweeg na 'n markstelsel, maar kwalik na die vryemark-kapitalisme voorsien deur die VSA se beleidmakers. Die Russiese staat oorheers steeds die ekonomie, en die sprong-na-kapitalisme-skokterapie wat aan die samelewing opgedwing is deur die Yeltsin-Gaidar-leierskap onder aanmoediging van die Amerikaanse regering, Amerikaanse akademiese raadgewers en die Internasionale Monetêre Fonds, het die ekonomiese krisis merendeels vererger, verwoesting gesaai onder die middelklas en waarskynlik die meeste Russiese gesinne verarm.

In die buitelandse beleid het die Yeltsin-regering intussen van tyd tot tyd lippe-hulde gebring aan die Amerikaanse "vriend en vennoot", maar natuurlik op verskeie "on-Amerikaanse" maniere omgesien na Rusland se eie nasionale belange - in die land se omgang met China, Japan, Indië, Iran, Serwië en verskeie voormalige Sowjet-republieke, en selfs in Rusland se beleid oor strategiese wapens. Ondanks Yeltsin se belofte meer as 'n jaar gelede, is Rusland se interkontinentale missiele steeds op die VSA gemik, soos verlede September deur maarskalk Yevgeny Shaposhnikov onthul is.

**NOG ERGER: DIE** sendelingagtige en opdringerige aspekte van die VSA se beleid sedert 1991 het aansienlik bygedra tot 'n groeiende teenreaksie in Rusland teen Amerika se inmenging in die land se interne en buitelandse sake. Die probleem is nie primêr die aangebore xenofobie van uiterste nasionalistiese bewegings wat die Yeltsin-regering as 'n Amerikaans-geborgde "besitting-regime" beskou nie, maar 'n meer algemene reaksie teen "veramerikaansing" wat regdeur die Russiese politieke spektrum versprei het na baie demokrate inkluis - 'n persepsie wat net verskerp kan word deur die Clinton-administrasie se oormatige steun vir Yeltsin se "spesiale regime".

Russiese amptenare kla dikwels dat Amerikaanse verteenwoordigers met hulle praat asof hulle "verlore kinders op hul knieë" is, terwyl hulle dogmatiese raad gee wat min insig in Rusland se werklike omstandighede toon. Amerika kan glo dit het die koue oorlog gewen, en Rusland kan nou wel geregeer word deur ootmoedige oud-kommuniste, maar daardie leiers is ook die trotse erfgename van 'n groot beskawing en 'n 20e eeuse supermoondheid. Nóg hulle nóg hul opvolgers kan of wil Rusland lei as Amerika se dienaars of bewonderaars. Dié toonaard word in Washington geskep, waar Clinton se amp- ▶



Bill Clinton .... karring maar voort met die inmenging in Rusland se huishoudelike sake wat deur George Bush begin is en op 'n chaos kan afstuur.

die VSA beswaar maak teen Russiese wapenverkope in die buiteland terwyl Amerikaanse verkope verhoog word; dat die VSA eis dat Rusland nie langer in die Derde Wêreld betrokke moet wees nie, terwyl Amerika steeds sodanige betrokkenheid behou; dat die VSA Russiese gehoorsaamheid aan VVO-resolusies verwag terwyl die VSA sodanige resolusies na eie goeddunke vertolk. Amerikaners kan hierop antwoord dat Rusland die regte van 'n supermoondheid verloor het.

Maar as die VSA werklik 'n nuwe verhouding begeer, hou dit 'n ernstige gevaar in om Rusland te vra om soveel meer te doen as wat die VSA bereid is om te doen. Selfs Amerika se "beste hoop", soos die Clinton-administrasie Yeltsin beskryf, het al kapsie gemaak teen 'n "neiging van die VSA om sy eie voorwaardes neer te lê". Hy het bygevoeg: "Geen ander staat kan so 'n groot nasie soos Rusland opdragte gee nie."

In dié konteks is nog 'n kwessie veral plofbaar. Die VSA neem aan dat al die voormalige Sowjet-republieke volwaardig onafhanklike state gaan bly, en dat Rusland hulle as sodanig sal behandel. Maar voorstelle duik steeds in Rusland op, asook in ander voormalige republieke, vir 'n nuwe federale of konfederale staat (anders as die huidige Gemenebes), wat natuurlik om Rusland sal wentel. Die faktore wat dié voorstelle aanvuur, sluit gemeenskaplike ekonomiese en veiligheidsprobleme in, die onsekere lot van 75 miljoen voormalige Sowjetburgers wat nou buite hul etniese tuislande woon, 25 miljoen Russe inkluis; miljoen huwelike tussen mense van verskillende etniese groepe; 'n menigte twiste oor soewereiniteit, grense en eiendomme; en uitkringende burgerlike geweld.

**AMERIKAANSE BELEIDMAKERS** het nog min aandag gegee aan dié probleem, al het selfs sommige Russiese demokrate al 'n pleidooi gelewer vir 'n "Russiese invloedsfeer", 'n "Monroe-doktrine", regdeur die voormalige Sowjet-Unie - 'n eis wat nou weerklank vind in Yeltsin se eie aandrang daarop dat Rusland moet beskik oor "spesiale magte as versekeraar van vrede en stabiliteit in streke van die voormalige USSR".

Een denkrigting wat Amerikaanse beleid betref, verteenwoordig deur Henry Kissinger, dring daarop aan dat enige politieke groepering rondom Rusland teengestaan moet word as herlewende Russiese imperialisme. Maar sê nou maar die besluit word vrywillig geneem deur die betrokke gebiede?

'n Sterk saak kan uitgemaak word dat 'n nuwe federasie of konfederasie van dié voormalige republieke wat wil aansluit dalk die enigste manier is om die rampe af te weer wat hulle nou bedreig. Ter wille van die herstel van die gebied, indien niks anders nie, behoort die VSA die herstelling van die Unie se gebroke ekonomiese bande voor te staan en niks te doen om politieke disintegrasie binne die Russiese Federasie self te bevorder nie. Die VSA moet ook alles moontlik doen om die plofbare kwessie te ontlont van daardie 25 miljoen Russe wat in die "buiteland" gestrand is. Die minste is om mense- en burgerregte voor te staan in al die nie-Russiese voormalige republieke, veral in Estonië, Latvië en Ukraine, ondanks politieke versoekings om dit nie te doen nie.

**RUSLAND IS NIE** Amerika s'n om te wen of te verloor nie. Maar omdat die VSA so baie op die spel het, is verskeie benaderings en programme nodig om Rusland (en die VSA) te help. Almal hou verband met die werklikhede en beperkings wat geskets is. Die VSA kan nie alles alleen doen nie, maar as die Clinton-administrasie na wêreld-leierskap aspireer, moet hy dit verskaf.

Nadat die administrasie hom vinnig onttrek het aan sy diepe betrokkenheid in Rusland se huishoudelike politiek, moet samesprekings ondmiddellik aangeknoop word met al Rusland se uitvoerende en wetgewende instansies wat betrokke is by die bekragtiging van START II - kritici van die verdrag inkluis.

Enige werklike ongelykhede in dié haastig opgestelde dokument moet uitgestryk word. Geen polities ongewilde verdrag sal betroubaar wees nie. Voor dit bekragtig word, moet die VSA intussen self begin met die implementering van START II, terwyl dit so hard moontlik werk aan onderhandelinge om kernwapen-ontwikkeling te beperk en Rusland se aanbod aanvaar van 'n vaste verbod op kerntoetse - in effek 'n einde aan die bou van kernwapens. As dit so moeilik is om ontslae te raak van daardie wapens, waarom nuwes bou? Die versoeking om taktiese wapens (die wat op slagvelde gebruik word) te gebruik, is selfs groter, veral in kwasi-religieuse burgeroorloë wat alreeds onderweg is in die voormalige Sowjet-Unie. Die VSA moet bevstiging kry van die presiese ligging en beheer oor alle oud-Sowjet kernwapens, en groot verminderings in sowel die Amerikaanse as die Russiese arsenale onderhandel. Boonop is talle Sowjet-kernreaktors net so gevaarlik soos die een wat in 1986 in Chernobyl ontplof het en terroriste binne Rusland het reeds gedreig om hulle te saboteer. Programme om dié reaktors te moderniseer en beveilig moet versnel en deeglik befonds word.

Rusland se traumatiese oorgang na 'n mark-ekonomie benodig 'n groot humanitêre veldtog in Amerika, nie net vir een winter nie, maar vir verskeie winters wat voorlê. Massiewe hulp, veral lewensnoodsaaklike kos en medisyne, moet gratis verskaf word aan dié Russe wat die meeste geraak word deur die oorgang na 'n markstelsel en die minste daarteen opgewasse is - kleuters, oumense, siek mense. Baie dinge wat dringend nodig is - babakos, aspirien, entstowwe, spuitnaalde, ens - word goedkoop en in oorvloed vervaardig deur Amerikaanse korporasies, wie se self-geadverteerde humanitêre aansprake nou getoets kan word. 'n Spesiale nasionale komitee moet gestig word om gesamentlike optrede op dié gebied deur die regering en die private sektor aan te moedig en te koördineer, 'n komitee saamgestel uit kundiges en onder die medevoorsitterskap van 'n hoëvlak-amptenaar wat deur Clinton aangewys is en twee simbolies-bipartisane ouer staatsmanne - byvoorbeeld Richard Nixon en George McGovern.

**RUSLAND SE KNELLENDE** buitelandse skuld van $84 miljard moet herstruktureer word - vinnig, ten volle, vrygewig en op 'n langtermyn-grondslag. Rente verskuldig aan Westerse regerings en internasionale banke, wat Rusland eenvoudig nie kan betaal nie, het 'n reusestruikelblok geword vir nuwe staats- en buitelandse investering in die Russiese ekonomie, noodsaaklik vir stabiliteit en hervorming. Dit moet ernstig orweeg word om rente-betalings volslae af te skryf en moontlik selfs daardie groot porsie van die hoofsom wat van die Sojwet-Unie geërf is. Westerse spesialiste begryp dat Rusland groot nuwe lenings en krediet moet kry vir ekonomiese investering en invoer, en om die maatskaplike pyn van hervorming te verlig. Hulle het minder begrip vir die toenemende traagheid in Rusland om nuwe skuld aan te gaan. Dit spruit uit die besware dat jaarlikse rente op lenings en kort-termyn kommersiële krediet 'n al hoe meer verstikkende strop om Rusland se nek plaas, met dikwels onaanvaarbare voorwaardes oor die aard van hervormingstappe, en dat daar nie van jaar tot jaar op dié lenings staatgemaak kan word nie.

Dit het daarom tyd geword om te dink aan meer altruïstiese en funksionele vorms van lenings en krediet aan Rusland - vir 'n baie langer termyn, met uitgestelde en lae rentekoerse, selfs rentevry, vry van die drakoniese voorwaardes van die IMF en gewaarborg vir 'n hele aantal jare. Amerikaanse vrese dat sulke vrygewige en minder voorwaardelike lenings in een of ander "swart gat" sal verdwyn is baie oordrewe; miljarde dollars is al gestuur na ander lande met baie groter swart gate.

**MINSTENS DRIE** programme met gewaarmerkte Westerse fondse is nodig vir Russiese hervorming: een om oorlogige militêre fabrieke te help omskakel na siviele produksie; een om stigting-lenings te verskaf aan klein private ondernemings; en nog een om werkloosheid-betalings te help subsidieer aan Russe wat werkloos gelaat word deur markhervormings en die sluiting van oorbodige staatsfabrieke.

Die omskakeling van militêre fabrieke is baie ingewikkeld en verg gesamentlike stappe deur die VSA en Rusland wat terselfdertyd toegepas kan word ten opsigte van die VSA se eie oorlogige militêre verskaffers. Die ander twee programme sal betreklik goedkoop wees vir die VSA, gegewe die huidige waarde van die dollar teen die roebel. Maar werkloosheid-betalings en stigting-lenings moet geadministreer word deur Russiese agentskappe beman deur Russe wat roebels gebruik, nie deur Amerikaners wat dollars gebruik, soos nou voorgestel word nie. Albei programme moet gemik wees op die Russiese provinsies, waar werkloosheid-betalings en fondse vir klein ondernemings moeiliker bekombaar is as in die hoofstede. En nuwe Russiese maatskappye wat werklik iets gaan produseer moet begunstig word, eerder as die oorweldigende meerderheid wat nou bloot spekuleer met staatsgoedere.

Die meeste waarnemers stem ook saam dat Rusland groot private beleggings uit Amerika nodig het, maar bittermin is al tot dusver belê. Die groot rede wat genoem word, is die gebrek aan Russiese wette wat sulke beleggings beskerm. Maar die Amerikaanse regering kan baie meer doen as wat al gedoen is om sy eie waarborge aan Amerikaanse beleggers te verskaf en om namens hulle met die Russiese regering te onderhandel.

**"TEGNIESE HULP"** aan Rusland het al 'n cliché geword, maar wat dit behels, is nog onduidelik. As dit neerkom op politieke inmenging, swak raadgewing of 'n poging om Russe te leer wat hulle reeds weet, is dit 'n vermorsing van bronne en 'n verskoning om nie vrygewig met hulp te wees nie. Talle Russe is beter opgevoed, meer professioneel en het meer ondernemingsgees as wat wyd in die Weste vermoed word. In dié en ander belangrike opsigte is Rusland nie 'n Derde Wêreldland nie.

Indien tegniese hulp noodsaaklike kundigheid en toerusting verskaf wat werklik ontbreek, moet dit aangemoedig en uitgebrei word. Maar die Amerikaanse regering is op sigself 'n groot struikelblok vir tegniese hulp aan Rusland. Daar bestaan steeds verskeie beperkings op sogenaamde hoë-tegnologie uitvoere wat nodig is vir modernisering en investering in Rusland - van gevorderde persoonlike rekenaars tot hoëkapasiteit-telefoonlyne. Die Clinton-administrasie moet dié beperkings en ander oorblyfsels van die Koue Oorlog vinnig ophef.

Ten laaste moet iets gedoen word om hulp te verleen aan Rusland se beroepslui en ander middelklasse, wat oorspronklik die grondslag vir hervorming in die jare tagtig was, maar nou geviktimiseer word deur die skokterapie-beleide. Een waardevolle benadering sou wees om finansiële steun te gee aan die universiteite en ander opleidinsentra wat die teelaarde was van Sowjet-Rusland se middelklasse en nou byna sonder geld sit. Ook hier moet voorkeur nie aan Rusland se groot stede gegee word nie, maar aan afgeleë en minder gegoede provinsies. Dit is immers daar waar die meeste burgers woon en dit is daar waar die nuwe Rusland uiteindelik na vore sal tree.

**IS DIT ALS** te veel gevra van Amerikaners wat oor hul eie ekonomiese toekoms besorg is, en dus van hul president, wat herkies wil word? Die volle saak vir hulp aan Russiese hervorming moet duidelik begryp word. In die naaste toekoms behels dit natuurlik die bedreiging van 'n chaos, burgeroorlog of despotisme in daardie met kernwapens besaaide land. Maar daar is ook ander redes.

Nadat die Amerikaanse regering 70 jaar lank geëis het dat Rusland van sy sondes moet afsien, en nadat miljarde der miljarde dollars die laaste veertig jaar bestee is om die land te probeer dwing om dit te doen, sal toekomstige burgers en historici 'n wrede oordeel oor dié regering uitspreek as dit nie gul hulp verleen aan Russiese verandering noudat die oomblik uiteindelik aangebreek het nie. Of miskien sal die VSA onthou word daarvoor dat hy stappe ondersteun het wat nog 'n Russiese eksperiment met parlementêre demokrasie vernietig het en die land weer teruggedompel het in sy despotiese tradisies.

En Rusland, wanneer dit eendag in sy gepredestineerde rol as 'n baie magtige moondheid na vore tree, sal ook nie vergeet hoe dit deur ander lande behandel is in dié oomblik van krisis nie. Wat ons doen, of nie doen nie, sal ook ons kinders en kleinkinders se betrekkinge met Rusland vorm.

* Stephen F Cohen is professor in die politiek en direkteur van Russiese studies aan die Universiteit van Princeton in die VSA. Hy is die skrywer van onder meer die gesaghebbende boeke *Bukharin and the Bolshevik Revolution* en *Rethinking the Soviet Experience*. Dié artikel het in *The Nation* verskyn

# Skaak met balletjies

Honderdduisende Suid-Afrikaners wat nog nooit aan 'n snoekerstok gevat het nie, sit gereeld vasgenael voor hul TV-stelle en kyk hoe twee mans in doodse stilte en vir ontsaglike bedrae gekleurde balletjies in sakkies probeer instamp. **MARK MEYER** bekyk een van die gewildste TV-sportsoorte ter wêreld



John Parrott lê aan... en miljoene hou hom dop

**BRITSE** offisiere van die Regiment Devonshire het in 1875 die spel snoeker begin - net om hul verveeldheid hok te slaan terwyl hulle in Indië diens gedoen het. Uit die Indiese Leër het snoeker gevorder tot 'n spel vir die Engelse upper classes in hulle eksklusiewe klubs se snoekerkamers, en, ironies genoeg, vir harde Britse drinkers in raserige, rookgevulde kroeë.

Eers in die laaste drie dekades het snoeker ook gewild begin raak onder die respektabele middelklas. En in 1975 het dit 'n revolusie ondergaan: die BBC het die wêreldkampioenskappe op TV gebeeldsaai. Miljoene Britte, waarvan die meeste nog nooit snoeker gespeel het nie, het vasgenael gesit en vir nog gevra.

Amper vier miljoen Britte sit voor die TV met elke uitsending van 'n professionele kampioenskap - en daar is meer as 300 uur daarvan elke jaar. Om 7.30 die aand van 4 Mei 1985, byvoorbeeld, het die BBC die finale van die wêreldkampioenskap begin uitsaai. Agterna is bevind dat minstens 18 miljoen kykers elke bal dopgehou het tot die laaste bal om half-een die oggend gesink het.

In 1988 het die BBC 'n kontrak met die World Professional Billiards and Snooker Association gesluit om die ses Britse toernooie tot 1994 te dek - en byna R60 miljoen vir dié regte betaal. Die BBC en ITV beeldsend gereeld groot toernooie van begin tot einde, partykeer tot tien dae aaneen.

Dit het nou 'n groot geld-sport geword met internasionale promotors en borge. Top-spelers soos John Parrot en Steve Davis verdien meer as R5 miljoen per jaar uit prysgeld en advertensies. Pleks van kwylende ou ooms met blazers en krawatte of getattoeëerde yobbos is die nuwe klas internasionale snoekerspeler fyn kêrels met gladgekamde hare, 'n swart strikdas en 'n gesofistikeerde tong. Persoonlikhede is uiters belangrik in TV-snoeker, want die kameras dwaal lank op die gesigte en uitdrukking en lyftaal van elke speler. Hulle weet al almal hulle mag nooit tydens die spel, wat ure lank kan duur, aan hul neuse krap nie.

Daar is natuurlik nog van die ou skool in internasionale snoeker oor, soos die Noord-Ierlander Alex "Hurricane" Higgins, wat in 1972 en 1982 die wêreldkampioen was. Hy is al herhaaldelik weens dronkenskap en swak gedrag aangespreek, en selfs geskors toe hy 'n skeidsregter 'n opstopper gegee het. In 1990 het hy glo gedreig om een van sy teenstanders dood te skiet as hy ooit weer sy voete in Ierland sit.

Die spel self is vermoeiend en verg uiterse konsentrasie. Die vyftien rooi balle en die ses gekleurde balle moet in 'n komplekse volgorde gesink word, en die posisie van die wit bal moet ten alle tye voor elke skoot in gedagte gehou word. Nadat 'n speler 'n rooi bal gesink het, kry hy 'n skoot na 'n kleurbal van sy eie keuse. Sink hy dié kleurbal, word dit uitgehaal en op dié betrokke bal se plek teruggeplaas. Dan moet hy weer 'n rooie sink voordat hy na 'n kleurbal kan aanlê. As al die rooi balle gesink is, moet die kleurballe in volgorde van hul puntewaarde gesink word.

Die puntetelling werk as volg: Rooi tel 1 punt, geel 2, groen 3, bruin 4, blou 5, pienk 6 en swart 7. G'n wonder nie dat die professionele spelers so om die swart en pienk boer nie. En wanneer die speler nie self 'n bal kan sink nie, moet hy probeer die wit bal in só 'n posisie te plaas dat sy opponent nie 'n maklike skoot het nie - hy moet hom dus snoeker. Dis hoekom snoekerspelers na hul spel verwys as "skaak met balletjies".

Sielkundiges en TV-base stem saam dat juis dit die aantrekkingskrag van snoeker op TV is: die hoë en volgehoue spanning.

Suid-Afrikaanse snoeker is ongelukkig in 'n warboel met binnegevegte en persoonlikheidsverskille, so daar is deesdae min plaaslike snoeker op TV. Daar word egter nou pogings aangewend om groot borge vir die sport hier te kry en wêreldtoernooie word glo vir die volgende maande beplan.

Tog is snoeker op plaaslike TV baie gewild. M-Net se Supersport saai gereeld Britse snoeker uit, en TSS het pas die Britse Matchmaker-series aangekoop en saai dit op Saterdaagaande uit.

# regstellende sportaksie

**EK** het die geluk gesmaak om 'n boekie getitel: The Name of the Game - How Sports Talk Got That Way, raak te loop.

Die boek het ontstaan uit 'n aantal plakkate wat 'n groep leerling vir hulle Liggaamsopvoedingonderwyser gemaak het. Die oorsprong van die name van sportsoorte, sportterme asook allerlei interessante feite oor sport word verstrek.

Die boek slaan nie net 'n paar valse mites die nek in nie, maar stel ook 'n paar wanopvattings oor sport reg.

Een van dié regstellings is die Hollanders se aanspraak daarop dat gholf sy oorsprong in hul land het. Hulle beweer die woord "gholf" is afgelei van "kolf". Maar dit is nie die geval nie. Die algemeen aanvaarde land van oorsprong bly steeds Skotland.

Die oorsprong van die woord "sokker" is ook interessant, veral omdat dit hoofsaaklik in Suid-Afrika, die VSA en Kanada gebruik word. Elders staan dit bekend as "voetbal".

Aanvanklik was die onderskeid "rugby football" en "association football". Laasgenoemde is mettertyd verkort na "assoc", later omgedraai na "socca" en nog later vervorm na "sokker".

Daar was baie gepraat oor hoeveel die Wêreldbeker-krieketreeks verlede jaar die land aan verlore en verlaagde produktiwiteit gekos het. Soortgelyke kommer het Koning Edward IV in die 15e eeu beetgepak. Soveel so dat hy krieketspeel 'n kriminele oortreding gemaak het, met tronkstraf van 2 jaar vir enigiemand wat op heterdaad betrap word.

Die boek is vol interessante feite en op lighartige en informele manier bied dit inligting oor al die bekende sportsoorte sowel as 'n paar heel onbekendes: croquet, curling, Kanadese voetbal, handbal en lacrosse ('n skokkende weglating is jukskei). Die illustrasies dra by tot die lighartige trant.

The Name of the Game deur Lafe Locke, beslaan 160 bladsye en is gepubliseer deur Betterway Publications (1992).

- TIM SANDHAM

# daar's nog plek vir eurosentrisme

**FRED VAN STADEN,** ons nuwe balletresensent, het 'n klassieke ballet en 'n moderne program bygewoon

**DIE** klassieke ballet - 'n anachronisme in die nuwe Suid-Afrika? Wanneer 'n mens die openingsand van *Swanemeer* bywoon, die teater volgepak en die gehoor waarderend, dan weet jy: dié Suiderland van Afrika het steeds plek vir Eurosentriese negentiende-eeuse kunsvorme. Die produksie skitter van die oomblik wat jy die blink saamgestelde program koop tot en met die laaste buiging van die dansers. Die borge en die belastingbetaler se geld blyk in goeie hande te wees.

Met 'n huldeblyk in die programnotas word hierdie produksie aan die onvergeetlike Rudolf Nureyef opgedra. Hy wat in die sestigerjare deur die kragvolheid van sy dansvertolkings nuwe vistas vir die manlike ballette in die Westerse wêreld geskep het.

*Swanemeer* is die eerste van slegs drie ballette wat deur Tsjaikofski gekomponeer is. Die meesleurende en soms melankoliese melodieë en die voortreflike orkestrasies spreek van 'n meester wat voorwaar deur die muse geïnspireer was. Sy musiek het die basis gevorm vir die ontwikkeling van 'n skouspel wat deur menige as die kroon van die liriese Russiese ballet beskou word. Hier smelt musiek en choreografie saam in 'n hegte eenheid waardeur die temas van volwassewording, verleiding en die uiteindelike oorwinning van die liefde uitgebeeld word. Miskien juis gepaste temas vir die huidige feesseisoen van veronderstelde verootmoediging en herbevestiging van die triomfering van die liefde.

Die dekorstelle wat 'n derde keer vir die produksie ingespan word, beïndruk steeds. Uiekoepels, ikone en heraldiese vlae beklemtoon die Russiese grondslag van die ballet. Die koper- en goudkleurige koninklike tent word in die eerste bedryf naby die meer geplaas en uit die proloog is 'n mens bewus dat die bose Von Rothbart se toring êrens op die agtergrond sluimer. Die mistig betowerde meerlandskap in die tweede en vierde bedrywe word treffend met die helder prag van die hoftoneel gekontrasteer.

En binne dié afwisselende kontekste van geborgenheid en misterie ontvou die sprokiesverhaal van 'n jong Siegfried wat van sy jongelingdae afskeid neem deur op 'n betowerende swaanprinses verlief te raak, deur wellus sy liefde verloën en dit dan onverskrokke weer herwin.

Met vladderende, bewende armbewegings verskaf Tanja Graafland 'n oortuigende vertolking van 'n weerlose Odette wat in die vorm van 'n swaan vasgevang is. Teenoor die opregtheid van Odette verskaf sy 'n listig slinkse interpretering van Odille. Die sameswering tussen haar en Von Rothbart is met treffende mimiekspel uitgebeeld. Hierdie teenstellende dubbelrol kom tot sy reg in die tweepasse waar hy en Graafland 'n wedersydse inspirasie uitstraal. Saam vorm hulle 'n betowerende bewegende eenheid.

Nigel Hannah se interpretasie van die hofnar was onverbeterlik. Met spitsvondige gebarespel en ongelooflike atletisme gee hy vorm aan 'n argetipiese hofnar wat die hofliede (en die gehoor) aan sy voete het. Dit is Hannah op sy beste. So ook het Leticia Müller en Ann Wixley 'n mens meegevoer in die driepas, net om later weer hulle onderskeie stempels op die Spaanse dans en die Russiese dans af te druk. Die toekoms hou veel belofte vir hierdie twee in. Müller en Bovang in die hoofrolle behoort byvoorbeeld 'n vonkelende kombinasie te wees. Verder het Kimbrian Bergh meer as net 'n goeie vertolking in die Napolitaanse dans gelewer. Die twee klein hofknapies in die eerste bedryf was slim gekies en het 'n glimlag verdien.

Vir my is die ruggraat van hierdie stuk in die afronding van die balletkorps geleë. Hul teenwoordigheid op die verhoog vorm 'n agtergrondmatrys waarteen die verhaal ontplooi, verplooi en uiteindelik weer uitplooi. Van hulle word verwag om die emosies wat in die verhaal verweef is te benadruk en uit te bou. Hierin het die groep met uitmuntende dissipline geslaag. Die balletmeesters verdien veel lof daarvoor. Die sagte vloeibare formasies waarmee die hoofdansers deur die swane omvou word en die afwisseling wat deur die vier klein swaantjies verskaf is, is sonder 'n enkele hoes of krakende papier deur die gehoor ingedrink.

'n Mens het die teater begeesterd verlaat en die ietwat kleurryke klanke wat nou en dan uit die orkesput geblaas is, kon jy heel gelate oor die hoof sien. Geen uitvoering is ooit perfek nie. Truk Ballet het egter hierdie aand in 'n moment van verwondering vasgevang - dit was 'n oomblik wat die gees verlig het. Erens in die hemel is daar 'n swanemeer sonder 'n Rothbart. Moenie hierdie produksie misloop nie. Die speelvak eindig op 24 April in die Staatsteater.



Schläger

# die lewe in beweging

## Die vonke spat by Truk, sê **FRED VAN STADEN**

**LAAT** ek nou maar eerlik wees - moderne dans is nie my forté nie. Maar ná 'n genoeglike aand met Truk se Dansgeselskap moet ek sê, ek is bekeer. Nie vir 'n oomblik was ek verveeld nie. Daar was alles wat 'n mens wou hê: aanskoulike groepsbewegings, verwikkelde tweepasse wat vloeiend en sonder inspanning uitgevoer word, dramatiese oomblikke, iets om aan te herkou en komiese momente. Daar was afgerondheid.

Hierdie is dansteater vir mense soos ons. Teater wat lewensgroepe uitbeeld soos dit nou geleef en beleef word. Met musiek en beweging word kommentaar op sosiale en politieke probleme uitgespreek, vrae word gevra en 'n mens se verbeelding kry so 'n bietjie oefening.

Vir die Truk Dansgeselskap se openingseisoen hierdie jaar het Esther Nasser uiteenlopende, maar tog aanpassende stukke gekies wat die dansgroep se virtuositeit uitspel en inheemse sowel as buitelandse smake bymekaarbring.


In die eerste stuk, *A Brush with Colour* met musiek deur ons eie Nataniël en choreografie deur ons eie Susan Abraham, word die gehoor blootgestel aan 'n skilder wat kleurryke figure op 'n skilderdoek skep. Mettertyd word sy figure lewend en hulle herskep hul skepper. 'n Interessante allegorie vir die wete dat 'n mens se gedagtes ook 'n vormende effek op jouself het. Met effektiewe beligting, verfblikke, 'n stellasie en 'n groot skilderraam waaragter die skepper en sy skeppings om die beurt stelling inneem, word hier iets van die wêreld in 'n mens se kop op verbeeldingryke wyse uitgespel.

**DIE TWEEDE** stuk, *Family*, is uit die VSA ingevoer. Dit borrel met vlietende vignette waarin ons dele van ons eie gesinsverhoudinge raaksien. As fokuspunt vir die stuk word 'n sagte leunstoel gebruik om die knus geborgenheid van gesinslewe uit te beeld. Op en om hierdie leunstoel word die frustrasies, vreugdes, uitgerafeldheid en verbondenheid van die gesinslewe uitgespeel. Lig en lekker: die Amerikaners weet hoe om te "entertain". Die dansers verskaf uitstekende ensemble-spel en herkenbare karakteriserings, veral Melody Putu se uitbeelding van die oorblufte vader en Luana Nasser se interpretasie van die uitgewasde moeder.

**DIE LAASTE WERK** is deur die Nederlandse choreograaf Ed Wubbe geskep en getoonset op Duitse rock-musiek. Met die naam *Schläger* (beteken om "aan te val") beeld hierdie komposisie die ironiese gevolg van fanatisme uit. Dit stel 'n groep mense voor wat te velde trek teen die gevestigde gesagsorde, maar deur hulle geobsedeerde rebellie verval hulle net weer in 'n nuwe vorm van eksklusiwiteit - juis dit waarteen hulle in opstand gekom het. In die gedaante van 'n lappop probeer die sentrale karakter onsuksesvol om haar uniekheid binne die groep uit te leef. Geklee in blinkswart noupassende lyfkouse voer die groep ingewikkelde tweepasbewegings met strak dissipline uit, wat herinner aan 'n ruimte-eeuse weergawe van 'n drilparade op Voortrekkerhoogte.

Alethea Knight se vertolking van die pop se wanhopige en onbeholpe pogings om deur die groep aanvaar te word het 'n treffende hartseer kontrakpunt gevorm. Dit was loutere aanskoulikheid met 'n rilling in die ruggraat af. Hierdie dansstuk gryp 'n mens ook aan omdat dit 'n waarskuwende vinger na vele groepe in ons eie klein deurmekaar landjie wys.

Deur al die stukke heen word 'n intense pas gehandhaaf wat baie stamina en selfdissipline vereis. Met hierdie openingseisoen slaag die Truk Dansgeselskap oortuigend daarin om hulle professionele legitimiteit ten toon te stel. Hier word met goeie talente gewoeker. Dis jammer dat die speelvak so kort is. Vir die oorblywende vertonings tot 17 April in die Alexander-teater in Johannesburg verdien die geselskap om vol sale te trek.



George Kok en Christopher Clarke in *Peter Grimes*

# requiem vir opera in Kaap?

## HENNING VILJOEN kuier by Peter Grimes in Kaapstad

**HIERDIE** uitvoering van *Peter Grimes* het in die skadu gestaan van die ontbinding van Kruik se opera-ensemble, waardeur die kontrakte van al die soliste vanaf die begin van April beëindig is - bykans 'n Requiem vir opera in die Kaap. Anton Stoltz (Horace Adams in *Peter Grimes*) het voor die opvoering operaliefhebbers versoek om 'n petisie in die voorportaal te teken om die opera-ensemble in die Kaap te red.

'n Mens wonder net ten opsigte van Kruik se besluit om die soliste-ensemble te ontbind, waarom die koor behou word. Dit is tog makliker om 'n goeie ad hoc koor byeen te bring as om telkens soliste vir kamee-rolle te moet soek!

Wat is die gevestigde belange by die koor? Die ontbinding is egter ironies gemeet aan die uitmuntende standaard wat in *Peter Grimes* met plaaslike soliste bereik is.

Die uiters treffende en funksionele dekor en kostuums is dié van Truk wat deur Andrew Botha en Lindy Grindley ontwerp is en George Kok het soos vir Truk die titelrol vertolk. Kok se vertolking is 'n meesterlike kragtoer, wat intussen verfyning ondergaan het. Vir Truk was sy karakterisering ietwat eendimensionaal en te aggressief. In hierdie aanbieding het hy baie meer deemis ontlok en was sy slotmonoloog 'n aangrypende belewenis.

Die onderskeie ondergeskikte rolle is baie goed vertolk, met veral uitstekende sang en karakteriserings deur Virginia Davids as Ellen Orford en George Stevens as Hobson. Ongelukkig was Hilda Sandak-Lewin nie opgewasse vir die belangrike kameerol van Mrs Sedley nie.

Gerard Korsten het die orkes tot uiters afgeronde spel geïnspireer en die orkes het wonderlike musikale hoogtepunte in die onderskeie tussenspele bereik.

**DIE ENIGSTE** werklike swak skakel was Roy Sargent se verbeeldinglose regie. Oënskynlik weet hy glad nie hoe om opera-koorregie te voer nie, want sy kore word telkens soos skoolkore in niksseggende reguit rye opgestel en Mrs Sedley het in sy hande in 'n karikatuur ontaard.

Is dit nie hier waar een van die probleme van opera-administrasie in die land aangetref word waar onnodig geld gemors word nie? Hoekom word Sargent as regisseur van buite gebruik terwyl uitstekende opera-regisseurs soos Christine Crouse en Michael Williams op Kruik se personeel is?




Werner Vermeulen's exhibition, Violent Attitude, opens on Sunday at the FIG Gallery, Moresby Court, 74a Troye Street, Johannesburg. The theme is "Man's ability to create conflict where conflict is not necessary."

# wulps,

## maar nie warm nie

Is Duran Duran meer as mooi gesiggies? **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** mymer oor die moontlikhede

**POSEURS** de luxe: Duran Duran, die oorspronklike New Romantics. Pruillippe, koel blikke, glitzy klere. En te oordeel na Simon le Bon se woorde by hul aankoms in Suid-Afrika: dodelik blasé.

Gevra of hulle nie iets vir hul aanhangers wil sê nie, verklaar Le Bon, die hoofsanger, koelweg dat hulle nie iets hóéf te sê nie, okay? Nie dat dit juis saak maak nie - die hordes gillende jongelinge toon weinig belangstelling in die inhoud van Le Bon se relase: by Maandagaand se Paasskou-optrede skree Le Bon in 'n stadium "Suck on this, sleaze bags!" Die reaksie: histerie... van die kwylende, orige soort.

Genoeg om enige musikant wat al langer as 'n dekade in pop is effe naar te maak - veral as jy nou Ernstig Opgeneem wil word. Soos die geval is met Duran Duran. In 1978 gevorm; eerste LP top 5 in Brittanje in 1981; meer as 20 miljoen albumverkope en 1000 live shows onder die belt; "Ordinary World", die huidige single, nommer een in die VSA 'n paar weke gelede. En steeds geen erkenning nie.

Musikaal gesproke was die tagtigerjare maar flou. 'n Skamele oes as daar gedink word aan musiek wat moet hóú. The Police, Smiths, U2, Guns n'Roses, Sinéad O'Connor, Edie Brickell, miskien.

**TOG WAS DAAR** nie juis 'n gebrek aan musiekbewegings nie: die Britse alternatiewes, die neo-hippies, die New Romantics. Laasgenoemde was die mins inspirerende van die lot: hul dramatiese poses, flambojante kleredrag en keurige grimering het 'n groter indruk gelaat as hul synth-musiek en tropiese/sci-fi-video's.

Spandau Ballet, die ander groot New Romantic-groep, het genadiglik die ewig-gapende pop dumper ingestort. Duran Duran is nog daar. Veranderinge is aangebring: Andy en Roger Taylor het die groep in die laat-tagtigerjare verlaat. (Andy het juis as rede vir sy vertrek aangevoer dat hy dik is vir grimering dra en eerder wil "rock".)

John Taylor en Nick Rhodes, die stigterslede, asook Le Bon, het (minus grimering) aangebly. Warren Cuccurullo het hom in 1988 as die nuwe kitaarspeler aangesluit. Om hul lewensvatbaarheid te verhoog, leun die Durans nou heftig oor na die akoestiese kant. En die treffersparades bewys dat dié pop-tendens werk.

Nou hoor jy verrassend atmosferiese weergawes van "Girls on Film" en "Hungry like a Wolf", "Save a Prayer" en "Sing Blue Silver" tydens hul live shows. Twee viole en 'n tjello is ingebring om 'n voller klank te verleen aan songs wat voorheen nogal as teeny bop bestempel kon word.

Duran Duran probeer naarstig om die New Romantic-beeld af te skud: vandaar dan ook 'n meer beweeglike Le Bon op die verhoog - en 'n meer sexy (in plaas van sultry) inslag. Le Bon swaai nou sy lyf Madonna-styl en skree - Prince-styl - tussen songs deur "you sexy motherfucker!"

Uit is die steriele, solipsistiese narcissisme van die jare tagtig. In is die uitlokkende, dog steeds steriele skyn-sensualiteit van die jare negentig.

## MARKET THEATRE 832-1641

DAVID KRAMER AND TALIEP PETERSEN'S *FAIRYLAND*
ONS IS READY VIRRIE JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR SELLOUT SEASON IN CAPE TOWN
ENDS 28 MAY

### LAAGER THEATRE
832 1641

*ANOTHER KETTLE OF FISH*
WRITTEN AND PERFORMED BY SUSAN PAM-GRANT
DIRECTED BY VANESSA COOKE
LAST 2 SHOWS

*VRYGROND* AN AFRIKAANS PLAY - OPENS 21 APRIL
WINNER OF THE 1992 AMSTEL AWARD
WRITTEN AND DIRECTED BY CHARLES FOURIE

### UPSTAIRS THEATRE
832 1641

*SILENT MOVIE*
WITH SEPUTLA SEBOGODI, LEILA HENRIQUES AND RICHARD CARTER
DIRECTED BY BARNEY SIMON
"THIS IS THE MAGIC OUR THEATRE NEEDS" BARRY RONGE

### KIPPIES
832 1641
KIPPIES THE HOTTEST JAZZ SPOT IN JOHANNESBURG!!!
13 TO 24 APRIL - THEMBI MTSHALI

### FLEA MARKET
SPEND YOUR SATURDAYS AT THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA MARKET WHERE YOU CAN ENJOY LIVE ENTERTAINMENT WHILE YOU BROWSE BARGAIN HUNT IN OUR EXCITING SELECTION OF STORES.

### EASTERN CARNIVAL
IF YOU LOVED FAIRYLAND JOIN THE JO'BURG FLEAMARKET VIRRIE CAPE TOWN CARNIVAL.
THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEAMARKET WILL BE HOSTING AN EASTER CARNIVAL FOR THE WHOLE FAMILY ON SATURDAY 10 APRIL AS WELL AS CELEBRATING THEIR 9TH BIRTHDAY.

### GRAMADOELAS RESTAURANT
SERVING AN ASSORTMENT OF DELECTABLE, SPICY, AROMATIC DISHES FROM THE WHOLE AFRICAN CONTINENT.
NOW OPEN ON MONDAYS AND CLOSED ON SUNDAYS.
PHONE: 838-6960

### MARKET GALLERIES
RIANA MEISSENHEIMER'S FIRST SOLO EXHIBITION



Ivan Lucas and Ron Smerczak in rehearsal for *The Police*

Pic: Andrea Vinassa

# monty python meets kafka

**PROBABLY** the hottest new play to do Jo'burg is the African Shakespeare Company/Pact production of *The Police*, a political farce by Slawomir Mrozek.

Mrozek is Poland's best-known playwright. He's been banned as politically provocative there and his play's going to set some heavy-duty bells ringing here.

After all, *The Police* is set in "a country which shall remain nameless, during a nameless period of total political harmony."

There is only one prisoner left in the police cells. If he left, the police force would become obsolete. The chief of police suffers anguished visions of the big three: peace, love and harmony. This simply won't do, so the dude cooks up schemes to get some violence going on the streets...

Apart from *The Police* being one of the most interesting texts around since Reible did Koltes' *Battle of the Dogs and the Black*, it's got the kind of cast you want to see.

Ron Smerczak (last seen receiving awards for his role in *Gulls* and before that crawling around the Market Theatre in Gogol's *Diary of a Madman*) plays the Chief of Police.

Ivan Lucas gets to make his real Johannesburg debut as "the hapless police sergeant charged with the responsibility of stirring a revolution." Newcomer Charlton George does The Prisoner. Well-known radio drama writer and actor Ian Winter is The General and Deirdre Bates is The Sergeant's Wife.

Then, add to that director Karoly Pinter, head of the African Shakespeare Company, and you've got a little bomb. Pinter did a brilliant job of *Diary of a Madman* and has previosly directed Mrozek's *Tango* and the Joseph Stone Theatre's *King Lear* and *Romeo and Juliet*.

*The Police* opens at the Adcock Ingram in the Windybrow Theatre on May 3. - CHARL BLIGNAUT

# reconstruction

**LET'S** talk about art, baby.

The ANC's Department of Arts and Culture (DAC) has forged ahead with a massive programme to thrash out issues of aid and development for local artists. The latest round of discussions, aimed at practical funding and organisational structuring in the arts, takes place from April 25 - May 1 in Johannesburg at the DAC's Culture and Development Conference.

It's time, says the DAC, to end cultural oppression and deprivation and to call for investment in local, particularly black, culture. The conference is there to redress imbalances, instil freedom of expression, build education schemes for the arts and facilitate such education.

Another role of the conference, organised by Danisile Lavisa, is to educate the general public and get them supporting local arts. The DAC says its aim is for culture to become a popular concept in the community. They want artists to receive professional attention and finance and have already begun establishing a culture and development trust fund (its first deposit being a R100 000 donation by visiting comedian Jackie Mason). They intend to break the back of exploitation of the black art world in South Africa. Art as affirmative action.

To these ends the conference also incorporates two topical premieres. The first is the opening of *Magic at 4 am*, a new musical by Mbongeni Ngema *(Sizwe Bansi is Dead, Sarafina, Township Fever)*. The production opens in Johannesburg's Civic Theatre, which finally seems to be waking up to the needs of the broader community. Ngema's musical is a township boxing story and opens on April 21.

Spike Lee's *Malcolm X* will no doubt hit the spot. The ANC also premieres the local run of a hotly debated film that deals with the life of the black liberation leader.
- CHARL BLIGNAUT

# whatever I do is me



**Tracy Payne** does not paint with a sledgehammer, although you might think so if you listen to her views on rape. **ASHRAF JAMAL** braved an interview with this outspoken artist

**THE** work of Cape Town-based Tracy Payne is currently on show at the Pretoria Association of Arts. The piece exhibited, titled *My World*, was selected as part of a grouping of young South African artists for a travelling exhibition in Belgium. In June her more recent work will once again be exhibited as part of the Volkskas Atelier. In Cape Town Payne's work was exhibited most recently at the Irma Stern Museum and as part of the Aids and Safer Sex exhibition at the Association of Arts.

When not working on her own projects, Payne freelances as a commercial artist doing murals, ceiling paintings, graphics and set paintings. "I do it to buy time in my studio. It works out that I spend half the year doing commercial jobs and half the year in my studio." The work on which her growing reputation is based dates back to 1989 in Spain. The prevailing theme can be characterised as the couple: the yearning to reconcile opposites and the corrosive suspicion that this desire is impossible. Hence figures in a moment of embrace remain split, severed from each other in the very instant of a kiss. The very "thirsting for a union," says Payne, "might be a bad thing.

"I'm dealing with wanting to be free and being in love, claustrophobia in relationships, then never letting someone go." This paradox is complemented by rueful laughter. "The earlier works are very autobiographical actually."

One is aware when confronted with Payne's work, of the terrible fragility of links. Pathos meets cynicism in the realisation that "objectively" and for most people relationships don't work, that the most passionate encounters, precisely because they are passionate, carry and expiry date.

**THE EARLIER WORKS,** dark and sombre in tone, yet torn by lesions of colour, work as invitations, even entrapments, into the traumatic and uncertain. The viewer is forced to either accept or reject the uncompromisingly psychological and menacing nature of these works.

Perhaps the dominant emotion, even in the moment of greatest intimacy, is fear. "My biggest fear is fear. To overcome that is to be okay, powerful again." The question remains: how to overcome fear? How to access the "clean bill of health?"

Discussing a pastel on paper titled *The Party,* Payne says: "We see a couple dancing, which could lead to sex, but it's not a happy picture."

We see a smudged backdrop broken by a bouquet of brightly coloured balloons. In the foreground the embracing couple do a slow dance. The man's face is ominously obscured. The woman who is looking at the viewer has two faces, two expressions that blur into each other, one happy, one sad. It is the sinister blurring rather than the opposition that matters. There is no clean divide: between self and other, essence and artifact. "It is only afterwards, after I drew it, after reflection, that I knew there was something unhealthy about it. On the surface it looks fine."

About an oil on board titled *The Marriage* Payne comments: "It's about fucking a corpse." Rivetted to the picture of a dark man amourously embracing a passive, deathly pale figure, again staring at the viewer, this time with a corrupted glint in "its" eyes (the gender is unclear), Payne adds: "It's quite scary, you're not reflecting on its meaning, you're just making it. "It's a matter of composition and colour," then her voice trails off... "blood and acid yellows... nasty and beautiful."

There is indisputably a potent morbid attraction in these earlier works which are distinguished psychologically, by fear, and technically, by an expressionistic erasure of clean divides, unfinished figuration and violent and treacherous balancings. In the more recent works, however, we see a dramatic shift from darkness into light. In the newer works Payne displays a valiant and largely successful attempt to overcome the deadlock of fear. Through vivid colour and bold execution she mutes the pathological fascination with stress, rupture, contamination.

**MURKY ENCOUNTERS** give way to surfaces. Less locked in a mortal coil the modus operandi now becomes visual and media-based. Psychology takes a back seat. The size of the canvases triple and the content becomes more focused, magnified. We witness an explosion of colour: "As you push that red brush mark over that green it shoots at you, it excites you."

In the larger canvases the couple progressively disappears. Freed from the hazards of interpersonal associations the figures, always women, find themselves hurled into the world: alone, alive, at war. The stances depicted are confrontational and polemical. Engagement has shifted from the self to the world. No longer recessive and dark, Payne's work becomes vibrant, affective, open. The techniques utilised echo the language of cinema and photography: the wipe, the zoom. The images are arrested in an instant of flux. The effect is staccato: abrupt, sharply detached. Vivid, glutinous colour screeches from one end of the massive canvas to the other, as if colour were sound, a deafening howl through a microphone. Size, boldness of execution and brilliance of texture signal a militancy that is hard to ignore. The personal has become political, the canvas a billboard.

"I worked on a site for five months. Being a woman, men see you as a naked person walking up the scaffolding. You try to get things done and they are not listening to you, they are just looking. Working in a male environment you have to learn to make it benefit you. Seduction and work get caught in each other. You've got to learn to harness that male energy." It was out of the snide, corrupt space of the industrial site that Payne came up with the "Hard Head" series.

**WHEN ASKED TO** contribute to the Aids and Safer Sex exhibition Payne produced a pastel titled *Judith and Holofernes*. An allusive pastiche that cracks the divide between high art and popular art, it shows a woman against a blazing sunset, decked out in hard hat, tools, axe and the decapitated head of a rapist. Graphic and uncompromising, the picture leaves little room for questions. Payne embraces the indelicate, undemocratic, "fascist" feel of the work.



Judith and Holofernes

Verbal abuse and sexual innuendo leads directly to rape, Payne argues. Today there is no room for grey areas in human conduct. "Quite frankly, rape kills. People who rape should be castrated or die."

It is not surprising that Payne's current work, still incomplete when we talked, is derived from another media image: Madonna. Again the sky is cinematic, as if shot through a filter. "Almost sci-fi. A Wim Wenders sky."

We see Madonna, "the goddess of pop," "the capitalist whore," against "a blood red sky."

In the background there will be sheep, she says, "some fucking". Blood will pour from Madonna's bodice of gold. In mid-sentence Payne shifts gears. You can tell the picture's already finished in her head. "I could do with a bigger studio, with water and power. I could to with a exhibition in Jo'burg. My friends and contacts are here and I might learn a hard lesson. Jo'burg might not be for me.

"If possible a one-woman show. I need to accumulate work because I have sold a lot. At any rate you're only as good as your last painting. I've got to stop worrying about the direction my work is taking. I've got to stop saying 'it's not me'. I've got to slip out of that sort of thing. Whatever I do is me."

# DIE RSA
## in 'n buitelandse oogopslag

*The World Almanac and Book of Facts* het onlangs sy 125ste jaarlikse uitgawe gepubliseer. Dié wêreldjaarboek van by die duisend bladsye in klein druk het een van die gewildste internasionale bronne van kitsinligting geword. Miljoene mense wend hulle na die *World Almanac* as hulle iets van 'n land wil weet. Só skryf die *World Almanac,* wat in New York deur Pharos Books uitgegee word, in sy 1993-uitgawe oor Suid-Afrika:

**PEOPLE:** Population (1991 est.): 40 600 000. Age distrib. (%): 0-14: 41,0; 15-59: 52,8; 60+: 6,2. Pop. density: 85 per sq. mi. Urban (1985): 55%. Ethnic groups: black 75%, white 14%, coloured 8%, Asian 3%. Religions: Mainly Christian, Hindu, Moslem minorities. Languages: Afrikaans, English (both official), Nguni, Sotho languages.

**GEOGRAPHY:** Area: 472 359 sq. mi., about twice the size of Texas. Location: At the southern extreme of Africa. Neighbours: Namibia (SW Africa), Botswana, Zimbabwe on N, Mozambique, Swaziland on E; surrounds Lesotho. Topography: The large interior plateau reaches close to the country's 2 700-mi. coastline. There are few major rivers or lakes; rainfall is sparse in W, more plentiful in E. Capitals: Cape Town (legislative), Pretoria (administrative), and Bloemfontein (judicial).

**GOVERNMENT: TYPE:** Tricameral parliament with one chamber each for whites, coloureds, and Asians. Head of state: State Pres. Frederik W. De Klerk; b. Mar. 18, 1936; in office: Sept. 20, 1989. Local divisions: 4 provinces, 10 "homelands" for black Africans. Defence: 11% of GDP (1992).

**ECONOMY:** Industries: Steel, tires, motors, textiles, plastics. Chief crops: Corn, wool, dairy products, grain, tobacco, sugar, fruit, peanuts, grapes. Minerals: Gold (largest producer), chromium, antimony, coal, iron, manganese, nickel, phosphates, tin, uranium, gem diamonds, platinum, copper, vanadium. Other resources: Wool. Arable land 12%. Livestock (1989): cattle; 11,8 mln.; sheep: 30,3 min. Fish catch (1989): 878 000 metric tons. Electricity prod. (1990): 155 bln. kWh. Crude steel prod. (1990): 8,7 mln. metric tons. Labor force: 25% agric.; 32% ind. and commerce; 34% serv.; 7% mining.


**FINANCE:** Monetary unit: Rand (June 1992: 2,81 = $1 US). Gross domestic product (1990): $101 bln. Per capita GDP $2 600. Imports (1991): $18,7 bln.; partners: Ger. 19%, U.S. 68%, UK. 12%. Exports (1991): $24,1 bln.; partners: U.S. 43%, Jap. 9%. Tourism (1989): $709 mln. receipts. National budget (1992): $32,8 bln. International reserves less gold (Mar. 1992): $1 bln. Gold: 6,7 mln. oz t. Consumer prices (change in 1991): 15,3%.

**TRANSPORT:** Railroads (1989): Length: 14 681 mi. Motor vehicles: in use (1989): 3,3 min. passenger cars, 1,2 mln. comm. vehicles. Civil aviation: (1989): 9,2 bln. passenger-km: 40 airports. Chief ports: Durban, Cape Town, East London, Port Elizabeth.

**COMMUNICATION:** Television sets: 1 per 11 persons. Radios: 1 per 3 persons. Telephones 1 per 8,5 persons. Daily newspaper circ. (1988): 41 per 1 000 pop.

**HEALTH:** Life expectancy at birth (1991): 61 Male; 67 Female. Births (per 1 000 pop. 1991): 35. Deaths (per 1 000 pop. 1991): 8. Natural increase: 2,7%. Physicians: 1 per 1 340 persons. Infant mortality (per 1 000 live births 1991) 51.

**EDUCATION** (1990): Literacy: 99% (whites), 69% (Asians), 62% (coloureds), 50% (Africans).




Bushmen and Hottentots were the original inhabitants. Bantus, including Zulu, Xhosa, Swazi, and Sotho, had occupied the area from Transvaal to south of Transkei before the 17th century.

The Cape of Good Hope area was settled by Dutch, beginning in the 17th century. Britain seized the Cape in 1806. Many Dutch trekked north and founded 2 republics, the Transvaal and the Orange Free State. Diamonds were discovered, 1867, and gold, 1886. The Dutch (Boers) resented encroachments by the British and others; the Anglo-Boer War followed, 1899-1902. Britain won and effective May 31, 1910, created the Union of South Africa, incorporating the British colonies of the Cape and Natal, the Transvaal and the Orange Free State. After a referendum, the Union became the Republic of South Africa, May 31, 1961, and withdrew from the Commonwealth.

With the election victory of Daniel Malan's National party in 1948, the policy of seperate development of the races, or apartheid, already existing unofficially, became official. This called for separate development, separate residential areas, and ultimate political independence for the whites, Bantus, Asians, and Coloureds. In 1959 the government passed acts providing the eventual creation of several Bantu nations or Bantustans on 13% of the country's land area, though most black leaders opposed the plan.

Under apartheid, blacks were severely restricted to certain occupations, and paid far lower wages than whites for similar work. Only whites could vote or run for public office. There was an advisory Indian Council, partly elected, partly appointed. In 1969, a Colored People's Representative Council was created.

At least 600 persons, mostly Bantus, were killed in 1976 riots protesting apartheid. Black protests continued through the 1980's as violence broke out in several black townships. A new constitution was approved by referendum, Nov. 1983, which extended the parliamentary franchise to the Coloured and Asian minorities. Laws banning interracial sex and marriage were repealed in 1985.

In 1963, the Transkei, an area in the SE, became the first of these partially self-governing territories or "Homelands". Transkei became independant on Oct. 26, 1976, Bophuthatswana on Dec. 6, 1977, and Venda on Sept. 13, 1979; none received international recognition.

In 1981, So. Africa launched military operations in Angola and Mozambique to combat terrorist groups; So. African troops attacked the South West African People's Organization (SWAPO) guerrillas in Angola, March, 1982. South Africa and Mozambique signed a non-aggression pact in 1984.

In 1986, Nobel Peace Prize winner Bishop Desmond Tutu called for Western nations to apply sanctions against S. Africa to force an end to apartheid. President Botha announced in Apr. the end to the nation's system of racial pass laws and offered blacks an advisory role in goverment.

On May 19, South Africa attacked 3 neighbouring countries - Zimbabwe, Botswana, Zambia - to strike at guerrilla strongholds of the African National Congress.

A nationwide state of emergency was declared June 12, giving almost unlimited power to the security forces. On Apr. 22, 1987, a 6-week-old walkout by railway workers erupted into violence after the dismissal of 16 000 strikers. As confrontation between blacks and goverment increased, there was widespread support in Western nations for a complete trade embargo on South Africa.

Some 2 million South African black workers staged a massive strike, June 6-8 1988, to protest the goverment's new labor laws and the banning of political activity by trade unions and anti-apartheid groups. P.W. Botha, head of the goverment since 1978, resigned Aug. 14, 1989 and was replaced by Frederik W. De Klerk.

In 1990, the government lifted its bar on the African National Congress, the primary black group fighting to end white minority rule. On Feb. 11, black nationalist leader Nelson Mandela was freed after more than 27 years in prison. Mandela went on a 6-week, 14-nation tour, June-July, highlighted by an 11-day, 8-city tour of the U.S. In Oct. the Separate Amenities Act was repealed, ending the legal basis of segregation in public places. In Feb. 1991 Pres De Klerk announced plans to end all apartheid racial segregation laws. In June the race registration law was repealed. The government admitted, in July, making payments to the Zulu-based Inkatha Freedom Party, main rival of the African National Congress.

A band of marauders swept through the township of Boipatong, June 17, 1992, killing over 40 blacks and prompting the African National Congress to break off constitutional talks with the white-minority government.

Bophuthatswana: Population (1990 est.): 1 959 000. Area: 16 988 sq. mi., 6 discontinuous geographical units. Capital: Mmabatho. Head of state: Pres. Kgosi Lucas Mangope, b. Dec. 27, 1923; in office: Dec 6, 1977.

Ciskei: Population (1990 est.): 884 000. Area: 2 996 sq. mi. Capital: Bisho. Head of State: Military council.

Transkei: Population (1990 est.): 3 301 000. Area: 16 855 sq. mi., 3 discontinuous geographical units. Capital: Umtata. Head of government: Gen. Bantu Holomisa; in office: Dec. 30, 1987.

Venda: Population (1990 est.): 518 000. Area: 2 771 sq. mi., 2 discontinuous geographical units. Capital: Thohoyandou. Head of state: Gabriel Ramushwana; in office: Apr. 5, 1990.

# lees paglia en word groot

**SEX, ART AND AMERICAN CULTURE**
Deur Camille Paglia
Viking, 1993 (R54,95)

**WILLIAM PRETORIUS**

**NOU** weet ons: die berugte Camille Paglia, daardie professor in die geesteswetenskappe aan die University of the Arts in Philadelphia wat verskeie feministe en akademici op hol gehad het met haar *Sexual Personae: Art and Decadence from Nefertiti to Emily Dickinson*, stel eintlik belang in flower power. Sy's 'n kind van die sixties, of soos sy sê in *Sex, Art and American Culture*: "I am the sixties come back to haunt the present."

Sy stel dit duidelik in dié bundel essays, boekbesprekings en onderhoude - 'n reaksie op die rasende media-ontvangs van haar *Sexual Personae* - dat sy die terugkeer van die nie-verdruktes verteenwoordig. Miskien ook goed so, want die sestigerjare word as 'n onnosele tydperk in die populêre media uitgebeeld. Soos byvoorbeeld in die rolprent *Sneakers*, waarin 'n groep oud-sixties liberale wat met rekenaars toegang tot regeringsgeheime verkry, dié tydperk as nostalgies beleef, die politieke erfenis as 'n vae "thing about freedom". Die sestigerjare is ontman, konserwatief gemaak.

Maar die sestigerjare had ook 'n akademikus soos Timothy Leary wat mense op die deugde van dwelms gewys het, LSD, psigedelia, seksuele bevryding en soms hoogs radikale anti-establishment denke. Als baie driftig. Sedertdien het die uptight sewentig- en tagtigerjare alles in die stryd gewerp om die sestigerjare tot gedienstigheid te dwing.

**GELUKKIG IS PAGLIA** daar. In 'n voortsetting van die radikale tradisie tree sy na vore, gevul met verbale trefkrag, uitbundig, as "pro-abortion, pro-prostitution, pro-pornography (even kiddie-porn), pro-homosexuality, pro-drag queens, pro the legislation of drugs" en pro enigiets wat gewaarborg is om die establishment... wel, ietwat histeries te maak.

En kyk net wie raak ontsteld. Vandag se radikale feministe en sekere akademici wat in die linkse tradisie werksaam is. *Sexual Personae* is in sekere universiteitsbiblioteke verbied, as "pornografie" bestempel (nou 'n woord wat dikwels misbruik word in ons kritiese terminologie) en met Hitler se *Mein Kampf* in verband gebring.

Maar Paglia is nie bekend daarvoor dat sy stilbly nie. Sy het voortgegaan om haar bydrae te lewer tot die debat rondom afspraakverkragtings (date rape). Haar argument is eenvoudig: raak dronk, gaan na 'n man se kamer en die kans is goed dat jy verkrag gaan word. "I am saying that sex is a surging power thing between the sexes. It's a sex war. You cannot solve it by legislation ... you can't legislate emotions."

Natuurlik kan jy 'n deurskynende bloes dra, uitlokkend wees - dis jou keuse. Dit staan jou ook vry om jou handsak op 'n klip in Central Park te los. Moet dan net nie kla as dit gesteel word nie. Sê eerder nee. Wees versigtig. Moenie wette maak nie.

Paglia en die radikale feministe sal seker nooit versoen raak nie. Daar is 'n politieke paradoks aan 't werk: jy is nie veilig in 'n demokrasie nie, suggereer Paglia, demokrasie, vryheid is riskant; jy's alleenlik werklik veilig in 'n totalitêre bestel. "One of the freedoms we won in the sixties," skryf sy, "was the freedom to risk danger, to risk rape."

Proteksionisme, vir Paglia, word uiteindelik verdag: oorbesorgde feministe, militante feministe, verander vroue in ewigdurende slagoffers. Vroue se mag is seksueel; maak wette daarteen, en fragiele slagoffers bly oor wat deur die minsame totalitêre staat versorg word. Niemand is meer streetwise nie.

**EN DIS NIE AL** nie. Huidige vakgeleerdheid gegrond op die Franse teoritici loop ook deur. Michel Foucault word aangekla van afskeep-navorsing en dat hy 'n magskomplot agter elke bos vind; Jacques Lacan dat hy die ryke dubbelsinnigheid en seksuele veranderlikheid van Freud verstrooi; en Jacques Derrida dat hy verstrengel is in weifelende verbale formules. Genoeg van hulle. En haar bydrae tot die postmoderne debat oor intertekstuele werklikheid: feite bestaan, sekerhede nie.

Dit is alles baie stimulerend, gepas en debatteerbaar. Sex, *Art and American Culture* is in werklikheid 'n boek om mee te argumenteer, nie te resenseer nie. Daar is iets van die skooljuffrou in Paglia: sy het nie 'n saak met dit waarmee sy nie saamstem nie. Sy's streng. 'n Mens kry die indruk dat sy met groot treë op en neer stap deur haar argumente en af en toe die luiaards en stompsinniges 'n hou oor die kneukels gee om op te let.

Sy is ook baie Italiaans, as dit sou beteken woordryk en ontvlambaar. Maar wees dankbaar: sy is ook die beskermheer van hoogkuns, van kuns as transendentale ervaring, van deeglike navorsing. Sy gaan haal die periferale kuns uit die koue, verbind massa-kultuur met hoogkuns en herinner ons daaraan dat kritiese teorie oor artistieke kreatiwiteit moet handel en nie oor kritiese teorie nie. Sy is demokraties, orraait: Madonna, Oscar Wilde, die gay fotograaf Robert Mapplethorpe en die Rolling Stone-tromspeler Keith Richards - een van haar grootste kulturele ikone - word almal gelyk behandel en as deel van dieselfde groot tradisie beskou.

**PAGLIA SE EIE** vakkundigheid is indrukwekkend, en sy het dit in 'n vertoonkuns ontwikkel. Sy is goeie kopie, haar eie publisiteitsagent, en lekker vir feministiese skelpartye. In dié boek is sy haar eie argivaris ook - dié bundel is in der waarheid 'n versameling van onlangse Pagliana.

Haar teorie steun grootliks op die manlike as 'n opwekkende (energizing) beginsel wat kuns skep (rasionaliteit) as verdediging teen vroue as die demoniese, elementale mag. Daarom, suggereer sy, kombineer sy mite (Frazer) en seks (Freud). Dit maak haar vertolkings van kuns afwysig en humanisties. Ek dink die waarde daarvan lê nie soseer daarin of sy 'n "ware" teorie het nie - teorieë behoort gedurig debatteer te wees - maar in die insig wat sy bring in haar ontledings van bekende (en onbekende) kunswerke en die massa-, moderne- en postmoderne kultuur. Ek beleef haar as een van die mees lonende kritici in die rondte.

**INDIEN HAAR** teorieë die waardering van kuns kompliseer, kan dit ook vereenvoudig. Sy gaan van die veronderstelling uit dat Amerikaanse demokrasie (kapitalisme) die enigste werkbare soort is. Die binêre opposisie tussen man en demoniese vrou neig om die groter ontleding van sosiale druk op die manlike en vroulike psiges uit te laat. Ook klasse-teorieë is afwesig, hoewel sy 'n punt het as sy sê die oorsensitiwiteit jeens minderhede hou hulle minderhede. Hulle word vervreem as slagoffer-kulture, afgesny van die heersende kultuur, wat sigself verfyn deur verdraagsaamheid en 'n politiek korrekte woordeskat. En as sy anti-totalitarisme is, is sy nie daarbo verhewe om die sweep self 'n bietjie te klap nie - julle sál hervorm, standaarde sál verbreek word, Paglia-styl.

Sy beskou die sestigerjare as 'n herlewing van die paganisme - sy sê denke is sikliesvan aard. Die reaksie op haar werk, die verbannings en beskuldigings van pornografie, wys dat onafhanklike denke - sixties-styl - kragtige stuff geword het. In wese plaas sy seks terug in seksualiteit.

Die sestigerjare het mense 'n glimp gegee van die potensiaal van hul eie seksualiteit, on-herkonstrueer en polimorfies pervers. Seks het 'n gevaarsone geword, 'n gebied wat Paglia heel gelukkig betree sonder om twee keer te dink.

'n Mens kan haar lees vir die plesier of die skok. Die skrywer Cynthia Ozick beskryf in *Memory and Metaphor* hoe sy, 'n onskuldige in New York in die vroeë vyftigerjare, op straat 'n klossie pubiese hare deur die kaalkop en hoogs eksentrieke gay romanskrywer Alfred Chester gewys is. Die private is openbaar gemaak; sy het 'n skielik 'n verskriklike en opwindende skok ervaar. Sy het grootgeword.

Om Paglia te lees kan dieselfde uitwerking op 'n mens hê. Dis lekker om te lust, sê sy - en dít in 'n tydperk waarin seks meer te make het met die sosiale konstruksie van seksualiteit as die plesier van blote lyflikheid. Sy herinner ons daaraan dat ons almal pubiese hare het, en meer, dat seksuele plesier geniet kan word in die lewe en in kuns, dat dit 'n groot, oorheersende tema in die Westerse kultuur is. Vir daardie gedagte, sou ek sê, moet ons bly wees - of dit polities toepaslik is of nie, hoewel dit lank voor die sestigerjare ontdek is.

> "I am saying that sex is a surging power thing between the sexes. It's a sex war. You cannot solve it by legislation ... you can't legislate emotions."

# slowhand het nog steeds die blues



**Eric Clapton** het vandeesmaand ses Grammys ontvang vir sy jongste plaat *Unplugged.* **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** kyk na die kitaarmeester wat maar net nie wil gaan lê nie

**SLOWHAND** noem sy aanhangers hom. En hy is terug: Eric Patrick Clapp, ofte wel Eric Clapton, een van die eerste (party sê die heel eerste - selfs voor Jimi Hendrix) kitaarspelers wat daai lang howling klanke uit sy kitaar kon tower.

Sy verwelkoming terug aan die top van die trefferslyste het ook nie sonder fanfare geskied nie. By die Grammys vanjaar het hy ses toekennings ingepalm: plaat en liedjie van die jaar ("Tears in Heaven"), LP van die jaar (*Unplugged*), beste rocksanger, beste rockliedjie ("Layla") en beste popsanger.

Clapton is een van die sestigersangers wat die sestigs oorleef het. Ja, daar is 'n paar van hulle: Bob Dylan, Leonard Cohen, Mick Jagger en die ander Rolling Stones (behalwe Brian Jones), Lou Reed, Paul McCartney. En dan Clapton, wat maar stil was tydens die tagtigs as mens die top tiens in oënskou neem.

Clapton is 'n Brit wat - soos John Lennon - in die vroeë sestigs deur die rock 'n rollklanke uit Amerika oorweldig is. Hy is op 30 April 1945 in Ripley, Surrey, gebore. Musiek het hom nie juis aangestaan nie - sy beroep was reeds bepaal: loodglasvensterkunstenaar. Op 17-jarige ouderdom het hy Chuck Berry die eerste keer gehoor. Tydens sy studiejare aan die Kingston Art College het hy die blues ontdek - en terstond homself leer kitaar speel. Ná sy ouers se egskeiding, oortuig hy sy oupa om vir hom 'n elektriese kitaar te koop.



BB King: 'n grootse invloed

In 1963 stig hy sy eerste groep The Roosters. Hulle het nie lank gehou nie. Clapton sluit toe by Casey Jones and the Engineers, 'n blues-groep, aan. Ná 'n kort tyd in dié groep sluit hy aan by The Yardbirds, een van die belangrikste groepe van die sestigs. Dié groep het ook Jeff Beck en Led Zeppelin se Jimmy Page, onbesproke meesters met die kitaar, opgelewer.

**CLAPTON WORD BESKRYF** as 'n passievolle kitaarspeler: sy spel was 'n swaar, luide weergawe van die styl van blues-kunstenaars soos BB King en Albert King - dit het sy oortuiging weerspieël dat "it's not what you play, it's what you leave out".

Blues was Clapton se voorliefde: in 1965 verlaat hy The Yardbirds en word die hoofkitaarspeler van John Mayall's Bluesbreakers.

Clapton het die kans aangegryp: met meer ruimte vir kreatiwiteit in Mayall se groep, kon hy



Clapton, Bruce en Baker in Cream

die songs op unieke wyse vertolk. Sy statuur in pop het gegroei - mense is meegevoer deur sy blues-interpretasies. Met die pedale en feedback het hy die elektriese kitaar Hendrix-styl laat huil - hy word die eerste ware kitaar-idool in Brittanje.

In dié tyd word Clapton genooi om kitaar te speel op George Harrison se "While My Guitar Gently Weeps" - een van die opvallende hoogtepunte op die Beatles se briljante *White Album* van 1967.

Die groep Cream sorg vir die groot deurbraak in Clapton se loopbaan: dit was die era van die supergroepe: bekende musikante wat saamkom en 'n groep stig. Saam met Jack Bruce en Ginger Baker het hy dié groep gevorm ná hy die Bluesbreakers verlaat het. Onder hul treffers tel "Strange Brew" en "I Feel Free". Clapton het in dié tyd die kruin van sy gewildheid bereik: graffiti in Londen het hom as God verklaar. Ná welslae in Amerika het Cream in 1968 ontbind - hul gewildheid was te skielik vir die onderskeie lede en het tot onderlinge struwelinge gelei.

Baker en Clapton het in 1969 weer saamgekom en sy tweede supergroep, Blind Faith, gestig. Die gewese sanger van Traffic, Steve Winwood, en basspeler Rick Grech was die ander lede van Blind Faith. Ná hul klassieke debuut, ook getitel *Blind Faith*, was dit die einde van die groep. Maar 'n snit soos "Sea of Joy" het 'n onuitwisbare indruk op aanhangers gemaak.

Clapton het in 1969 bydraes tot solo-pogings van John

## "It's not what you play, it's what you leave out." - *Clapton*

Lennon en George Harrison gemaak: op Lennon se "Cold Turkey" hoor mens hom op sy rou beste; ook op Harrison se *All Things Must Pass* staan hy uit.

**CLAPTON REIK HIERNA** sy eerste solo-plaat uit. Dit lewer een treffer, "After Midnight", op, maar laat nie veel van 'n indruk nie. In 1970 stig hy - as hoofsanger - Derek and the Dominoes. Kort daarna ontmoet hy Duane Allman van die Allman Brothers Band - destyds as 'n geniale kitaarspeler bestempel. Allman sluit by die groep aan en saam met Jim Gordon, die tromspeler, gee hulle *Layla and Other Love Songs* uit.

"Layla" word deur musiekliefhebbers as een van Clapton se meesterstukke beskou - die 1993-weergawe daarvan is dan ook vanjaar met 'n Grammy bekroon. (Clapton deel sy

## "There were better songs." *Clapton by die ontvangs van sy ses Grammys*

Grammy met Gordon - wat, interessant genoeg, vandag in 'n Californiese sanatorium aangehou word ná hy sy 71-jarige ma 10 jaar gelede op grusame wyse vermoor het.)

Clapton trou in die vroeë sewentigs met George Harrison se gewese vrou Patti en verval in volslae dwelmverslaafdheid. Vriende reël in 1973 Eric Clapton's Rainbow Concert - Winwood, Pete Townshend (van The Who-faam) en Jim Capaldi (van Traffic) tree saam met hom op. *461 Ocean Boulevard*, sy volgende solo-plaat, verskyn in 1974. 'n Wending na groter beklemtoning van die lied as 'n geheel word op dié plaat opgemerk.

*No Reason to Cry* - met bydraes van Bob Dylan - asook *EC Was Here* verskyn onder meer in die daaropvolgende jare. 1977 sien Clapton weer op sy beste met die uitreiking van *Slowhand*. Sy weergawe van JJ Cale se "Cocaine" hierop word sy grootste treffer nog. Sy presiese kitaarspel op *Slowhand* val op.

## "Clapton is God" - *Graffiti in die 60s*

Tydens die tagtigerjare verskyn plate soos *Behind the Sun* en *Money and Cigarettes* - sonder veel van 'n bohaai, egter. Clapton se gewildheid taan tog nie: in 1989 trek hy duisende aanhangers met sy konserte in die Albert Hall in Brittanje. In 1990 is hy met 'n Grammy bekroon.

Ná sy egskeiding van Patti in 1988 trou hy met die Italiaanse aktrise Lori Del Santo, die ma van sy seun Conor.

**'N TRAGEDIE IN** 1991 het Clapton genoop om "Tears in Heaven" te skryf. Hy beskryf die lied as "a safe anaesthetic - it calmed me down". Dit handel oor sy vierjarige seun, Conor, wat gesterf het na hy van die 53ste verdieping van 'n New Yorkse woonstelblok na benede geval het. Volgens Clapton het sy seun tot sy genesing van alkohol- en dwelmverslawing bygedra. "I was lucky to have him because he got me sober," het Clapton in 'n TV-onderhoud vertel. "It was the reality of his existence that made me stop drinking and taking drugs."


Ná hy die nuus van sy vervreemde vrou ontvang het, het hy in 'n beswyming na die woonstelblok geloop. "It was like I'd walked into someone else's life. I still feel like that."

"Tears in Heaven" self is 'n roerend en sensitiewe stuk akoestiese musiek. Hoewel effe metafisies, is die ballade aandoenlik - en opreg, wat meegevoel by die luisteraar vir Clapton as mens wek. Dit verduidelik heel moontlik ook hoekom Clapton 'n sakvol Grammys gekry het. "There were better songs," het hy verleë by die ontvangs opgemerk.

*Unplugged* bestaan uit live optredes van Clapton en 'n volledige band. Die ou bluesy klank is nog daar - weliswaar afgewater, maar darem. Clapton word op heelparty van die snitte in 'n gemaklike verteltrant gehoor. Behalwe vir die akoestiese weergawe van "Layla", is daar die *toe tapping* "Before you accuse me", "Hey Hey" en "Rollin' & Tumblin'".

Clapton in 1993 is duidelik ouer, rustiger - meer beleë, sou mens kon sê. Sy kenmerkend nasale stem is ietwat heser as voorheen, maar die vingerwerk is steeds asembenemend. "Signe", die openingsnit, is 'n komplekse ineenvlegting van kitaarklanke wat mens verstom laat staan voor sy virtuositeit - daai slowhand-gevoel is nog daar.

# PLANT 'N BOOM



**IN** hierdie onrustige, koue dae waarin ons die een slegte tyding na die ander probeer verwerk én oorleef, kan 'n mens maklik vergeet om die klein boompies in jou sorg nat te gooi en teen die voortydige snerpende wind te beskerm. 'n Mens kan selfs deur die slegte nuus verlam word en jou laat afsien van jou voorneme om 'n boom of twee te plant.

In tye soos dié is dit nie so maklik om jouself van die verbruikerspeen en sy nimmereindigende vloed nuusrillers los te skeur en die boompie in die swart plastieksak en jou graaf te vat en na buite te stap om 'n gat te grawe nie. Dis moeilik.

Gelukkig laat bome nie hul groei deur die mens se oortuigings bepaal nie. Dit kan maar 'n onseker en bang mens wees wat buite in die koue afbuk om die grond en kompos in die gat te meng. Hy kan maar oomblikke van wanhoop ervaar as hy aan sy drie maand oue kind in die huis dink terwyl hy die grond om die klein stammetjie van die boompie vasdruk. Hy kan ook aan die mens se vermoë tot liefde twyfel as hy buite met die tuinslang in sy hand staan en kyk na die water wat in die grond verdwyn.

Bome druk hul wortels diep in die aarde in en groei deur burgeroorloë, revolusies en tye van vrede. Die boom voor die sluipmoordenaar se kamervenster dra net so goed soos die een in sy slagoffer se agtertuin.

Bome staan onvoorwaardelik in diens van lewe op die planeet en maak onverpoos suurstof om die planeet te onderhou. Bome se liefde is werklik onvoorwaardelik en selfs die dwaas der dwase kan van hul vrugte pluk.

In tye soos dié bied bome vertroosting. 'n Mens moet hulle net plant. - RYK HATTINGH

# FYNPROE MET NETTIE PIKEUR

## VOEL HOE DRAAI DIE WEER en maak 'n herfspot vir die vriende

**DIE** Kapenaars kla alweer oor die weer. Ek dink soms as dit nie was vir die Nederburg-wynveiling, huiskoop in die Bo-Kaap, hoekom ons so arm en die Ruperts so ryk is nie, sou ons oor niks anders as die weer gepraat het nie.

Siestog, en daar word mev Rupert aangehaal wanneer sy sê haar man het so krom geword van die ouderdom, sy moet haar skoene uittrek as hulle foto's neem. Oom Anton is nietemin wat voorkoms betref, nog steeds chic incarnate - die enigste Suid-Afrikaanse man wat wat ek ken wat 'n outydse swart jas by 'n aandpak dra.

Die weer hét toe gedraai, not a minute too soon. Februarie en Maart is omgeruil sodat ons in Februarie heerlike lente gehad het en in Maart gehyg het van die hitte. Maar vandag reën dit vlae oor die berg, regte swiepreën, en tussenin sif dit tot alles papsopnat is.

Nee, dis nog te vroeg vir boontjiesop en kluitjies. Maar eet moet ons eet, dus staan Mies Pikeur so half troosteloos voor die vleistoonbank en wonder oor die gesprek van gisteraand oor geld vir kos. As ek nóg één keer hoender moet eet, sê neef Jan, begin ek kraai. En vars vis is te duur, voeg nog iemand by. (Weet ék van duur vis - R40 vir twee middelslag-geelsterte, die visman kan dit self loop opeet.) Groente eet ons in elk geval, maar ons het vleishonger.

Nouja, aangesien ons almal arm is, die pryse van alles styg, van brandstof tot meubels en mooi lakengoed, en die belastingman het ons geskraap dat net kop en grate oorbly, kan ons net sowel weer skaapvleis eet. Niks met skaapnekbredie verkeerd nie, en as jy gaste wil beïndruk, pienk lamsboud. Als kos baie geld, en so what? Dis met dié soort can't care-attitude dat mense weer kredietkaarte begin uithaal en bespreek vir naweke by die hydro.

**DIE WONDERLIKE FRANSE** docteur Edouard de Pomiane - koop tog al sy boeke as jy hulle kan kry, dis die sussendste leesstof wat ek ken - was tog te lief om sy vriende informeel te onthaal, by wat ons 'n braai sou noem. Maar dit was effens anders ... ek haal aan:

"Ek plaas 'n huisie knoffel in 'n klein snytjie van die lamskouer, wat sonder been 2,3 kg weeg.

"Kwart voor twaalf vul ek die regop stofie met rooiwarm kole en voeg nog kole by. Ek blaas met die blaasbalk. Die kole gloei. Ek smeer botter oor die vleis en strooi sout oor. Ek spit die vleis en plaas dit voor 'n coquille ('n ronde metaalskerm met 'n drupbord om die sousies op te vang). Binne 'n halfuur word die vleis blond, dit bloos, word goud en dan rosig rooi. Elke 10 minute draai ek die spit 'n halfsirkel om. Uiteindelik gooi ek een glas water in die coquille. Dit meng met die botter. Ek bedruip die vleis twee keer met die vloeistof.

"Dit is halfeen. My vriende kom aan, hul neuse wikkel, hul gesigte verhelder... daar is 'n heerlike reuk van gebraaide vleis."

Is dit nie 'n prag van 'n beskrywing nie? Die liewe docteur sou 'n ander soort lam as ons gebruik het, seker 'n baie jong enetjie wat só gou gaar word, maar die idee van 'n coquille klink vir my fantasties, en ek kon nog nooit verstaan hoe mense die goddelike vleissappe uit 'n braai op die kole kon laat wegdrup nie.

Memories of Gascony van Pierre Koffmann is letterlik dit - 'n boek oor sy kinderjare in Gaskonje, hoe hulle geëet het, hoe die seisoene verander het, hoe sy grootouers egte Franse peasants was wat volgens die maan gesaai en geoes het. Boonop is Pierre 'n driester-kok, en daar is watertand-resepte in dié mooi boek. Hier is een, ook vir lamskouer - ek vind dié snit so handig, en hoewel nie goedkoop nie, tog ekonomies.

En sjoe! Dis nou 'n herfspot om 'n tafel vol vriende te behaag.

### EPAULE D'AGNEAU A LA BOULANGÈRE

Verhit die oond to 200 grade. Rol 'n ontbeende lamskouer van sowat 1,8 kg op en bind vas. (As jy nie weet hoe nie, vra jou slagter om dit te doen, of koop 'n voorbereide een by een van daardie Duitse delikatesses) Druk stukkies knoffel in die vleis. (Ek hou nie van die gewoonte nie, maar dis 'n kwessie van smaak, soos Leipoldt gesê het.)

Verhit 3 lepels eendvet (wat! gebruik sommer botter) in 'n braaipot, plaas die lam daarin en braai in die warm oond vir 40 minute, en bedruip gereeld. Braai dan 2 groot uie, in ringe gesny, eenkant in 'n pan tot goudbruin. Skil 4-6 groterige aartappels en sny in dun skyfies, en rangskik hulle onder in die braaipot ná jy die lam vir eers uitgehaal het. Sprei die uie bo-oor en voeg 'n halfkoppie water by. Strooi tiemie oor die aartappels.

Plaas die lam bo-op en bak vir nog 30-35 minute tot die aartappels gaar is. Bedruip die vleis en aartappels af en toe.

Proe vir sout en peper en bedien blitswarm.

**DAAR IS 'N OU** Franse resep vir lamsboud met 'n interessante sous en 'n ongewone geur. Jy braai die boud soos jy dit verkies, en maak 'n sous apart van uie en tamaties, 'n lourierblaar, 'n bietjie suiker en olyfolie. Dié kook jy tot sag en druk deur 'n sif of die menger vir 'n gladde sous, apart van die vleissousie.

Maar die laaste deel is interessant: net voor die braaiboud tafel toe gaan, flambé jy dit met pastis, of enige likeur met 'n anysgeur. Vir al wat ek weet, werk ouzo, daardie dodelike Griekse drank, net so goed. Die anys verleen 'n eienaardige geur aan die lam, en dit was by die eeuwending in Parys 'n gewilde gereg in kafees waar verslaafdes aan absinthe hulle des moers gedrink het.

Parysenaars is nou nog lief vir pastis, maar hulle gebruik dit selde in die kombuis. Elizabeth David gee wel iewers anyslikeur as 'n geurmiddel by kreef, en selfs sy erken dit klink snaaks, but don't knock it till you've tried it.

Die Grieke is natuurlik mal oor lamsvleis, en nou die aand het vriend Michiel weer vir ons youvetsi gemaak - heel gebakte lam met daardie wonderlike pasta wat lyk soos rys. Dit was als bymekaar in die pot, en ons slimmes wat weet van dié heerlikheid, het die effens aangebrande lamsvleissap-pasta van die kante van die pot afgeskraap.

Met die draai in die weer en gedagtes aan skaapvleis, gaan bekyk ons die wynrak: hoe lyk dit met 'n glasie merlot? Mens kan tog nie van Marthinus se Baronne lewe nie... Volgende week kook ons met rooiwyn.


HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW C-LEVEL
Sfuzy's
SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406





Foto's: GAVIN BEZUIDENHOUT

# maanlig**musiek**mampoer

**Rustler's Valley** se jaarlikse musiekfees is beslis 'n hoogtepunt, sê **ESMA ANDERSON** (wat weggebly het van die mampoer, hoog geraak het op die musiek en ver gaan stap het in die maanlig)

**AS** die compère op 'n musiekfees gedurig sê: "People, come down from the mountains, crawl out of your tents, the band will start playing in a few minutes," dan weet jy dis nie die Randse Paasskou of Ellispark nie.

Die happy campers by Rustler's Valley se musiekfees in die Suidoos-Vrystaatse berge laat ook nie op hulle wag nie. Tentflappe wapper oop en mense stroom die musiektent binne. Daar word gedans dat die stof (of ná Sondag se reën die modder) so staan (of spat).

Laasjaar het die musikante en hul toerusting natgereën en moes die musiek 'n ruk lank ophou, maar vanjaar het die organiseerders 'n reusetent opgeslaan waaronder die musikante en musiekliefhebbers (so 1 400 van hulle) steeds golwe kon maak sonder om nat te word.

Maar vir sommige was die natuur net een te veel ná Sondag se aanhoudende, deurdringende reën en dié wat Saterdagaand dit nog kon regkry om taamlik vars en "with it" te lyk, het dit Sondag finaal verloor. Die koue wat saam met die reën opgedaag het, het menigeen laat gryp na mampoer ('n local brew wat nimlik "Rustler's Valley Moonshine" gedoop is).

Maar behalwe vir Sondag se koue en reën, was die dae heerlik sonnig en die nagte verkwikkend koel met 'n reusevolmaan - volmaak vir 'n wandeling in die veld.

Soos laasjaar, was daar baie hippies, tente, teepee's, 4X4-voertuie en drank, kos-, juweliersware- en klere-stalletjies, bands wat hul eie kasette verkoop het en 'n Krishna-tent met "Karma-free vegetarian food". Maar ook baie humor en entrepreneurskap - soos die ou wat met 'n breë glimlag sy skottelskaar nader gesleep het en stirfry verkoop het reg oorkant die Krishna tent met 'n plakkaat wat sê "Karma full stirfry" - want dis vol goeie karma, sien.

**EN DIE MUSIEK?** Nadat 'n kragonderbreking Vrydagmiddag die program met 'n hele paar uur vertraag (en 'n hele paar skommelinge veroorsaak) het, het die musiek Vrydagmiddag so teen vyf-uur met mening begin.

Hulle sê mos 'n prentjie is 'n duisend woorde werd en 'n mens wil amper sê musiek kan 'n duisend harte saamsnoer. Daar is geen beter bewys as juis dié musiekfees en sommige van die bands wat gespeel het nie.

Wie het nou ooit gedink dat metalhead-hippies (ek het self gedink dis 'n selfweerspreking, maar glo my hulle bestaan wel - hordes van hulle) die mistieke musiek van The Earthlings sou kon waardeer?

'n Digter-musikant het onlangs oor dié groep gesê "hulle sit daar en blaas daai snaakse pype (didgeridoo's) van hulle en dink dit maak van hulle sjamaans", maar ondanks dié tipe sinisme van sommige het die suiwer, magiese trefkrag van dié groep almal besiel.

Dit is dalk ook nie toevallig dat die maan Vrydagaand opgekom het terwyl dié groep gespeel het nie - gehurk in 'n halfmaan in rooi beligting met Ushka se dans soos die aardritmes van die volryp maan, wisselende getye en stygende of sakkende son - het menige aanskouer waarskynlik soos 'n voyeur gevoel wat 'n vrugbaarheidsritueel of mistieke seremonie aanskou. Tog het 'n mens iets vreemds voel roer, iets baie basies, primitief en aards - 'n spiritualiteit wat ons verloor het toe ons uit ons grotte en grashutte gekruip het na "die beskawing".

'n Mens is nie net deur die visuele effekte bekoor nie, maar ook deur die wonderlike klanke wat dié groep uit hul didgiridoo's, tromme, fluite, shakers, kitare en saxofoon optower. En dit was ook nie dat almal skielik met die maan gepla was nie.

Die rockerige nommers van Steve Fataar en Kenny Henson se band het die mense ook meegesleur. Selfs die enkele covers wat hulle gedoen het was uitstekend en "Sympathy with the devil" was 'n treffer. Dit was ook 'n genot om na die bedrewe musikante Landscape Prayers van Durban te luister.

**MAAR THE STREAKS** van Kaapstad was Vrydagaand 'n groot teleurstelling - en net weer 'n bewys dat dronk mense enige snert sal opvreet. Buiten hul gewilde nommer "Wake Up", wat nou ook gereeld op Radio 5 te hoor is, het die meeste liedjies maar presies dieselfde geklink, almal op dieselfde ou lees geskoei.

Maar hulle kan perform sien, en dis dalk hoekom dié groep so gewild geword het. Persoonlik dink ek hulle moet maar eerder hou by moonlight streaking of liefs die kaskenades op die verhoog verruil vir 'n paar ekstra ure in die oefenkamer. En wat die lirieke betref, very deep man. Reëls soos "Unite, people come together" (wat seker 30 keer herhaal word) en "Hey, hey, what you do today". Nou ja toe.

Pet Rock, ook van Kaapstad, was aansienlik beter en het meer opgelewer as wat hul naam beloof. Veral verfrissend was die bluesy nommers met hul hul sanger Cathy, 'n klein vrou met 'n groot stem wat meesleurend sing, kerm en skree het. Net jammer hulle het so baie covers gedoen.

So van blues gepraat, die Blackwater Blues Band was soos gewoonlik uitstekend. 'n Mens sal ver moet soek om beter populêre blues in Suid-Afrika te kry en veral 'n beter en sielvoller sanger as Joe Mbata.

**DAN WAS DAAR** natuurlik ook die Electric Petals - hulle van die band met die selferkende afshowerige, primadonnadrummer. Hul musiek klink aansienlik beter by 'n groot venue soos dié van Rustler's en die klanke swaarder en minder blikkerig. Dié groep was effens suur omdat hulle aanvanklik twee aande sou speel en uiteindelik net een kans gekry het - toe speel hulle sommer vier ekstra songs. Buiten hul eie songs soos "Sister Love", "Thank You For the Book James" en "Brave New World", lewer hulle ook 'n wonderlike weergawe van Bob Dylan se "Everybody Must Get Stoned". Hulle het nie net lekker gespeel nie, maar lekker perform ook - met 'n heerlike selfingenomenheid. Beslis een van die beste bands die naweek.

Vir my was The Genuines van Kaapstad die hoogtepunt van die meer rockerige bands. Hul lirieke is uitlokkend en verwoord die hedendaagse Suid-Afrikaanse mentaliteit en sommige van die sosiale probleme wat die jeug ervaar, veral in die townships. En met reëls soos "In South Africa, no matter if you're black or white, you're gonna feel the pain" en "I burn my brain with chemicals because I feel the pain" en 'n song oor 'n huiswerker wat deur haar base uitgebuit word, is hulle baie meer relevant as die Kwela vir Mandela-tipe bubblegum wat in ons kele afgedruk word.

Oor Two Dogs Funking kan 'n mens maar net een toeskouer se opmerking herhaal: "Jinne, dis twee wilde honde dié." Metal en headbanging staan my nie eintlik aan nie. Te raserig, was die algemene gevoel. Hulle het baie beter geklink so 'n kilometer of wat weg. Maar die naam verdien 'n darem 'n paar punte. Dieselfde geld Dolly Rockers, Ded Reckoning en Heavy Petals (om nie verwar te word met die ander Petals nie). Hou verby.

Tananas? Hulle is bekend genoeg en het weer eens voldoen aan al die verwagtinge wat 'n mens teen dié tyd aan hulle stel met nommers van hul eerste en tweede langspeler, wat beslis meer gepas was in Rustler's Valley as byvoorbeeld in Roxy's Rythm Bar.

Buiten vir 'n baie onoorspronklike naam, het Umkhonto heerlike township-beaterige nommers gelewer. 'n Mens het net die gevoel gekry dat as jy die lirieke kon verstaan, jy sou skrik vir die cliché's of die corny-geid daarvan.

Die Kaapse band N'Goi het nogal verras. Toe ek hulle tevore gehoor het, het ek hulle afgeskryf - maar dié naweek by Rustler's Valley het ek van mening verander. Miskien kom hulle net nie tot hul reg in 'n plek soos Tandoor in Yeoville nie. Hulle rapperige, Afrika-beaterige rock het baie meer klankdiepte gehad en 'n mens kon nie help om ook voor die verhoog te gaan staan en dans nie.

Die jaarlikse musiekfees by Rustler's Valley is werklik van die beste wat dié land nog opgelewer het. Of dit die Suid-Afrikaanse weergawe van die gewilde Britse Glastonbury-fees sal word, sal die tyd nog moet leer. Dit het beslis die regte bestanddele, veral goeie musiek - selfs al was bitter min van die bands wat opgetree het groot name. En miskien is dit net wat Suid-Afrikaanse musiek nodig het.

# saad in
# die boere se badwater

Die jaarlikse ATKV Kampustoneel-fees waar nuwe Afrikaanse tekste opgevoer word, het uiteindelik 'n nuwe image en voel 'n bietjie meer soos die werklike lewe. **CHARL BLIGNAUT** het tot dusver by drie produksies uitgekom. Daar's porno-sepies, sekswerkers en boere-komplotte....

### (ESKORTS)

Die Pretoria Technikon se *Eskorts* deur Braam van der Vyver vertel die verhaal van die daaglikse lewe van sekswerkers by 'n Pretoria escort agency, Willing Woman. Die "eskorts" en hul persoonlike probleme, hul redinering oor sekswerk en sosiologiese raamwerk word effektief ondersoek. Dis 'n taamlik suksesvolle realistiese teks, wat uitstekend vlot loop onder die regie van Woutrine Theron.

Van der Vyver het gelukkig nie met 'n klein rolverdeling probeer werk nie. Talle mans besoek die agentskap en hul houding jeens betaalseks spreek boekdele oor die tipiese Suid-Afrikaanse man (miskien is dit nie net 'n dramatiese verskynsel nie want ek sien die skrywer se enigste kommentaar in die program lui: "Hoere is ook mense." Charming.)

In elk geval, daar's ook 'n klomp goeie vertonings (al is die groot meerderheid studente op die fees oordramaties en bestudeerd). Bett Hoon-Pacey verskaf die ruggraat van die aksie in haar rol as Madame Hettie. Celia Steyn sit 'n uitstekende kinkel in die *Pretty Woman*-kabel - die sekswerker wat fantaseer oor uitstyg bo haar omstandighede. Anize du Plessis is 'n goeie SM-poppie. Die lektrise Lorraine Viljoen speel Koekie, 'n ou prostituut wat sit en brei en wag vir haar regulars. Sonder Viljoen sou daar min komedie op die verhoog gewees het. Haar droë opvoering is 'n een-mens cult show, ek bedoel die vrou is 'n komiese fenomeen.

Al is Van der Vyver se teks moreel verfrissend - God, die kerk en 'n klomp sosiale norme word gemaklik by die venster uitgegooi, betree dit nooit 'n vlak waar dit werklik roer of ontvoer nie.

### (SUZANNE BAD)

'n Hoogtepunt op die randfees van die Kampustoneel is die Plastic Teatergeselskap se produksie *Suzanne Bad*, teks en regie deur Cecile Dürr en choreografie deur Pinto Ferreira. *Suzanne Bad* is van die voortreflikste eksperimente wat ek al op die plaaslike verhoog gesien het en dit wil lyk asof die informele geselskap (wat ryk teater maak met min geld) uiteindelik waardering en 'n plekkie in die teaterwêreld gegun word.

Dis definitief nie almal se soort ding nie, maar in terme van 'n performance art metafoor is dit die sterkste plaaslike werk wat gesien is sedert Chris Pretorius verdwyn het.

Suzanne lê in die bad en fantaseer. Om haar is die lug gevul met mooi jong liggame wat beweeg en dans en klim en rol, half naak, geklee in ballet tutus. Hulle skreeu oor mikrofone terwyl Suzanne haar monoloog voordra. 'n Jong minnaar masturbeer in die badwater, musiek betree en reguleer die handeling en elke formele element van die opvoering het 'n ewe belangrike rol. Aan die einde kom die Voyeur vorentoe en sing 'n liedjie. Skielik staan 'n vrou in die gehoor op en begin, in 'n kragtige sopraan, saam met hom sing. Unexpressionism meets reception theory.

Die benadering het sterk ooreenkomste met die Duitse Teater van Beelde en ander eksperimente in anargie en sensualiteit. Dis so half 'n porno-rige sepie wat bestaan uit 'n reeks episodes binne 'n oomblik in hiper-realiteit.

Die akteurs voer dapper dade op, aangemoedig deur Pinto Ferreira se bewegings. Met sy Pina Bausch-agtige aanslag bly hy een van die min oorspronklike stemme in plaaslike choreografie.

Op die ou end is intellektualiserings oor die werk minder belangrik as die feit dat *Suzanne Bad* visueel so ryk is dat die gehoor vir elke sekonde ontvoer is. Dis ook 'n merkwaardige verbetering op die geselskap se laaste werk, *Scarlet - A Gothic Cabaret*.

### (G.R.Y.P.)

Die Universiteit van Kaapstad werp hul jaarlikse blik op fanatici en die ver-regses. James Blanckenberg is 'n sterk en besonder slick regisseur, maar vanjaar het sy teks hom in die steek gelaat. Ek onthou nog die twee sataniste van Port Elizabeth in hul kabaret laasjaar. Die jaar tevore het hulle Lisa Hall se *Hoenderbok War* opgevoer, 'n briljante politiese satire wat afspeel op 'n regsgesinde familie se plaas en 'n ou tannie wat met 'n haelgeweer sit en wag dat die kaffers probeer oorneem. Vanjaar is dit Hein Lottering se boerekomplot-klug *G.R.Y.P.*

*G.R.Y.P.* is 'n virus wat deur 'n mal professor namens Die Bond ontwikkel is en wat onbeheerde verwoesting saai. Intussen wil Die Bond hê die professor moet 'n superras ontwikkel. Sy eksperimente met die voorplanting van die saad van 'n half-mens/half-hond in jong blonde liggame het 'n paar keer al misluk. Wolfaardt, die slagter van Strijdom Plein, was een van sy eerste probeerslae. Nou gaan die voorplantings voort in die liggaam van die laaste van die sewe meisies wat ontvoer is (soos in die Gert van Rooyen-saak). Pretoria se geheime plan misluk uiteindelik wanneer die professor ontdek dat die meisie se haarwortels nie blond is nie. Dan sterf almal.

Dit klink soos die resep vir 'n skerp klug, maar Lottering se dialoog is so belaai met cliché's en die blonde meisie gil so aanhoudend dat dit uiteindelik net 'n satire word wat nie snaaks is nie. Dit sou miskien 'n beter Gotiese pastiche gemaak het (soos in Quentin Crisp se *Chog*). Jaco van Wyk blink uit in sy rol as die professor.

- Charles Fourie se Amstelprys-wenner, *Vrygrond*, kan vandag om 2nm en vanaand om 8nm in die Kleinteater, Pretoria gesien word. Die stuk is die eerste in Kampustoneel met 'n volle swart rolverdeling. Dit open volgende week Woensdag in die Mark-teater in Johannesburg.
- Sukovs se *'n Lam vir die Pase* deur Nico Luwes (*Aku Vang 'n Stêr*) word môre om 6nm en 9nm in die Staatsteater se Arena opgevoer. Regie deur Pieter Brand.
- Wits se *Woknakwyf!* deur Francois Venter lyk belowend. Sien resensies volgende week.

# love on the highway

Barney Simon's latest play is conceptually exciting but dramatically unfulfilling, says **CHARL BLIGNAUT** after seeing *Silent Movie* at the Market Theatre

***SILENT MOVIE*** is a great concept: it reproduces the style and spirit of the silent screen on stage. The crew get to evoke the pre-talkie days, the Laurels, Hardys, Chaplins, Keatons - the days when film was still a tiny miracle and its mere emulation of life's ups and downs was enough. And the days of stylised performances and heroines staring into the distance, slapstick and adventure.

The stories of the 20s and 30s were basic scenarios about human interaction and, in addressing them, *Silent Movie* is less of an emulation and more of a tribute, says director/playwright Barney Simon.



Leila Henriques in Barney Simon's *Silent Movie*

Eating pap as cars shuttle by. Simon's story is set in South Africa next to a highway. The backdrop is a huge rip-off of a Pierneef landscape. Dick (played by Richard Carter who has a dizzying CV) and Sputnik (an ex-Soweto socialite played by Seputla Sebogodi) live next to the road in a beat up old VW Beetle. They busk at the fleamarket to make money and live a life of clownish pathos and brotherhood. Enter Fleur (played by Leila Henriques), the classic runaway bride, wide-eyed and forlorn. A love triangle develops and the characters step up the comic, physical and emotional interaction.

All their speech is presented on signboards operated by the Caption Holder (Bongani Motsepe) and, except for the deft piano accompaniment of Tony Bentel, the play really is silent.

Simon has opted for smoothly directed simplicity to highlight a strong idea. He tells a story that everyone can relate to. But that doesn't necessarily make for gripping theatre. While the physical antics (particularly Carter's) and love story make for entertainment, the dramatic possibilities of the play remain somehow unexplored and the action unfulfilling.

Leila Henriques is the only cast member who, on opening night, actually gets her character and style down pat and she brings magic to the stage in the style of the classic silent screen heroine. But there just isn't enough of that magic to go round. As a replica, the stage space is too restricting. As a satire the humour, although targetted at the heart, lacks bite. As a tragi-comic drama the references are too narrow. (As children's theatre it's a gem.) The play happens along happily and tugs at an audience, but seems to lack a full exploration of its unique dramatic framework. They went to all this trouble to present the work, why not take it further?



Greta Scacchi en Vincent D'Onofrio in Salt On Our Skin



Isabelle Huppert en Hippolyte Girardot in After Love

# onvolmaakte feministe

*After Love* en *Salt On Our Skin* is twee prente oor komplekse, sterk vroue wat volgens die feminisme se Groot Plan niks het om oor te kla nie. Waarom kla hulle dan? vra **ANDREA VINASSA**

**DIE** Amerikaanse pers is vol stories oor die teenreaksie (backlash) teen die feminisme. Susan Faludi se *Backlash* is 'n insiggewende verhandeling oor hoe die vooruitgang van vroue in die laaste twee of drie dekades 'n venynige teenreaksie van mans en konserwatiewe magte uitgelok het. As gevolg van die feministe se obsessie met loopbaan en seksuele vryheid, sê die kritici van die feminisme, sit derduisende vroue kinderloos, familieloos en eensaam in hul yuppie pads. Doemverhale oor glasplafonne en Mommy tracks vul die "leefstyl-"afdelings van koerante. Hulle moes maar ná skool getrou het en nie gepoog het om met mans mee te ding nie.

Faludi gebruik tientalle statistieke om haar argument te ondersteun - dat vandag se vroue nie noodwendig ongelukkiger is as hul ma's se generasie nie en as hulle is, is dit nie die feminisme se skuld nie.

Alles goed en wel, sê die Franse regisseur Diane Kurys, maar statistieke help 'n mens nie eintlik wanneer jy in 'n emosionele labarint vasgevang is nie. Ek vermoed puriste sal *Salt On Our Skin* en *After Love* sien as deel van die backlash omdat hul sentrale karakters nie engele is nie. Hulle is komplekse, soms diep ongelukkige mense waarvan jy nie eintlik hou nie.

*Salt On Our Skin* se hoofkarakter, gespeel deur Greta Scacchi, is 'n snobistiese, ambisieuse lektrise, terwyl *After Love* s'n 'n neulerige, ontnugterde romanskrywer is wat deurgaans haar isolasie en emosionele holheid betreur. Maar Kurys het iets beet: Lola (Isabelle Huppert) se dilemma is een waarmee elke "bevryde" vrou haar kan identifiseer, of jy dit wil erken of nie.

**SKYNBAAR HET KURYS** nie die amptelike handboek van die feminisme geraadpleeg toe sy dié subtiel ontstellende prent gemaak het nie. *After Love* handel oor die ding waaroor Camille Paglia so bulder: die risiko's verbonde aan vryheid. Gelykheid is nie gelyk aan geluk nie.

Volgens haar negeer die radikale feministe die atavistiese dryfkrag van die seksuele en wil hulle wetboeke skryf waarmee die emosies moet konformeer.


Lola se lewe is 'n vervelige, morsige affêre, soos die lewe mos maar is. Dinge werk net nie uit nie. Lola vermoed sy gaan nooit kinders hê nie. Sy is dertig jaar oud en woon in 'n chic woonstel saam met David - dis haar woonstel, hy is die gas. Sy het pas vir Tom ontmoet. Sy is verlief op twee mans.

Probleem is David en Tom is getroud. Om dit erger te maak het hul elkeen kinders.

Marianne is lief vir David is lief vir Lola is lief vir Tom is lief vir Elizabeth... 'n Moderne emosionele mallemeule, die nasleep van die seksuele revolusie en vroue se ekonomiese onafhanklikheid. Toegegee, Lola se probleme is, vergeleke met dié van arm, verdrukte vroue wie se mans hul molesteer, nie juis noemenswaardig nie... maar die bourgeoisie is ook mense.

Was Lola 'n handboekfeminis sou sy vir David en Tom in die pad gesteek het en haar met haar loopbaan getroos het. Trouens, sy sou nooit gevoelens gehad het vir getroude mans met kinders nie. Sy sou haar nie keer op keer in die ongesonde siklus ingedompel het nie. En het haar verhaal nie tot op die been gesny nie, sou 'n mens dit kon verontagsaam as 'n konserwatiewe aanslag op morele liberalisering.

Kurys se gedetailleerde visie is nogal fatalisties en melankolies. Sy gebruik die kleinste, beuselagtigste besonderhede van die alledaagse lewe om Lola se gemoedstoestand te illustreer. Sy speel klaar met die droom van happily ever after.






*Face to Face*



Ingrid Bergman en Liv Ullman in 'n toneel uit *Autumn Sonata*



*Scenes from a Marriage*

# 'jy moenie te slim probeer **lyk** nie'

Snaaks hoe alle buitelandse sterre, hoe deftig ookal, verneder word deur M-Net se promosie-blurbs. Selfs **Liv Ullman**, een van Noord-Europa se grootste filmsterre, kon dit nie vryspring nie. **ANDREA VINASSA** het 'n halfuurtjie in 'n hamburger-restaurant met haar deurgebring

**DIE** naam Liv Ullman is sinoniem met die prente van die meesterlike Sweedse regisseur Ingmar Bergman. Daarom is dit fassinerend wanneer sy vertel dat Bergman homself verpersoonlik het in die karakters wat hy vir haar geskryf het. Al sy pynlike obsessies met eensaamheid en vervreemding het hy in haar jong, vroulike vorm ingestort - die dun lyn tussen liefde en haat, tussen droom en werklikheid, en die afskuwelikheid van die dood.

Ullman was "'n sonnige 26 jaar oud" toe sy vir die eerste keer saam met die meester gewerk het. En ná sy so goed in *Persona* gevaar het, het Bergman haar dikwels gebruik. Sy het in *Persona* 'n karakter ('n siek aktrise wat emosioneel en fisiek op haar jong verpleegster moet steun) gespeel wat baie ouer was as sy en het die emosies glad nie verstaan nie. Sy het op instink gespeel en eers vandag weet sy wat Bergman wou sê.

Sy het altesame 11 prente saam met hom gemaak en is spyt dat sy nie in *Fanny & Alexander*, sy laaste prent, kon speel nie. "Hy het dit vir my geskryf, maar toe is ek gekontrakteer om in 'n Noorweegse prent te speel."

Ontmoet 'n mens haar in lewende lywe, straal sy niks van die neurose en onsekerheid van haar Bergman-karakters uit nie. Sy is 'n valerige, vriendelike middeljarige moeder wat uit haar pad uit gaan om ander mense te akkommodeer. Net die ekspressiewe oë herinner aan die verlange en fatalisme van die karakters wat sy in prente soos *Face to Face, Shame, Scenes from a Marriage* en *Autumn Sonata* gespeel het.

**SOOS BAIE** rolprentsterre deesdae, doen Ullman ook op internasionale skaal liefdadigheidswerk. Sy is hier vir die bekendstelling van haar debuutrolprent as regisseur en as lid van Unicef.

"As Bergman nie op 'n vroeë ouderdom as geniaal aangeprys was nie, sou hy vandag nie so eensaam gevoel het nie. Hy haat groot groepe mense en verkies twee of drie kuiergaste."

*Autumn Sonata* was haar laaste prent saam met Bergman en sy het talle staaltjies om te vertel.

Sy vroulike karakters was sterker en meer kompleks as die mans, maar Ullman meen hy was nie altyd regverdig nie.

**DIE ENIGSTE SPELER** wat nog ooit in opstand gekom het teen die meester was Ingrid Bergman met *Autumn Sonata*. In dié prent oor die verhouding tussen 'n werkende ma en die dogter wat haar verwyt, het Ullman die dogter gespeel. Ullman vertel dat daar een toneel is waar Bergman te ver gegaan het in die kritiek op die ma. Die vurige Ingrid het geweier om die toneel te speel soos Bergman dit geskryf het en die twee is saam in die gang in. Terug in die ateljee was dit duidelik dat die manlike Bergman gewen het. Ingrid het nie die woorde verander nie, maar met slinkse spel het sy sy teks ondermyn. Ullman het saamgespeel om Bergman se oorspronklike bedoeling te verander - sy het die dogter soos 'n veertigjarige baba laat oorkom.

Haar eie prent, *Sofie*, handel oor 'n Joodse vrou se ervaringe in die neëntiende-eeuse Denemarke. Sy word gedwing om te trou met 'n ordentlike Joodse minnaar pleks van die Christen-skilder waarop sy verlief is.

As regisseur is sy natuurlik beïnvloed deur Bergman, maar een van die waardevolste dinge wat sy geleer het, is om haarself met gesoute tegnici te omring. "Ek het nie die fout begaan wat ander onervare regisseurs begaan nie: om hulself te omring met mense wat so min weet soos jy sodat jy nie dom lyk nie."

# nuwe blik op 'holocaust'



'n Toneel uit die Japanse komedie *Tampopo*

Vanjaar se fees-oes lyk maar karig, maar miskien maak Claude Lanzmann se tien uur-lange *Shoah* op daarvoor. Ook op die Internasionale Rolprentfees by die Seven Arts in Norwood is Pedro Almodovar se *Tie Me Up, Tie Me Down* (uiteindelik uit die sensors se kloue) en *Labyrinth of Passion*, Bertrand Tavernier se *L 627*, Juzo Itami se *Tampopo*, Beeban Kidron se *Antonia and Jane*, Nicolas Roeg se *Cold Heaven*, Neil Jordan se *The Crying Game*, Eliseo Subfela se *The Dark Side of the Heart*, Mike Newell se *Enchanted April*, Mel Brooks se *History of the World - Part I* en Federico Fellini se *Intervista*.

Lanzmann se *Shoah* moet beslis nie misgeloop word nie, sê rolprentliefhebbers wat dit in Kaapstad gesien het. Lanzmann was reeds op skool 'n kampvegter vir Joodse regte: hy was tydens die Tweede Wêreld-oorlog - hy is in 1925 in Parys gebore - 'n organiseerder vir die Resistance en ná 'n letterkunde-graad het hy begin navorsing doen aan die Berlynse Universiteit. Hy is later tereggestel omdat hy die Manifesto van die 121 help skryf het - dié dokument was 'n protes teen die Franse verdrukking van Algerië.

As skrywer het Lanzmann hom toegespits op die konflik in die Midde-ooste en in 1970 het Lanzmann besluit om rolprente te maak. Hy het in 1974 aan Shoah begin werk, 'n proses wat sewe jaar sou duur.

*Newsweek* se Edward Behr het só oor Shoah geskryf: "We thought we knew all about the Holocaust - if not from wartime film footage, photographs and *The Diary of Anne Frank*, then from books like *Sophie's Choice* and *The White Hotel*. But along comes *Shoah*, a strange, hypnotic film, almost 10 hours long, that shocks and chills in unexpected ways.

"What makes the film almost unbearably tense, but also compelling, is not just what is said, but the voyeuristic complexity that is gradually established between the audience and the people interviewed in the film. These 'talking heads' are mostly either Jewish 'labour commando' survivors who were forced to take part in the extermination of fellow Jews or former Nazi bureaucrats. The film demonstrates that Jews were forced to contribute physically, materially and even financially to the own extermination: they helped build the camps as slave workers and manned 'welcoming committees.' But perhaps the most appalling aspect of Shoah (the Hebrew word for holocaust) is that it shows how the whole operation was conducted with calculated efficiency by people who still believe it was perfectly normal to rid the world of a species which, in their view, bore no relation to the human race. None of the Nazis on camera refer to Jews; they talk about 'merchandise' and 'transfer activities', sounding like dispassionate managers describing factory production problems and bottlenecks."

• *Shoah* se speeltye is soos volg: Sondag 18 April - 2nm Deel I; Maandag 19 April - 7.10nm Deel II; Sondag 25 April - 9vm Deel I; Maandag 26 April - 7.10nm Deel II.

